# ADRIAAN VAN JAARSVELD:

# VELDKOMMANDANT EN LEIER VAN REBELLIE (1770-1800).

The University of Cape Town

T E S I S VIR DIE GRAAD M.A.,

deur

J. I. DE VILLIERS,

UNIVERSITEIT VAN KAAPSTAD,

Oktober, 1942.

The copyright of this thesis is held by the University of Cape Town.
Reproduction of the whole or any part may be made for study purposes only, and not for publication.

The copyright of this thesis vests in the author. No quotation from it or information derived from it is to be published without full acknowledgement of the source. The thesis is to be used for private study or non-commercial research purposes only.

Published by the University of Cape Town (UCT) in terms of the non-exclusive license granted to UCT by the author.

The University of Cape Town

## VOORWOORD.

Die doel van hierdie tesis is nie om 'n biografie van Adriaan van Jaarsveld se lewe te gee nie. Die Doel is wel om 'na te gaan waarom Van Jaarsveld, die veldkommandant van 1780, geword het die Rebel van 1795, en die ter dood veroordeelde in 1800.

Historici het tot dusver geen voldoende antwoord gegee op hierdie probleem nie. Theal, sowel as Dr. P.J. van der Merwe in sy werk "Die Kafferoorlog van 1793," gee voor dat Maynier vir hierdie ommekeer verantwoordelik gehou moet word. Verdere navorsing het ons egter oortuig dat hulle verkeerd is. Die ommekeer het nie in die regeringsbeleid, of in die houding van die regeringsamptenare plaasgevind nie, maar in Van Jaarsveld self. Hierdie feit is veral belangrik in die lig van die belangrike rol wat Van Jaarsveld in die bewegings teen die regering gespeel het, veral na 1795.

My hartlike dank aan die assistente van die Kaapse Argief vir hul hulp.

- - - - - - - - -

VERKORTE VERWYSINGS IN DIE VOETNOTE.

BARROW: "Travels - Barrow J. : Travels into the Interior of Southern Africa, 2 vols. 1844."

LICHTENSTEIN: "Travels - Lichtenstein H. : Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805, and 1806. 2 vols. Van Riebeek Society, 1928-30."

MACCRONE: "RaceAttitudes in South Africa - MacCrone I.D.: Race Attitudes in South Africa - Historical, Experimental and Psychological studies. 1937."

THEAL I:"Theal G.M.: History and Ethnography of Africa south of the Zambesi from 1505 to....1795. 3 vols. (Volume III) London. 1910."

THEAL II:"Theal G.M. : The History of S outh Africa since 1795. 5 vols. (Volume I) London 1908."

VAN DER MERWE I: "Van der M erwe P.J.: Die Trekboer in die geskiedenis van die Kaapkolonie (1657-1842). 1938."

VAN DER MERWE II: "Van der Merwe P.J. : Die Noordwaartse Beweging van die Boere voor die Groot Trek (1770-1842). 1937.

VAN DER MERWE III: "Van der Merwe P.J.: Die Kafferoorlog van 1793. 1940."

WALKER: "History of South Africa - Walker A.E.: A History of South Africa." 1940.

MOODIE: "The Record III - Moodie D. (Ed.): The Record; or, A Series of Official Papers relative to the Condition and Treatment of the Native Tribes of South Africa. Parts I, III, V (Part III). 1838-41."

R.C.C. I, II, III, IV: Theal G.M. (Ed.): Records of the Cape Colony. 36 vols. (Volumes 1 - 4, respectively). 1897-1905.

ADRIAAN VAN JAARSVELD: VELDKOMMANDANT EN LEIER VAN REBELLIE (1770-1800).

---

<u>INHOUD.</u>

Voorwoord.

Hoofstuk I.......................Bladsy I.

Hoofstuk 2.......................Bladsy 5.

Hoofstuk 3.......................Bladsy 14.

Hoofstuk 4.......................Bladsy 25.

Hoofstuk 5.......................Bladsy 37.

Hoofstuk 6.......................Bladsy 59.

Hoofstuk 7.......................Bladsy 83.

Hoofstuk 8.......................Bladsy 92.

Bibliografie.

## HOOFSTUK I.

### INLEIDING.

Die laaste kwart van die 18de eeu word gekenmerk deur die geweldige skommelinge wat aan die gang was in die buiteland. Die dertien Amerikaanse kolonies het, na 'n suksesvolle oorlog, die juk van die moederland afgeskud. Die onbevoorregte en onderdrukte klasse het in 'n bloedige opstand gekom in Frankryk teen hul onderdrukkers, en die nadraai hiervan was die Rewolusionêre en later die Napoleontiese oorloë wat die hele van Europa ingesleep het.

Agter dit alles was die filosofie van "vryheid, gelykheid en broederskap," "van die natuurlike regte van die mens, ens.," wat hierdie tydstroming gekenmerk het.

Maar hierdie filosofiese dogma's het nie beperk gebly tot die Amerikaanse kolonies, of tot die vasteland van Europa nie, ook aan die Kaap is die strydkrete van die Rewolusie gebesig. Die petisie van 1779, waarin verskeie hervormings gevra word, bevat sekere kenmerke wat getuig van hierdie invloed. Selfs op die verre oosgrens hoor ons van "Die Algemene Volkstem," "Verteenwoordigers van die Volk, ""die wet van die natuur,"ens.; maar dit is ondenkbaar dat die diepere filosofiese implikasies hieraan verbonde tot die onontwikkelde boerementaliteit kon deurgedring het. Nogtans het hierdie filosofie, in sy verwronge vorm, op die oosgrens bekend geraak, en die boere besiel met 'n sterker anti-gesaggees.

Tot 1795 was die Kaap onder beheer van die Hollandse-Oos-Indiese Kompanjie. Dit was by uitstek 'n handelsonderneming en daarom was die hele administrasie daarop gemik om wins te verkry-altans 'n verlies ten alle koste te vermy. Gevolglik was die hele binnelandse handel 'n streng, nougesette monopolie, beheer deur die Kompanjie, en in die buitelandse handel het die Kompanjie en sy dienaars ook die voorkeur geniet. Daar was dus geen werklike kompetisie nie, en die boere het, behalwe die klein afgesetsgebied, ook baie geringe pryse gekry vir hul produkte.

Die kommersiële beleid van die Kompanjie het gevolglik

uitbreiding/......

uitbreiding in die hand gewerk. Die boere was geensins daartoe geneë om met die Kompanjie, wat orals voorkeur geniet het en op baie groot skaal geboer het, te kompeteer nie. Hulle wou liewers na die binneland trek. Daar was geen wesenlike struikelblokke wat die pad na die binneland versper het nie. Gepaard hiermee het die Kompanjie 'n baie aantreklike stelsel van grondbesit ontwikkel, naamlik die Leenplaasstelsel.(i) Die luilekker lewe van die veeboer het hulle ook gelok. Al hierdie faktore het dus meegewerk tot 'n baie snelle uitbreiding na die binneland.

Lichtenstein wat omstreeks 1800 'n toer deur die kolonie gedoen het, skets die lewenstoestande van die grensboere as volg: "When the perpetual dangers in which the solitary inhabitants of this district (Graaff-Reinet) live are duly considered, when we reflect that they are continually in apprehension of the inroads of these most uncouth of all savages, the Caffres, who swarm the neighbourhood, and of the bands of Christian deserters and fugitive Hottentots who are roving about, it is scarcely to be comprehended how they can have any pleasure in existence ..... An eye-witness alone can properly judge of the joyless state of existence to which these people seemed to be doomed." (ii) Onder die menige gevare wat die boere bedreig het, het hulle nie veel afleiding gehad om die eentonigheid te verbreek nie. Hulle het, as gevolg van die groot plase en die verkeersmoeilikhede, meer en meer geïsoleerd geleef, en selfs min met hul eie bure in aanraking gekom. Uit die aard van hul lewenswyse en lewensomstandighede, het hulle sekere tipiese karaktertrekke ontwikkel. Hulle was uiters indiwidualisties, soms egoïsties, en onwillig om hulself aan gesag te onderwerp. Teenoor hul sosiale minderwaardigers het hulle baie eiematig en hooghartig opgetree, terwyl hulle onderling baie maklik tot kwaaivriendskap geraak het oor betreklike nietighede. (iii)

In die binneland het die boere drie inboorlingrasse ontmoet,

die...

(i) Walker: History of South Africa, p.p. 94 - 96.
(ii) Lichtenstein: Travels, p.p. 445 - 446.
(iii) MacCrone: Race-Attitudes in South Africa, p.108.
Lichtenstein: Travels, p.p. 453 - 454; Walker: History of South Africa, p.103.

die Hottentotte, die Boesmans, en die Bantoe. Eersgenoemde het nooit ernstige weerstand teen die boere gebied nie, en was gewillig om hulself by die boere te verhuur as wagters en plaasvolk. Die boere het nie 'n baie hoë dunk van hulle gehad nie en hulle soms wreed behandel.(iv) Die Boesmans was 'n baie primitiewe ras en het baie besliste, sowel as aanhoudende weerstand gebied teen die indringing van die boere in hulle gebied. Vanaf 1770 het hulle die boere begin lastig val, en in die jare '90 was hul weerstand nog geweldig kwaai. Die boere het hulle beskou as diere, en het hulle as sulks doodgeskiet waar hulle kon. (v) Omstreeks die jare 1770 - 1775 het die boere vir die eerste keer kontak gemaak met die Bantoe, aan die oewers van die Groot Visrivier. Dit was die beskaafste ras van die drie met wie die boere in aanraking gekom het. Hulle het 'n baie hoër kulturele peil as enige van die ander twee bereik. Hulle het die akkerbou beoefen, maar hulle was by uitstek jagters en beesboere. Hulle grootste belang was dus in die grond en as konkurrente oor die weiveld het hulle met die boere, wat ook veeboere was, gebots. Terwyl die boere in 'n noordwestelike rigting uitgebrei het, het die Bantoe afgetrek in 'n suidwestelike rigting - hulle moes bots; en die botsing het begin in die laaste kwart van die 18de eeu, om en by die Groot Visrivier. (vi)

Aanvanklik het die regering die uitbreiding van die boere probeer belet, omdat hulle gevaar geloop het om die boere se rekognisiegelde (belastings) kwyt te raak. Na 1770 egter het die regering nog 'n groter rede gehad waarom die stroom gekeer moes word, naamlik die gevaar vir 'n botsing tussen blank en Bantoe, wat ontsaglike finansiële uitgawe kon meesleep. Goewerneur Van Plettenberg het in 1778 self na die oosgrens gegaan, en met verskeie kafferkapteins, wat hy ten weste van die Visrivier aangetref het, reëlings getref, waarvolgens die boloop van die Groot Visrivier en die Boesmansrivier as skeiding tussen Blank en Bantoe sou dien. Hy het spesiaal klem daarop gelê dat die kaffers nie met hulle vee ten weste van die Visrivier moes kom nie. Hy het ook die boere ten strengste verbied

om/....

(iv) Ibid., p.p. 99 - 100.
(v) do. p.p. 100 - 101; Van der Merwe II: p.p. 12 - 13.
(vi) Van der Merwe I, p.p. 259 - 260.

om hierdie grensskeiding te oorskry, en het hulle weer verbied om vee met die kaffers te ruil, omdat dit maklik aanleiding kan gee tot vyandelikhede. (vii) Die regeringsbeleid ten opsigte van die kaffers was dus 'n vredesbeleid, sowel as 'n segregasie-beleid. Hulle het egter nie die nodige middele tot hul beskikking gehad om hierdie beleid deeglik uit te voer nie en die reëlings is telkemale verbreek. 'n Hewige botsing was aa kom.

Dit was die algemene agtergrond waarteen Adriaan van Jaarsveld in die laaste kwart van die 18de eeu opgetree het, eers as veldkorporaal, toe as veldwagmeester, veldkommandant, heemraadslid en krygsoffisier en uiteindelik as leier van die rebellie van 1795.

* * * * * * * * * *

(vii) Ibid., p.p. 261 - 266.

## HOOFSTUK 2.

## VAN JAARSVELD TEEN DIE BOESMANS EN DIE KAFFERS ( - 1770 - 1781).

Op 17 April 1770 skryf Adriaan van Jaarsveld aan die Landdros van Stellenbosch dat hy, as veldkorporaal agter Soutrivier, 'n kommando teen die Boesmans gelei het, en ses van hulle doodgeskiet het (1). Later in dieselfde jaar het die veldkorporaals, anderkant Soutrivier, 'n gesamentlike kommando teen die Boesmans gestuur, en 'n aantal van h hulle doodgeskiet (2).

So het Adriaan van Jaarsveld sy militêre loopbaan begin.

In die volgende jaar het die Boesmangevaar ernstiger afmetings begin aanneem. In Mei het van Jaarsveld rapporteer dat hulle by plase in die Sneeuwberge ingebreek het, 3 volk vermoor het en 900 stuks vee gebuit het. Die boere in die omtrek was genoodsaak om te vlug, as gevolg waarvan Van Jaarsveld aan die hoof van 'n kommando van 30 man teen die Boesmans uitgetrek en 92 van hulle doodgeskiet het (3). Maar die toestand het al hagliker geword, sodat Van Jaarsveld in April 1773 skryf: "the innermost men suffer as much as the outermost." Hy beskryf die toestand as "This intolerable burden and suppression." Hy vra dus die regering om 'n kommando op die been te bring, aangesien baie boere reeds ruineer is (4). Dog die posisie het nie verbeter nie en in 1774 het hy aan kommandant Opperman rapporteer dat hy en die inwoners voornemens was om te trek, indien hulle nie dadelik hulp ontvang nie. Indien hulle trek sou die inwoners van Camdebo genoodsaak wees om hulle voorbeeld te volg. As die posisie dus nog gered kon word, moes 'n sterk kommando dadelik uitgestuur word om 'n beslissende slag te lewer (5).

Hierdie laaste oproep het die Landdros en Krygsraad van Stellenbosch laat besef dat die toestand uiters kritiek was. Hulle het goedgevind om 'n sterk kommando op die been te bring. Ten einde die magte op die mees effektiewe manier in die veld te stoot het hulle besluit om Godlieb Rudolph Opperman, veldkorporaal, as veldkommandant oor die ander korporaals (o.a. van Jaarsveld) aan te stel. Hulle het gehoop om hierdeur eenheid van optrede te verseker (6).

In/....

(1) Moodie: The Record III, p.7.
(2) Ibid., p.8.
(3) Ibid., p.9., Van der Merwe II, p.p.10-11.
(4) Moodie: The Record III, p.65 (Voetnoot).
(5) Ibid, p.31, 65 (Voetnoot).
(6) Ibid., p.p. 25-26.

In sy instruksies is Opperman beveel om alle moontlike pogings aan te wend om 'n verdrag met die Boesmans aan te gaan en selfs aan te bied om aan hulle soveel grond af te staan as wat hulle wou hê, sonder daardeur die boere skade aan te doen. As hulle egter nie 'n verdrag wou aangaan nie, moes hy hulle meedoënloos aanval en skiet. Hy moes die weerloses, sover moontlik, laat staan (7).

Dié kommando, wat teen die einde van 1774 teen die Boesmans opgeruk het, was slegs gedeeltelik suksesvol. Hulle het 503 Boesmans doodgeskiet en 241 gevangegeneem (8). In die noordweste van die distrik het hulle wel stiller geword, maar in die Nieuweveld en Sneeuwberge het toestande eerder versleg (9).

Die regering het geweier om verdere hulp aan die boere te verleen. Daarom moes die boere die stryd teen die vyand op eie houtjie voortsit. In Augustus 1775 het 'n klompie boere saamgestaan onder Van Jaarsveld, in 'n poging om die rowers te verdryf. Hulle het dae lank rondgesoek na hul vyand, totdat van Jaarsveld 'n klompie seekoeie geskiet en as aas op die rivierwal laat lê het. Die Boesmans het in die lokval gekom, 122 van hulle het gesneuwel, en slegs 5 het ontsnap. Later is 'n bende van 59 heeltemal vernietig (10). Dit was egter maar 'n baie klein druppeltjie in 'n groot oseaan. Die strooptogte het al hoe meer toegeneem, en die Boesmans het by die dag meer astrant en moordlustig geword (11).

Sake het egter die hoogtepunt bereik toe Van Jaarsveld besluit het om na Camdebo te trek(12). Hy het die toestande in die Sneeuwberge onuithoudbaar gevind, en baie van die ander boere met hom. Opperman het nou ook hewig beswaar gemaak teen die besluit van die Krygsraad dat hulle minder kommando's teen die Boesmans moes uitstuur. Hierna het die Krygsraad goed gevind om sy besluit te herropp en die nodige ammunisie te verskaf vir 'n kommando teen die Boesmans (13). Verskeie plaaslike kommando's

het/...

(7) Ibid, p.28; Van der Merwe II, p.p. 29 - 30.
(8) Ibid., p.30; Moodie: The Record III, p.40.
(9) Van der Merwe II, p.33.
(10) Moodie: The Record III, p.p. 44 - 46.
(11) Ibid., p.51.
(12) Ibid., p.53.
(13) Ibid., p.p.52, 65, 70, 71, 76, 79, 84; Van der Merwe II, p.p. 38 - 40.

het gevolg. Van Jaarsveld het nou as wagmeester in Camdebo nog sy steun hieraan gegee. Tot 1779 het die boere egter nie veel uitgevoer nie (14).

Nou sou Van Jaarsveld 'n belangriker pos moes beklee. Tot dusver het hy 'n voorbereidingsfase deurgemaak, voordat hy die verantwoordelike pos van veldkommandant kan aanvaar. Hy het blykbaar in hierdie eerste jare van sy loopbaan bewys gelewer dat hy die eienskappe gehad het, wat nodig was vir die pos van veldkommandant.

Ons het reeds daarop gewys dat die Kompanjie baie bevreesd was vir 'n botsing met die Kaffers op die oosgrens. Daarom het goewerneur van Plettenberg in 1778 self na die grens gegaan en ooreenkomste getref met sekere kafferkapteins, waarvolgens 'n duidelike skeidslyn tussen die boere en die Bantoe erken sou word (15).

Reeds in April 1779 het Van Jaarsveld, veldkorporaal van Camdebo en Agter-Bruintjieshoogte, rapporteer dat die kaffers nog nie oor die grens teruggetrek het nie, en dat hulle al weer praat van koring saai. Die boere het hom gevra om die kaffers te verdrywe, maar die Landdros wou hom nie hierin steun nie (16).

Tot die begin van Desember 1779 was daar geen openlike vyandelikhede met die kaffersnie (17). Teen hierdie tyd het die kaffers reeds die boere se vee langs die Boesmansrivier, in die Swellendam distrik, op klein skaal begin steel en hulle aan ander gewelddadighede skuldig gemaak(18). Die eerste vyandelikhede het gedeeltelik as gevolg hiervan uitgebreek teen die einde van 1779.

Twee kommando's, een uit Swellendam en die ander uit Stellenbosch, albei sonder instruksies van hul landdros, het uitgetrek onder bevel van burger-adjudant Pieter Hendrik Ferreira van Swellendam. Hulle het met die kaffers slaags geraak en tot

diep/....

(14) Moodie: The Record III, p.p.65, 79, 84.
(15) Sien p. 4.
(16) Moodie: The Record III, p.89.
(17) Van der Merwe I, p.p. 266-267.
(18) Ibid., p. 270.

diep in Kafferland deurgedring. Op las van Ferreira het hulle eers begin skiet nadat die kaffers 'n sarsie pyle op hulle gelos het Baie kaffers is doodgeskiet, en 'n groot hoeveelheid vee is teruggebuit, waaronder diere was wat vroeër aan die boere behoort het. Aangesien die kommando slegs uitgetrek het om geroofde vee terug te kry, het Ferreira geweier om die buit gelykop onder die manskappe te verdeel (19).

Die eintlike botsing tussen blank en Bantoe het in 1780 begin. Rarabe, die onderkaptain van die kaffers, het probeer vrede maak, maar die geroofde beeste wat hy as vredesteken gestuur het, is onderweg deur sommige van sy onderdane tussen die Koonab en die Katrivier afgeneem. Daarna het Van Jaarsveld weer vir Rarabe versoek om 'n verdrag met hom aan te gaan, maar Rarabe het nie op die bestemde tyd opgedaag nie, en Van Jaarsveld moes onverrigtersake terugkeer. (20).

'n Kritieke toestand het nou ontstaan, omdat die boere nou so dig opmekaar moes woon, as gevolg van die vlug van verskeie boere van die grens af, en 'n hongersnood gedreig het. Onder hierdie omstandighede het Van Jaarsveld in Junie 1780, die Politieke Raad gevra om hom te magtig om vrede te probeer herstel. In September het hy die vrees uitgespreek dat die kaffers die hele Bruintjieshoogte, Zwartruggens en Camdebo sou oorweldig, omdat hulle nie genoeg kruit en lood had om hulleself mee te verdedig nie (21).

Op die 24ste Oktober 1780 het die Politieke Raad Adriaan van Jaarsveld aangestel as veldkommandant van die oos-liggende velde met die rang van lieutenant (22). In die instruksies aan hom gestuur, word hy daarop gewys dat die Boesmans en die kaffers radikaal van mekaar verskil. Daarom moes hulle ook verskillend behandel word. Die Boesmans kon alleen deur geweld gedwing word om die boere met rus te laat, maar nie die kaffers nie. Met hulle,

als/...

(19) Ibid., p.271 - 272; Moodie: The Record III, p.92.
(20) Van der Merwe I, p.280 - 282.
(21) Ibid., p.282; Moodie: The Record III, p.95.
(22) St. 10/4 Ink.Br.: Goew. en Pol.Rd.- Landdros van Stellenbosch 24,10,1780.

als in zig zelfs eene vreedzame natie, zullen U.E. moeten trachten te komen tot een vast en bestendig verbond van vrede." Die kaffers moes die grensskeiding van hulle kant eerbiedig en vir altyd enige aanspraak op die gebied ten weste van die Visrivier opsê. Ook die boere moes daartoe gebring word om nie die grens-reëlings te verbreek nie, en hy moes sien dat geen boere, onder enige voorwendsel, oor die Visrivier trek nie. Die regering het verder die voorwaardes neergelê, waaraan voldoen moes word, voordat 'n verdrag met die kaffers gesluit word. Waar die boere enige skade gelei het as gevolg van die optrede van kaffers, moes hulle dit eers aan die veldkommandant rapporteer, vordat hy na die opperhoof van die skuldige kaffer kan gaan, om vergoeding te eis. Indien die oortreding deur die boere gepleeg is, moes die veronregte kaffer of sy kaptein na die veldkommandant kom, waarna hy die saak deeglik sou ondersoek (23).

Die kompanjie wou dus vrede bewaar indien dit enigsiens moontlik was. As die kaffers egter nie aan genoemde voorwaardes wou voldoen nie, moes die kommandant hulle met 'n sterk kommando oor die Visrivier verdrywe (24).

Dit blyk uit Van Jaarsveld se rapport dat 'n soortgelyke vredesverdrag wel met die kaffers aangegaan is, maar dat hulle hul nie daarby wou hou nie. Eerlank het die kaffers weer oor die Visrivier begin stroom, vyandelikhede het onvermydelik geword, en Van Jaarsveld het besluit om 'n sterk kommando teen die kaffers uit te stuur (25).

Waarom het vyandelikhede tussen die blankes en die Bantoe uitgebreek? Die vernaamste rede vir die botsing was die kwessie van grondbesit. "Die boere het die teenwoordigheid van die kaffers ten weste van die Visrivier lastig gevind. Met hul groot troppe vee, wat gemeenskaplik gewei het, het hulle die boere se weiveld verniel. Daarby het hulle groot getalle geïsoleerde grensboere onveilig laat voel ..... En in hierdie omstandighede kon sommige grensboere berispbare middele aangewend het om die kaffers te laat vertrek." (26)

Daar/....

(23) Moodie: The Record III, p.p.100-101.
(24) Ibid., p.101.
(25) Ibid. p.118 (Van Jaarsveld se Rapport oor die Oorlog).
(26) Van der Merwe I, p.279.

Daar was egter "insidentele gebeurtenisse," wat aanleiding daartoe gegee het dat die botsing juis op hierdie tydstip uitgebreek het.

Van Jaarsveld het in Junie 1780, d.w.s. voor die oorlog, geskryf: "het is vast dat de Caffers ook luÿden beroofd en tot armoed gebragt heeft die ook wel weten nooÿt geen beest van hun gehad hebben." Maar die kaffers, vervolg hy, is ook nie van alle blaam vir die botsing vry te spreek nie, omdat so baie van hulle ten weste van die Visrivier woon "daar ze een streek land hebben die overvloedig groot voor hun en veel beter als den Visrivier is, 't welk ik betuygen nu selfs gesien te hebben." Hy het nagegaan in hoeverre die bewerings dat die kaffers "leed aangedoen is, waar was," maar heeft bevonden dat een Eigelÿk van de onzen zo wel als van de hunner zig zoeken, daaruit te wakkelen, en niet een gevonden hebbende die staande heeft gehouden" behalwe die beswaar teen die onredelike handelwyse van die boere op die kommando onder Barend Bouwer (27).

Na die oorlog het Van Jaarsveld aan die regering gevra dat sekere persone van Agter-Bruintjieshoogte verwyder moes word. Die eerste rede het hy as volg formuleer: "den eersten onprevileerden togt in 't jaar 1776 (?) door den Prinsloo's gedaan, in 't Cafferslant, daar den alder eersten oproer, van den Caffers is door veroorsaakt, vermits se gebragt hebben een groote trop beesten, en kort daarop gevolgt, een gerugt van den Caffers, en Hottentotten, dat den beesten uÿt het Cafferlant, geroofd geworden is, daar toe Caffers dood geschoten zoude zÿn, tot den zelve togts voortsetting, Bothma zÿn wagen aan Hendrik Frederick Prinsloo heeft verhuurt, voor een Quantiteÿt beesten, en heeft aldus onder den duÿm medegespeelt." (28).

In die Heem- en Krygsraadvergadering in 1786 het die lede verklaar dat die laaste botsing met die kaffers "zeeker door eenige moedswillige en baatzugtige lieden g'occasioneert zÿn geworden." (29) Van Jaarsveld en ander vooraanstaande boere was by

hierdie/....

(27) St. 20/2 Uitg. Br., Landdros en Heemrade. A. van Jaarsveld 22.6.1780.
(28) Sien p. 15 i.v.m. hierdie brief.
(29) G.R. 1/1 Notule van Landdros en Heemrade, 13.11.1786.

hierdie vergadering teenwoordig, sodat ons kan aanneem dat hierdie verklaring ten minste gegrond moes gewees het.

Landdros Woeke het in dieselfde jaar 'n berig aan die goewerneur gestuur, waarin hy verklaar dat volgens die inligting wat hy kan inwin, Willem Prinsloo in 1779 'n kaffer doodgeskiet het onder voorwendsel dat hy een van sy skape gesteel het. Die kaffers het hiervan gehoor "waarop den kaffers eenen opstand en inval onder de Ingezeetenen hebben gedaan." (30).

Reeds in 1780 het Landdros de Wet sy vrees te kenne gegee dat die optrede van Willem en die ander Prinsloo's die kaffers in 'n oorlog sou wikkel (31). Selfs Campagne in sy "Berigt", wat deurgaans baie sterk bevoordeeld is ten gunste van die boere, verklaar: "Waren zo wel de bazen als ingezetenen binnen de paalen der welvoeglÿkheid gebleven, nimmer zoude de Comp. met ged. naturellen in de jaare 1780 in oorlog zÿn gekoomen."(32).

Alhoewel die botsing onvermydelik skyn te wees, nogtans het die optrede van sekere onverantwoordelike grensboere, veral die Prinsloo's, hierdie botsing verhaas.

Van Jaarsveld het op 23 Mei Kaptein Koba gebied om met sy gevolg na die ooste kant van die Visrivier te trek, en hulle het baie teen hul sin, sy bevel gehoorsaam. Hiervandaan het die kommando na Agter-Bruintjieshoogte getrek, waar dit dringend noodsaaklik geword het om die kaffers onmiddellik oor die grens te verdrywe. Op 1 Junie het die kommandant die kapteins, wat naaste was, gelas om te trek en die gesteelde vee terug te gee. Die volgende dag was hulle nog daar, en het nou prontuit geweier om te trek. Toe hy hulle op die 6de Junie nog daar vind, en toe hulle weer, soos op 2 Junie, tussen die boere met hul wapens begin indring, het Van Jaarsveld onraad gemerk. Hy het toe besluit om eerste te skiet, anders kon die kaffers hulle moontlik oorrompel. Gevolglik het hy sy manskappe gelas om in twee rye

te/....

(30) Van der Merwe I, p.277.
(31) Ibid., p.273.
(32) V.K. 76 Campagne: Berigt, p.p.210-211.

te staan, sodat hulle beide na voor en na agter kan skiet. Hierna het hy al die tabak, wat die boere by hulle gehad het, bymekaar gemaak, in fyn repies gekerf, die repies aan die kaffers gegooi en vir hulle geroep om dit op te tel. In hul gretigheid om die tabak in hande te kry, het die kaffers alle ander planne laat vaar, en uitgehardloop om die tabak op te tel. Van Jaarsveld het toe bevel gegee om te skiet, en die drie kapteins, met al hul weerbare manskappe, het gesneuwel. 800 stuks vee is van hulle gebuit.

Op die 10de Junie het die kommando van die plaas van Willem Prinsloo, waar hulle tot dusver kampeer het, na Bosberg vertrek. Twee kapteins is hier aangeval en 1030 beeste buitgemaak. Die kaffers wou egter nie vrede sluit selfs op voorwaarde dat hulle hul vee sou terugkry nie. 'n Aantal burgers het hulle toe in die nag verras en teruggedrywe. By die Boesmansrivier het hulle Kaptein Langa aangetref, en hom maklik beweeg om oor die Visrivier te trek. Twee ander kapteins in die nabyheid, het bang geword en gevlug.

Die kommando het op die 19de Junie ontbind en weer op die 9de Julie bymekaargekom. Die kommando het nou bestaan uit 92 blankes en 40 Hottentotte. Hulle het Kapt. Tatthoe met al sy weerbare manne by die samevloeiing van die Groot- en Klein Visrivier verpletterend verslaan; daarna het hulle twee ander kapteins by die Kowierivier aangeval, maar meeste van hulle het hul toevlug in die digte bosse geneem. Op 19 Julie is die kommando ontbind, nadat hulle ongeveer twee maande in die veld was.

Na die manskappe vertrek het, het die kommandant met die wagmeesters en korporaals beraadslaag, en besluit om bevele aan al die ander wagmeesters en korporaals te stuur, in geval van verdere moeilikhede van die kaffers. By hierdie geleentheid het almal groot tevredenheid te kenne gegee oor die uitslag van die kommando - hul doel is bereik, en die kaffers was oor die grens verdrywe (33). Vir 'n geruime tyd was die vrede met die kaffers herstel.

Van/...

(33) Moodie, Record III, p.p. 110-112; Van der Merwe I, pp. 284-290.

Van Jaarsveld se besielende leierskap, onvermoeide ywer en inisiatief was ongetwyfeld grootliks oorsaak vir die sukses van hierdie kommando teen die kaffers. Hier het hy 'n aktiewe rol in die krygsoperasies gespeel, en self die moeilikhede verbonde aan so 'n kommando ondervind. Voor die oorlog het hy sy bes probeer om die vrede met die kaffers te handhaaf, en na die oorlog het hy nooit afgesien van sy vredesbeleid nie. Dit was hoofsaaklik in sy poging om hierdie beleid te handhaaf dat hy in die volgende jare met sekere van die grensboere gebots het.

* * * * * * * * * * * *

## HOOFSTUK 3.

## VAN JAARSVELD VS. BOTMA, DIE PRINSLOO'S E.A. 1781-1786.

Van Jaarsveld se taak as veldkommandant het nie met die Kafferoorlog van 1781 ge-eindig nie. Hy moes nou die grensreëlings van 1778 handhaaf. Hy moes sorg dat geen boere, op welke voorwendsels ook al, oor die Visrivier gaan nie, en ruilhandel met die kaffers, moes ten strengste verbied word. In die uitvoering van hierdie pligte, het hy in skerpe botsing gekom met sekere van die grensboere, - Veldwagmeester Cornelis Botma, die Prinsloo's en ander.

Aangesien sommige van hierdie grensboere, en veral Marthinus Prinsloo, later so 'n belangrike rol in sy lewe gespeel het, en hom selfs uit die hande van die gesag bevry het, sal dit nodig wees om hierdie botsing noukeurig te ondersoek, en vrylik uit die dokumente te siteer.

Voor sy aanstelling as veldkommandant, het Van Jaarsveld reeds moeilikhede ondervind van sekere van die boere. In 1777 het wagmeester A.H. Krugel lasterlike bewerings aangaande Van Jaarsveld en H.M. van den Berg gemaak (1). In 1779 het van Jaarsveld gekla oor die boere wat goedsmoeds van die kommando's wegbly, sonder enige wettige redes (2). In 1780 het hy rapporteer dat hy 'n plaas in die Camdebo gekoop het, en Cornelis Botma as veldkorporaal in Agter-Bruintjieshoogte in sy plek aangestel het, "for to continue with all these disorderly Field Sergeants can lead to nothing but disgrace" (3). Blykbaar het hy Botma ook beskou as een van die "disorderly Field Sergeants," omdat hy nie sy pligte teenoor die kaffers aan hom wou afstaan nie.

In 1778 het 'n aantal burgers, waaronder Van Jaarsveld 'n versoekbrief aan die goewerneur gestuur. Hierin het hulle gevra vir 'n landdros en predikant, "want hoe meenige zÿn er hier in't velt, die reets het gebod haares Gods verlaaten en tot ons groote nadeel, God en hunne overigheeden zÿn ongehoorzaam zÿn geworden, vreesende geene van God ingestelde magt en overigheeden om-

dat/.....

(1) Moodie: The Record III, p.p. 66 - 68.
(2) Ibid. p.85 (voetnoot).
(3) Ibid., p.96.

dat zÿ van denzelven zoo verre afwoonend zÿne, denkende onze bestraffers sien het niet, hoe sal hunnen onse misdaad bekend worden onder zulken Protekal bedryfen, zÿ moetwillige ongehoorsaamhÿd, waar wÿ groote verdrukkingen te verwagten zÿn, zoo groot door uw E. agtbare middelen en magt niet gelieft genaadig te verhinderen." (4).

Van Jaarsveld het dus besef dat hy teen 'n wederstrewige seksi seksie van die grensboere te staan sou kom. Hy het egter die verantwoordelikheid aanvaar.

Al wat ons van Botma se verhouding teenoor die kaffers voor 1781 weet, is uit van Jaatsveld se brief. Hy sê dat hy sy pos aan Botma oorgegee het, behalwe ten opsigte van die kaffers, "that no harm may be done to them." Hieruit wil dit voorkom asof Botma reeds in hierdie jare berug was vir sy optrede teenoor die kaffers (5).

Wat die Prinsloo's betref weet ons dat hulle so vroeg as 1774 aangekla is, dat hulle die grensreëlings en die ruilverbod oortree het (6). Volgens die verklaring wat die Hottentot Piet, destyds by Claas Prinsloo werksaam, in 1778 gemaak het, het die Prinsloo's reeds geruime tyd 'n ekstensiewe ruilhandel met die Kaffers aangeknoop (7).

Op 3 Desember 1782 het die Krygsraad van Stellenbosch 'n brief van Van Jaarsveld behandel. Hierin het hy sekere klagtes ingebring teen veldkorporaal Cornelis Botma, Marthinus Prinsloo en Hendrik Frederick Prinsloo. 'n Kort opsomming van Van Jaarsveld se klagtes is in die notule aangegee, en kom so nou ooreen met 'n sekere brief (wat ongedateerd en ongeteken is), dat ons kan aanneem d dat hierdie brief die een onder behandeling was (8). By hierdie geleentheid/..

(4) C. 311 Memorien en Rapporten, Burgers - Van Plettenberg, 24.3.1778, p.p. 427-431.
(5) Moodie: The Record III, p.96.
(6) Ibid., p.39.
(7) Ibid., p.73, Van der Merwe, I, p.p. 163-164.
(8) St. 13/13 Ink.Br., St.13/9 Notule van Krygsraad, 3.12.1782. Die Bewyse dat van Jaarsveld hierdie brief geskryf het, is: (1) Die Handskrif en (2) Die inhoud. In punt 6 lees ons: "Heeft den gem. Botma daar hÿ door mÿ op Commando gecommandeert was." Uit die notule van 3 Desember 1782 blyk duidelik dat Van Jaarsveld self vir Botma kommandeer. In punt 7 lees ons:

"Als/....

Als ik met den tweeden Commandant David Schalk van der Merwe, beneevens 2 veldwagmeesters, op den 6 Augustus 1782, agter den Bruyns Hoogten ten huyse van den weduwee Potgieter, arriveerden", Uit die brief van 14 Julie 1783 deur van Jaarsveld geskryf, sê hy dat "ik met den tweden Commandant en twe veldwagmeesters eens gereden tot agter den bruynshoogten bŷ de Wede. Potgieter en de luyden bestelt op den 6 Augustus 1792 aldaar present te sŷn" (St. 13/13 Ink. Br., Van Jaarsveld - Landdros en Krygsraad, 14.7.1783) vgl. Van der Merwe I, p.276 (voetnoot).

---

geleentheid was Van Jaarsveld, wagmeester Kruger, Botma en die Prinsloo's ook teenwoordig in die vergadering.

Die eerste aanklag in hierdie brief, was dat die Kafferoorlog van 1781 uitgebreek het as gevolg van die Prinsloo's se eerste "onprevileerden togt" na Kafferland, en dat Botma "onder den duŷm mede gespeelt" het. Ten tweede het Botma gehelp "om den Heerden gecommiteerden Hofman en Myburg" gewapend te agtervolg, en toe hy (Van Jaarsveld) hulle stuit, het al 18 man wat in die komplot betrokke was na hom gekeer "en mŷ heeft zoeken te overrompelen." Ten derde, dat Botma "om zŷn partŷ en onredelykheid te versterken,". 'n valse berig in omloop gebring het, as sou hy (Botma) in die Kaap vir Hofman gaan pleit het by die Goewerneur. Hy sou die Goewerneur sodanig van onredelikheid oortuig het, dat hy Sy Edele "met grootlŷks verongelŷkt te hebben, hem zoude den deur uyt gejaagt hebben." Ten vierde, dat Botma verklaar het dat Willem Prinsloo deur die Heer Cornelis van der Poel gelas is om "den Caffers maar dood te schieten en voor den Overheyd te verbergen." Na deeglike ondersoek het Van Jaarsveld en Kruger bevind dat die hele storie niks anders as 'n "uitspatsel" van Botma self was nie. Ten vyfde, dat Botma in die bysyn van Jan Durand, Willem Louw en Johan Kruger, aan Van Jaarsveld gevra het om die Politieke Raad te versoek "niet in te houden of ontsien omme den prensloos strengelŷk te gelasten zig van agten den Bruynshoogten te ruymen, dat men als dan den vreden te verwagten was, maar andersins geen vreden, zoo wel onder den heydenen, als onder den Christenen, zoude te hoopen zŷn." Nou het hy ten strengste ontken dat hy dit ooit gesê het. Op 28 September 1781 het Botma 'n kommando deur

Marthinus/....

Marthinus Prinsloo "die zyn persoons presenteerden" gestaak. Ten sesde, dat Botma deur hom (Van Jaarsveld) beveel is om op kommando te gaan, maar hy het sonder toestemming Kaap-toe gery, en vir Hendrik Frederick Prinsloo, wat ook kommandeer is, saamgeneem "op zyn selfs consent." Op reis het hy by Piet Erasmus aangegaan en daar verklaar dat daar nie meer as twee van Agter-Bruintjieshoogte op kommando sou kom nie "en dat die Apen waren .....om de wyl dat ze hun Commandeeren liet." Toe die kommando op 15 Junie bymekaarkom, het 'n hele aantal persone weggebly, net soos hulle tweekeer vantevore al gedoen het. "Indien over den boven gemelden gaarn geen straf stativeert word, zal mense in toekoomende niet meer durven commandeeren, want hierby dreygt de willige, als't nu weder sonder't minste straffe doorgaat, in't toekoomende zig ook niet present te laaten vinden." Laastelik vra hy of gemelde redes nie al genoeg is "om een veltcorporaal af te keeren." Hy gaan verder: "ik mene dat die complot, hoe langer hoe sterker zullen rotteren op vertrouwen, dat het gaan mag soo als't wil, datse nogtans door hunne officier Botma zullen geret worden."

Hy het op 6 Augustus 1782 met die tweede kommandant, David Schalk van der Merwe, en 2 veldwagmeesters na Wed. Potgieter gegaan "om alle waangedrag en on Ordeninge zoo veel mogelyk is tot vreede en eendragt in een goeden ordere te herstellen, gelyk ik in't Jaar 1781, voor een teyt heeft kunnen doen." Hierdie keer was hul pogings egter vrugteloos, want Botma het kort tevore uit die Kaap teruggekeer met 'n brief wat hy aan almal vertoon het. Hierin sou die Politieke Raad dié wens uitgespreek het dat hy "tegen den begeerte der Commandanten moesten blyven ageeren als veltwagmeester agter den bruynshoogten." Gevolglik het nóg Botma nóg enige van sy onderhorige manskappe op die bestemde plek aangekom. Die Wed. Prinsloo was al een wat opgedaag het. Sy het gekla oor die onreg wat haar aangedoen was, deurdat haar plaas aan Jacob Gustaaf Tregard oorgegee is. As sy hom in hande kry, sou sy hom doodslaan, met haar "Colegie en kinderen een quantiteyt beesten uyt het Cafferlant te halen, om dan daarmede weg te trekken, en

wy/.....

wÿ kunnen voor het gelag staan."

Die lang geskrif eindig met die volgende versoek: "dat niet alleen den penslooa, maar ook Cornelis Botma, door zÿn Wel. Ee. gestrengens ordene, ten spoedigsten nogmaals werden gelast, omme sig van agter den bruyns hoogten te ruymen, en hunner woonplaatsen aan ander behoorlÿk burgers te verleenen.... eer dat meer andere er een voet op neemt en den partÿ versterkt worden, zoo zullen niet alleen den vreden met den Caffers verbroken worden, maar ook alle behoorlyke burgers van"Sneeuwberg, Camdebo en Sondagsrivier, "een moedig gesint zÿn in dien sulks van't boven gem. partÿ komt gedaan te worden dat men hun bÿ't doortrekken zal waarneemen en met geweld atiqeren en indien het mogelÿk zal zÿn hun alles te ontnemen." Indien daar geen gehoor aan sy versoek gegee word nie, sal hy sy pos bedank "eer dat men niet alleen tot een bedelman maar ook tot schanden worden, en dat door het lantsbestwillige getrouwlÿk voor te staan."

Van Jaarsveld het hierin verwys na die gebeure van 28 September 1781 (punt No.5). Volgens ander getuie het wagmeester Jacob Kruger 'n kommando byeen laat roep, en vier van hulle na Willem Prinsloo gestuur om twee Hotnots en twee kaffers daar te gaan haal, sodat hulle nie kon wegdros en die bewegings van die kommando aan die Boesmans verraai nie. Die vier burgers het op pad by Botma aangegaan. Hy het hulle uitgevra omtrent hul planne, en toe uitgeroep "dat is mÿn kaffers" en verklaar dat Kruger moes sorg dat hy die volgende dag hierdie kaffers kry. Toe het hy onder andere vervolg: "Wil jullÿ zien dat ik de Commando zal laaten omkeeren dat ik Stoffel Bota zal commanderen dat hÿ morgen avont met zÿn manschappen zal moeten by mÿn present zÿn." (9). Volgens Johan Kruger, die bevelvoerder van die kommando, het Marthinus Prinsloo by hom in die bysyn van getuies op die 28ste September gekom, en verklaar "ik maak jou bekend als dat'k met jullÿ geen commando doet en uyt orders van Botma" waarna Christoffel Bota "met zÿn rotting

geordoneert/....

(9) St. 13/13 Ink.Br., Verklaring van Hans Johannes Potgieter, 6.11.1781; Verklaring van J.E.Kotze, 5.11.1781; Verklaring van Willem Barend Zwanepoel, 30.10.1780.

geordoneert door Mart inus Prinsloo om van't Commando terug te komen tot by Botma met zyn onderhebbende manschappen." Hierna het Kruger aan hom gevra op watter gesag hy dit doen, maar Prinsloo het net geantwoord, "dat zal'k jou wel zeggen maar jy moet my laten dagvaaren."(10).

Die Krygsraad het hierdie brief deeglik bespreek, en tot die gevolgtrekking gekom dat Van Jaarsveld nie sy pligte ten opsigte van die kaffers en Boesmans deeglik sou kon uitvoer tensy Botma en die Prinsloo's "van hoger hand mogten g'ordonneert, zig met er woon uit meerm. district nader herwaarts te moeten begeeren." (11).

Na die bespreking, is die betrokke persone voor die Raad gedaag om ondervra te word. Marthinus Prinsloo was eerste aan die woord. "Onder enige bitze uitdrukkingen wierd ingebragt dat den Commandant hem niet behoorlyk had willen adsisteert teegens het geweld der Kaffers" en hom ook te na gekom het by die uitdeling van vee (12) "omtrent welke saak hy Commandant niet na regt en billykheid maar naar gunst had te werk gegaan." Hy weier om enige kommando's onder Johan Kruger te doen "vermits denzelven voor een oneerlyke man die in zyn Land of geboorte plaats op valsche wissels geld had ontfangen en geschandaliseert was geworden. Botma het met Van Jaarsveld argumenteer oor die beskuldigings wat ingebring is. Eindelik het Botma egter bevestig "dat hy den den Commandant als een braaf officier erkende, dog dat hy hom evengem. Reedenen 't Commando van gese. Kruger had verworpen en tegen gegaan." Beide Van Jaarsveld en Kruger het hulle bereid verklaar om hulself voor die Raad van Justisie teen al hierdie beskuldigings te verdedig.

Hierna is Botma provisioneel uit sy pos as veldwagmeester ontslaan (13).

Daar is nog 'n paar briewe waarna ons hier moet verwys, in verband met die verloop van sake voor hierdie vergadering.

In/...

(10) 13/13 Ink. Br., Rapport van Wagmeester Johan Kruger en veldkorporaal C. Bota, 28.9.1781.
(11) St. 13/9 Notule van Krygsraad, 3.12.1782.
(12) Vgl. Moodie: Record III, p.p. 110-112.
(13) St. 13/9 Notule van Krygsraad, 3.12.1782.

In Mei 1782 het Van Jaarsveld aan die Landdros en Krygsraad geskryf, dat Botma afgedank is as veldkorporaal "uyt oorsaak dat publiek is geworden dat d'gem. een auteur aller onbehoorlŷkhŷt van over lang geweest, en nog dagelŷks voortvaart, onder den <u>rebelleerende bende</u> die taans nog zŷnde met namen, Willem Prinsloo, Jnr., Marthinus Prinsloo, Hendrik Frederick Prinsloo, Hendrik Erasmus, Pieterzu, Hendrik Kloppers, den Wed. Prinsloo en kompanjiesdienaar Johan Adam Kyzer." Hy meld ook dat Johan Kruger op bevel van die Landdros en Krygsraad afgedank is, en dat Christoffel Bota en Jacob Gustaaf Tregard aangestel is as wagmeesters in Agter Bruynshoogte. (14).

In September het van Jaarsveld berig dat Botma en die 2 Prinsloo's gedagvaar is om voor die Krygsraad te verskyn. Hulle het die persone, wat die dagvaring aan hulle oorhandig het, uitgeskel "voor strik ruŷters en bloet suŷgers was die vant den Commandant"(15). Hierby het hy nog 'n brief van die gedagvaarde persone ingesluit. Aangesien net 3 persone gedagvaar is, en 7 hierdie brief onderteken het, vra hy of dit nie duidelik is dat dit 'n "sleep en samenrotting van een Valsche Partŷ is, hun eŷgen handige Schrift, sal reets een klaar bewys van de zaak selfs zŷn." Die brief waarna hy hier verwys het, is heel moontlik die een waarin hulle kla oor die feit dat hulle voor die tweede kommandant, van der Merwe, verantwoording moes kom doen (Die brief is, soos Van Jaarsveld beweer het, deur 7 persone geteken). Aangesien van der Merwe niks van hul saak af weet nie, vra hulle Van Jaarsveld om self te kom, en voeg spottender wys by:als u niet ryden kan, so zullen wŷ te same een wage met osse beŷ malkander make en rŷ met u same het welk tot u dienst is dan ben wŷ voor vast daar alle gaar en dan is het met eens gedaan en wŷ zal u behouden overweg brengen." (16).

In 'n brief geteken deur ongeveer 20 boere, o.a. Hendrik Frederick Prinsloo, Marthinus Prinsloo, Adam Keyzer, ter verontskuldiging van hul gedrag, het hulle baie growwe beskuldigings teen/..

(14) St.13/13 Ink.Br., Van Jaarsveld - Landdros en Krygsraad, 8.5.1782. Kursivering van my.
(15) Ibid., Van Jaarsveld-Veldkornet van der Merwe, 2.9.1782.
(16) St.13/13 - bylaag, dateer 14 Aug., geteken deur 7 persone.

teen Van Jaarsveld ingebring. Die brief is nie dateer nie, maar handel oor die gebeure van hierdie tydperk. Hulle verklaar dat hulle nog nie by Stellenbosch was nie omdat hulle geen beeste had nie, en min perde. As gevolg van Van Jaarsveld se bevel dat hulle gesteelde vee slegs kon terugneem voordat dit die Kaffekraal bereik het, moet hulle hul perde gedurig in gereedheid hou om die diewe onmiddelik te kan agtervolg. Hulle kla dat hulle moes help betaal om inwoners van Camdebo van perde te voorsien, terwyl sommige persone, soos Carel Tregard en Jan Bredekam, wat glad nie op kommando gegaan het nie, ook deel van die buit gekry het. Van Jaarsveld het doelbewus aan sekere boere meer vee gegee, as wat hulle toegekom het. Hy het sommige boere, teen sy eie bevele, toegelaat om onweerbare kaffers vir hul eie gebruik gevange te neem. Na die kommando van 1781 het hulle aan Botma gesê dat hulle alleenlik onder hom op kommando sou gaan. Van Jaarsveld het toe vir Jan Kruger as veldwagmeester oor hulle aangestel, alhoewel hy self gesê het, dat Kruger "van ouds af een nagaande van ons geweest is," dat Kruger "een onredelyk man is, dat hÿ uÿt sÿn Land gedrost is doordien hy daar valsche wissels heeft gemaakt en daarmee gelt gestolen." Hulle probeer Botma se handelwyse te regverdig deur te verklaar dat hy nie die kommando van 28 September opgeskort het nie, maar allenlik in 'n ander rigting laat intrek het. Hulle versoek dus dat Kruger afgedank word, Botma as wagmeester herstel word, en dat hulle hul vee mag terugkry. (17).

Die twis het nie op 3 Desember 1782 opgehou nie. In Julie 1783 het Van Jaarsveld weer gekla oor "het moedswillighÿt" van sommige van die inwoners van Agter-Bruinshoogte, veral Cornelis Botma, Adam Keyzer en die Prinsloo broers. "Dat de sulke ongestraft blyven daar ze haren eedt en pligt niet na komen om het lant te beschutten." Hulle het vir meer as 'n jaar versuim om die burgers van Camdebo, Zwartruggens en Sneeuwberg, wat swaar verliese in die oorlog gely het, met vee/....

(17) St. 13/13- bylaag, ongedateerd, geteken deur 20 persone.

vee te help, terwyl ander kontrye hul deel gewillig bygedra het. "Om deze onbedreven losbandighÿt te mogen herstellen" het hy (Van Jaarsveld), die tweede kommandant en 3 veldwagmeesters op 6 Augustus 1782 na die weduwee Prinsloo gery, maar die persone het nie opgedaag nie. Op die 10de Maart 1783 het hy weer met die wagmeesters Carel van der Merwe en J.G. Tregard, en 2 burgers tot op Botma se plaas gery. Hy het vooraf die getuies gevra om noukeurig te let op alles wat gesê sou word. Botma het geweier om onder wagmeester Tregard te staan "omdat den offietie hem toekomt". Die Prinsloo's het verklaar dat "zoolang er nog van hare beesten in't Cafferland is, geene bossiesmans commando te zullen doen," waarop Van Jaarsveld hulle beantwoord het"dat heeft jeluÿ buyten dien nooit willen doen." Van Jaarsveld het hulle toe beveel om op 8 April by kommandant Van der Merwe se huis te wees, waar die kommandante en veldwagmeesters sou vergader, ten einde die saak te besleg. Maar die boere het nie op die bestemde dag opgedaag nie. Botma, Keyzer, Marthinus en Willem Prinsloo het op 19 Junie by wagmeester J.G. Tregard aangekom. Hier het Botma aangekondig "uÿt naam en last van den heren weesmeesters dat die gem. plaats door hem botma soude verkogt worden" en dat die koper die gesaaide in pag sou kry. Tregard het hulle geantwoord, dat hy daar woon met die goedkeuring van die regering en "ik zal mÿ na ordere van mÿn regeringen en na die van den veldkommandanten reguleeren." Hierna het Botma homself as volg uitgelaat: "Van jaarsvelt is een lantverrader;2 waarop Marthinus Prinsloo antwoord, "ja, een land verrader en niet een enkele maar een tien dubbelden schelm is hÿ, en wÿ zullen onder hem niet staan", Botma neem weer die woord: "mÿn kinderen en kintskinderen zullen niet onder hem staan, want hÿheeft mÿn vrouw beslapen, en hÿ moet nooÿt bÿ mÿ wederkomen of ik sal hem wat anders leren."

As gevolg van hierdie en soortgelyke "onbedreven losbandigheden" sal kommandante, die veldwagmeesters en korporaals hul poste neerlê, "omme van sulke ergenisse eens ontslagen te zÿn." Van Jaarsveld vra dus 'n skriftelike bewys dat Botma deur die Landdros

van/.....

van sy pos as wagmeester ontslaan is, sodat hy dit aan ongelowiges kon vertoon. Hy vra ook dat Botma en almal wat op 10 Maart 1783 by Cornelis Botma was, gedaag word om teen Februarie 1784 by mekaar te kom, sodat hy sy saak kan verdedig. Hy eindig deur te meld dat " haarluÿ pogingen is niet anders als om met den kaffers weder aan de gang te raken."(18)

Na bespreking van hierdie brief het die Landdros en Krygsraad besluit om aan van Jaarsveld te skryf om die rusverstoorders "zo veel doenlÿk zÿn zal, in deselven kwaadwilligheÿd tegen te gaan" en hulle ernstig te vermaan om die bevele van die Politieke Raad, Landdros en Krygsraad en kommandante te gehoorsaam, "zonder daar omtrent enige de minste tegenkanting nog disobedientie te betonen, voor al geen moeyelykheid of overlast hoegenaamd aan de kaffers zullen mogen doen nog pleegen, maar allezints daar van zo wel als't intrekken in hun land moete onthouden." Van Jaarsveld en sy beskuldigers sou voor die Raad van Justisie moes verskyn om hulself te verdedig. Botma sou nog van sy pos ontslaan bly (19).

Op 6 Junie 1784 blyk dit dat Van Jaarsveld aangegaan het met die saak teen Botma (20).

Botma het op 30 Julie 1784 'n brief geskryf waarin hy diegene wat op kommando gedaag is, gebied om op 'n ander plek by een te kom op die 15de September. Almal wat deur die kaffers beroof is, moes opkom en as die kommando in "het tamboekies lant komen zal het een ÿder vrÿ staan om van die natie in huur te mogen nemen," en daar so veel vee kon ruil as wat hy goed sou ag (21).

In November 1784 het Van Jaarsveld o.a. geskryf dat Botma hom verstout om met waens in Kafferland te ry en aan ander verlof te gee om dit ook te doen, "'t welk volgens den instruksies verboden is." Hy eindig: "Mÿn Heer voor alle is nodig dat by onze hoge overhÿt versogt word dat botma, kyzer en prinsloos zig van agter den bruynshoogten sal moeten ruymen, tot vermÿding van slegter gevolgen" (22).

Dit/....

(18) St. 13/13 - A. van Jaarsveld - Landdros en Krygsraad, 14.7.1783; 14.7.1783.
(19) St.13/9 Notule van Krygsraad, 2.9.1783.
(20) Ibid., 6.6.1784.
(21) St.13/13 Ink. Br., Botma - Boere van Bruintjieshoogte, 30.7.1784.
(22) St.10/162 Ink. Br., A. van Jaarsveld - Landdros en Krygsraad 4.10.1784

Dit is dus duidelik dat Van Jaarsveld geen maklike taak as veldkommandant gehad het nie. Die twis was hewig en persoonlik, maar het geduriglik gedraai om die grenskwessie. Van Jaarsveld as voorstander van die segregasiebeleid van die regering, het gebots met sekere grensboere wat geen gesag wou erken nie, en wat vrylik handel wou dryf met die kaffers, en ongestremd heen en weer oor die Visrivier wou trek, sonder hul te bekommer oor die gevolge wat hul handelwyse kon meebring. Van Jaarsveld het hulle bestempel as 'n"rebelleerende bende" (23).

Die vraag kom nou op of hierdie "rebelleerende bende" verander het tussen 1784 en 1795, sodat Van Jaarsveld uiteindelik sy weg kon oopsien om met hulle saam te werk; of het Van Jaarsveld self een van die "rebelleerende bende" geword?

Adriaan van Jaarsveld het egter nie meer kans gesien om orde op die grens te handhaaf nie. Botma en die Prinsloo's het vir hom te veel geword. Daarom het hy in 1783 weer die Regering versoek om sy gesag nader na die grens te verskuif. Hy en kommandant van der Merwe het in April 1783 aan die regering 'n versoekskrif gerig, waarin hulle vra dat 'n predikant en landdros naby die grens aangestel word. Hulle meld "dat onze vyanden velt winnende meer en meer, ende meer onverhindert in hunne moetwil komen voor te varen." Hierdie feit kan slegs toegeskryf word "aan den verdeelthuyt en't ongehoorzaamen aan gode ordere en Commandos, 't welk door alle gezogte voorwentzels verbroken werden, en zig verlate dat den ongehoorsaamhÿt veler tot nog toe ook niet ten dele zÿn gestraft geworden." Hulle spreek die hoop uit dat die "onenigheden en disputen," "losbandighÿt en ongehoorsaamhÿt"teenoor die regering se wette, onder die onmiddellike toesag van die regeringsamptenare sal ophou, en dat effektiewe stappe gedoen sal kan word teen die roofsugtige vyande, die Boesmans (24).

Hier het Adriaan van Jaarsveld se loopbaan as veldkommandant van die oos-liggende velde ge-eindig. Van 1786 sou hierdie pos ingesluit word in die landdrosamp. Van Jaarsveld sou nou 'n ondergeskikte posisie inneem, onder die gesag van die Landdros.

(23) Vgl. 20.
(24) C 280, Requesten en Nominatien, Van Jaarsveld en D.W. van der Merwe - Pol.Rd., 1.4.1783.

# HOOFSTUK 4.

## DIE OMMEKEER - VAN JAARSVELD VS. MAYNIER, 1786- Mei, 1793.

In 1779 het verskeie boere, onder andere ook Van Jaarsveld, die regering versoek om 'n landdros en 'n predikant naby die grens aan te stel (1). Van Jaarsvled en kommandant Van der Merwe het in 1783 hierdie versoek herhaal (2). In 1785 het die gebrs. Strauss weer hierdie versoek aangeroer. Hulle het daarop gewys dat die rowery van die Boesmans in daardie tyd geweldig toegeneem het, sodat verskeie boere verplig was om weg te trek, sommige selfs tot in Kafferland. Kommando's is baie ongereeld bygewoon en die aanstelling van 'n kommandant het nie die moeilikhede opgelos nie, omdat "deeze als meede, nog van partydigheid zig onthouden," nog die mag had om oortreders regmatig te straf. Die oprigting van 'n drosdy naby die grens behoort hierdie moeilikhede op te los. 'n Verdere rede waarom die oprigting van 'n drosdy wenslik geword het, was om die boere te keer dat hulle nie in Kafferland intrek nie. Hieruit kom die "vreedzame natie" dalk weer in oproer gebring word. 'n Bykomstige rede wat hulle genoem het, was die gevaar dat 'n vreemde seemoëndheid die grensdistrikte van Algoabaai kon aanval. In die afwesigheid van 'n georganiseerde troepemag in daardie omgewing, sou die vyand feitlik geen weerstand ondervind nie. Hierdeur kon die toevoer van slagvee na die Kaap afgesny word, en dit sou ook meebring 'n groot verlies aan inkomste van rekognisiegelde (3).

Die Politieke Raad het besluit om hierdie versoek aan die Here XVII te stuur "onder gunstige voorschryven van hier". Die Her XVII het toegestem dat 'n drosdy naby die oosgrens opgerig word, en op 13 Desember 1785 het die Politieke Raad vir Maurits Herman Otto Woeke, 'n ou inwoner van die dorp van Stellenbosch aangestel as die eerste Landdros van die distrik Graaff-Reinet.

Die/..

(1) C. 311 Memorien en Rapporten, Burgers - Van Plettenberg, 24.3.1778
(2) C.280 Requesten en Nominatien, Van Jaarsveld en D. van der Merwe- Pol. Rd., 1.4.1793.
(3) C 78 Resolusies, p.p. 597 - 604.

Die drosdy is in Camdebo aan die Sondagsrivier opgerig. Die grense van die nuwe distrik is as volg vasgestel: aan die weste kant, die Klein-Leeuwrivier van sy oorsprong in die Nieuweveldsberge tot waar dit in die Gamkarivier vloei, van die Gamka tot aan die Swartberge en daarvandaan langs die noordelike kant van hierdie reeks tot aan die Brakrivier, langs die Brakrivier tot waar dit in die Gamtoosrivier inloop en dan met die Gamtoosrivier tot by sy mond; aan die oostelike kant, die Tarkarivier en die Baviaansrivier tot waar dit in die Visrivier vloei en daarvandaan met die Vis tot by sy mond. Die enigste punt wat aan die noordelike kant vasgestel is, was Van Plettenberg se baken (4).

Die kollege van heemrade is op 19 Julie 1786 aangestel, bestaande uit Adriaan van Jaarsveld en David de Villiers (vir 1 jaar), David Schalk van der Merwe en Andries Petrus Burger (vir 2 jaar), Josua Joubert en Jacobus Gustaaf Tregard (vir 3 jaar). Volgens gebruik sou hierdie raad ook diens doen as geregshof in alle kriminele sake en in siviele sake waarin die bedrag wat betrokke is nie 1,000 guldens te bowe gaan nie (5).

Adriaan van Jaarsveld is ook aangestel as kaptein van die eerste kompanie (5).

Die Politieke Raad het baie klem gelê op die belangrikheid om die Visgrens ongeskonde te bewaar (6). Walker som die hele posisie as volg op: "It (Politieke Raad) merely organised a krygsraad and two mounted companies of burgher dragonders and furnished the usual ammunition and good advice"(7).

Van Jaarsveld was nou heemraadslid en krygsoffisier van die pasgestigte distrik van Graaff-Reinet. Ons hoor nie veel meer van hom tot 1793 nie.

Die keuse van Herman Woeke as Landdros van Graaff-Reinet was 'n baie ongelukkige een. Hy was nie die man om hierdie moeilike en verantwoordelike pos te beklee nie. Dit lyk of hy bevredigend

afgesit/...

(4) Theal I, p.p. 174 - 175.
(5) C. 80 Resolusies, 19.7.1786, p.p. 830-872, p.884.
(6) Ibid., p.858.
(7) Walker: History of South Africa, p.121.

afgesit het, maar algaande verswak het. Theal skryf: "After 1789 there was very little respect paid to the government authorities in the district of Graaff-Reinet. Mr. Woeke became addicted to drunkenness, and allowed a violent temper to become his master. On several occasions he poured out torrents of abuse upon the heemraden and the militia officers, which they were not slow to resent" (8).

In Maart 1789 is Honoratius Christiaan David Maynier, destyds kompanjiesklerk aan die Kaap, aangestel as sekretaris van die drosdy op Graaff-Reinet. Hy het Wagener opgevolg wat op sy eie versoek herroëpe is (9). Die nuwe sekretaris was bestemd om voor 1795 een van die prominentste persone in hierdie omgewing te word. Al gou het hy en die Landdros, wat met die meeste mense slaags geraak het, gebots.

Op 1 Julie 1792 moes Woeke opkom Kaaptoe, om met die ander landdroste te bespreek hoe die Boesmans op die allerbeste manier gesamentlik aangeval kon word. Hy het nie opgedaag nie, en aangesien dit nie die eerste keer was dat hy so wegbly nie, het die Politieke Raad dit beskou as 'n duidelike bewys van ongehoorsaamheid. Hy is gevolglik tydelik van sy pos onthef, sodat hy verantwoording kon kom doen vir sy gedrag (10). Op die 8ste Julie het 'n aantal van die vooraanstaande boere in die Graaff-Reinet se distrik, waaronder Adriaan van Jaarsveld, A.P. Burger en D. de Villiers, 'n klagskrif aan die goewerneur gestuur. Hierin het hulle gekla "dat opgem. Landdrost Woeke niet alleen van den beginne tot heden toe de onderget. ieder in't byzonder op die laagste en vuilste wyze heeft behandeld en gescholden, maar ook daarbÿ de Secretarissen zo de heer Maynier als de heer Wagener, op dezelfde wÿze heeft behandeld." Hulle het hom met niks as respek behandel nie, maar tevergeefs - hy het daarenteen al erger geword. Hy ontsien hom nou nie eers meer om "de ondergeteekendens in openbare geselschappen met allerlÿ ongepermitteerde dingen te betigten," o.a. dat hulle dronk in die vergaderings gekom het, die geheime van die vergaderings/...

(8) Theal I, p.182.
(9) C. 85 Resolusies, 20.3.1789. p.366.
(10) Theal I, p.212, G.R. 1/1, Notule van Landdros en Heemrade, 21.9.1792; C.97 Resolusies, 2.7.1792, p.765 e.v.

vergaderings verklap het, "en maar verdoemde Africaaners zyn" ens. (11).

Toe hy in die Kaap arriveer het, het Woeke 'n hele reeks beskuldigings teen Maynier ingebring.(12) Maynier het egter nie veel moeite gehad om homself hierteen te verdedig nie(13). Op 6 Desember 1792 is Woeke uit sy amp as landdros ontslaan. Die Politieke Raad was tevrede met Maynier se verdediging, en op 20 Maart 1793 is hy aangestel as provisionele landdros in opvolging van Woeke. Volgens die Politieke Raad "is toegescheenen thans in niemand te zullen aantreffen meer requisiten tot de vervulling van het geciteerde teegenswoordige vacant zynde ampt van Landdrost te Graaff-Reinet als in voornoemde Maynier, dewelke by de kennis van de Huyshouding en het locale in 't evengedagte district ook komt te panen al dat beleid en in voorzigtigheid welke in de presente omstandigheeden van zaaken noodsaakelyk worden vereyscht in den geenen wien men de voorz. gewigtige post gedragen zal (14).

Dit was wat die Politieke Raad van Maynier gedink het. Binnekort sou hy uitvind dat sekere van die boere nie dieselfde dunk van hom gehad het nie. (15).

Op 6 Mei 1793 het Maynier sy eerste gekombineerde Heem - en Krygsraadsvergadering te Graaf Reinet bygewoon as provisionele Landdros van daardie distrik. Die regeringspapiere is voorgelees en daarna het Van Balen (destyds agerende landdros), Jhannes Jacobs en Stephanus Naude hom gelukgewens op sy aanstelling. Skielik egter het Van Jaarsveld gevra of die regering geen verdere papiere gestuur het nie, en toe sy vraag negatief beantwoord is het hy driftig opgestaan en gesê: "Neen, daar oponeer ik my tegen en ik maak my Complt. en bedank die vergadering..... die my lief heeft volgd my." Kaptein Andries Petrus Burger en Heemraad Abraham Paulus van der Berg het toe opgestaan, gereed om/...

(11) C 98 Resolusies, Van Jaarsveld e.a. - Goewerneur, 8.7.1792, p.p. 459 - 477.
(12) C 98 Resolusies, Woeke - Goewerneur, p.p.632-641.
(13) C.101 Resolusies, p.p. 719 - 767
(14) C 102 Resolusies, 20.3.1793, p.p. 257-270.
(15) G.R. 1/1 Notule Landdros en Heemrade, 6.5.1783 (Kursivering van my).

om met Van Jaarsveld die vergadersaal te verlaat.

Van Balen het hulle teruggeroep en aangeraai om weer hul plekke in te neem. Van Jaarsveld antwoord hierop" Dit is mÿ om't even laat er dan van koomen wat er van Wil, ik kan geen godsdienst-oeffening bywoonen nog het avondmaal gebruÿken, indien het geval met Maynier niet eerste afgedaan is, en ik moet waaken voor alle populaire beroertens ik kan met Maynier niet sitten." Hy wou weer uit die vergadering uitgaan, maar is deur Van Baalen teruggeroep, omdat hy hom oor een en ander wou uitvra. Volgens Van Baalen het Heemraad Van der Merwe hom meegedeel dat Van Jaarsveld, "verschyde tentamens hadde gedaan om hem van der Merwe tot het teekenen teegens Maynier over te haalen, daartoe bÿbringende dat hÿ reeds een brief van de Regeering hadde ontfangen waarbÿ hem was bekend gemaakt dat die Sekretaris Maynier met die Heemraaden die voor hem geteekent hadden door den Raad van Justisie reeds gevonnisd waaren" en dat hy (Van Jaarsveld) reeds die brief aan Van Baalen vertoon het. Van der Merwe het reeds besef dat die genoemde brief slegs 'n verdigsel van Van Jaarsveld self was, maar hy wou 'n onomwonde verklaring van Van Jaarsveld self hê, voor al die lede, of hy die brief ken of nie. Van Jaarsveld het daarop verklaar dat sy woorde verdraai is, alhoewel van der Merwe bevestig dat die gesprek in die bysyn van getuies plaasgevind het. Toe begin Van Jaarsveld "wederom van nieuws af aan over populaire beroertens, goddienst en avondmaal wierd gesprooken," dog as verward en driftig dat geen aantekening daarvan gemaak kan word nie.

Hierop het Maynier geantwoord dat, indien enigeen iets teen hom in te bring het, hy gereed sou wees om die saak voor die Raad van Justisie te bring, en hy hulle ook sou help om hul klagte daar te kry. Van Jaarsveld het dit as volg beantwoord: "dat hy niets persoonlÿk teegens de Heer Maynier had, dat hÿ niks op hom te zeggen wist, en dat hÿ altoos veel vriendelÿkheeden, alles goeds en nimmer eenig kwaads van hem had genooten 't welk door alle de opgestaan zÿnde beiden wierd bevestigd." Dan bars

hy/........

hy skielik weers los "op een toon van't uiterste ongeduld" en sê "ik maak mÿ Complt. aan de vergadering en ik blyv Ue dienaar." Die drie wat opgestaan het, stap toe deur-toe, maar die sekretaris Stanhoffins roep hulle weer terug, en vra of hulle enige besondere redes wou aangee, waarom hulle nie Maynier se gesag as landdros wou erken nie. Van Jaarsveld gee hierop 'n merkwaardige antwoord, naamlik "dat de regeering iets van hem vordere dat teegens zÿn Eed en en pligt streid." Hierna het Van Jaarsveld en sy twee maats die vergadersaal verlaat.

Uit die verdere verloop van die vergadering, blyk dit duidelik dat daar een of ander soort komplot aan die broei was teen Maynier, voor sy aankoms te Graaff-Reinet as Landdros. Net na die drie persone uit is, het David de Villiers ook gevra om vereksku-seer te word. Hy het niks teen Maynier of teen sy aanstelling nie, maar Kaptein Carel van der Merwe het by sy huis, in die teenwoordigheid van verskeie persone, vir Maynier as "een finaal schelm Beeste dief en Echtbreeker" uitgeskel, en hom ook oorgehaal om nie saam met Maynier sitting te neem nie, "daartoe brengende dat Hy die geene die met Maynier zouden willen zitten voor dergelÿke schelmen hield." De Villiers erken verder met leedwese, "in drift gevloekt te hebben niet in de vergadering te zullen blÿven zitten." Maynier het hom gewys op die gevolge wat so 'n onbesonne gedrag kon meebring. Daarna het hy De Villiers verlof gegee om die vergadering te verlaat.

Die res van die lede het hierna vir Maynier felisiteer op sy aanstelling, en ge-eis dat 'n brief aan die Politieke Raad gestuur moes word, waarin die bogemelde gebeure beskryf word. Hulle vra ook dat die Politieke Raad versoek word om alle middele aan te wen, wat sou bydra tot die herstel van rus in die kolonie "opdat de zo lang gewenscht Eenggesindheid in deeze Colonie worden hersteld."(16).

Van/....

(16) Theal skryf in hierdie verband": The frank, outspoken, generous though rough colonists of the frontier were no match in argument with him (Maynier), they felt their helplessness against his representations, and detested him accordingly. At the very first

meeting/....

meeting of the court under his presidency, 6th May 1793, the majority of the district officers expressed their dissatisfaction, and were with difficulty induced not to resign their appointments" (Theal I, p.216-217), Vgl. van der Merwe III, p.17.

* * * *

---

Van Jaarsveld se gedrag by hiedie geleentheid bly 'n raaisel. Tien maande vantevore het hy en twee van die drie wat saam met hom uit die vergadering geloop het (A.P. Burger en D. de Villiers) in hul aanklag teen Woeke, vir Maynier verdedig met die volgende woorde: "Zullen aantonen hoe de Landdrost aan wie de zorg is aanvertrouwd de vrede onder de Ingesetenen te bewaaren tusschen de Ingezeetenen en de Secretaris twist zoekt te verwekken, waaruit natuurlik beroerten zoude kunnen ontstaan wegens partyschappen die op deeze wyze onder de Ingezeetenen zoude verwekt worden, en die daar niet van houden verwyt, dat zy van de Secretaris hun god maaken, en dan daarby voegd, dat de Secretaris zig besuipt en besopen ter vergadering komt en zyn dienst verwaarloost. Ik zal hem eerstdaags by de Haeren in de Vergadering over de tafel sleepen, en hem trappen dat hy barst; daar de onderget. egter onpartydig aan U Wel Edele Achtb. durven betuigen den Secretaris nooit particulier, veel minder in de vergadering, dronken gezien te hebben, en dat er anders vergeeten of verwaarloost zyn, 't doet de ondergeteeks. wonder dat er nog iets gedaan word, daar de geheele natie gevloekt en verwenscht word......"(17).

Maar in dieselfde vergadering waar hy geweier het om met Maynier te sit, het hy verklaar dat hy niks teen Maynier persoonliks had nie. Daarenteen het hy nog altyd die grootste vriendelikheid van Maynier ontvang. Nieteenstaande dit alles, het hy nie sy weg oopgesien om met Maynier sitting te neem nie, omdat dit teen sy "Eed en pligt streid". Watter "Eed en pligt" praat hy van ? Volgens sy eed van getrouheid aan die sentrale regering sou hy die amptenare van daardie regering moes erken en eerbiedig/...

(17) C.98 Resolusies, Van Jaarsveld e.a. - Goewerneur, 8.7.1792, p.p. 467 - 468.

eerbiedig. Dit moes dus 'n geheime "Eed en pligt" gewees het, wat hy nie aan die lig durf bring nie. Sy hele -houding in die vergadering skyn hierdie vermoede te versterk - hy was driftig, impulsief en onseker; sy hele optrede gee blyke daarvan dat hy op bevel van iemand anders, of met andere gehandel het, sonder dat hy veel grond vir sy optrede kon vind. Wat het hy bedoel met die woorde: "ik moet waaken voor alle populaire beroertens" ?

Die raaisel word nog onverklaarbaarder, as ons vind dat hy op 19 Augustus 1793 ootmoediglik om ekskuus kom smeek het vir sy handelwyse van 6 Mei. By hierdie geleentheid het hy sowel vir vir homself as vir A.P. van den Berg en A.P. Burger om verskoning kom vra., en verklaar "dat het hem tot een hartelÿk leedweezen verstrekten zig in de gem. vergadering van den 6 May l.l. ... zoo zeer teegens de zoo duÿdelÿk gemanifesteerde ordre van den Wel.E. Achtb. politique Raad te hebben misgreepen en de gem. vergadering te verlaaten ..... en dat zÿ allen hartelÿk wenschten da de goede harmonie weder in dezelve mogt worden hersteld, alles wat in hun vermogen was, zoude tragten te Contribueeren, om de rust en eensgesindheid weder in deese Colonie te doen herleeven." Later het hy "nogmaals betuÿgende alle hun vermogens te willen aanspannen omme ter algemeene best meede te werken"(18.).

Daar is slegs een dokument wat enigsiens 'n bietjie lig werp op hierdie raaisel.

Op 12 Julie 1791 is 'n versoekskrif van Van Jaarsveld ter tafel gelê (19). Hierdie geskrif is deur die volgende 17 boere geteken: A. van Jaarsveld, A.P. Burger, Joshua Joubert, D.S. van der Merwe, A.P. van der Berg, Carel van der Merwe, Johannes Jacobse, Jan Booÿsen, J.G. Tregard, N. Smith, A. van der Merwe, Stephanus Naudé, C. Botma, C.R. Opperman, David de Villiers, A. de Klerk en Barend Lindeque. Dit tref ons dat die name van Van Jaarsveld, A.P. Burger, A.P. van den Berg en D. de Villiers al vier voorkom. Dit is ook opmerklik dat C. Botma, een van die "rebelleerende bende" van 1784, hier met Van Jaarsveld 'n medeondertekenaar/...

(18) G.R.1/1 Notule van Landdros en Heemrade, 19.8.1793.

Theal/....

Theal noem nie hierdie feit nie. Dr. van der Merwe skryf slegs dat die 3 lede wat op 6 Mei uit die vergadering gestap het, "het wel weer teruggekom en verskoning gevra, maar uit die notule van die vergadering blyk duidelik dat daar nog nie eensgesindheid was nie" (Van der Merwe III, p. 37).

(19) G.R.1/1, Notule van Landdros en Heemrade, 12.7.1791.

*.*.*.*.*.*.

---

ondertekenaar is. Dit is ook treffend dat S. Naude, wat later een van Maynier se grootste vriende geword het, hier met so baie van die persone saamteken wat hom in 1795 ook verja het.

Wat ons die meeste in die brief tref, is nie soveel die versoek self nie, as die vorm van die versoekskrif nie. Immers die vergadering het saamgestem dat die versoek "de oprechte en naakte waarheid is, op den toestand deeser Ingezeetenen...." Hulle vra hier om kwytskelding van rekognisiegelde. Dit was egter nie eerste keer dat Van Jaarsveld en andere hierdie en soortgelyke versoeke aan die regering gerig het nie. In September 1781 het Van Jaarsveld en ander boere van Bruintjieshoogte gevra om kwytskelding van die belasting op slagvee (20). In 1785 het Van Jaarsveld, D. van der Merwe, Joh. Jacobus en Willem Burger aan die regering 'n brief geskryf, waarin hulle verwys na die antwoord van die regering op hul versoek van 1776 om vryspreking van rekognisiegelde. In hierdie verband het hulle gekla omdat twee plase van Josua Joubert aan twee ander persone "op ordonnantie" gegee is, omdat daar agterstallige rekognisiegelde op was. Hulle spreek die vrees uit dat die regering dieselfde aan hulle kon doen en vra dus dat die plase aan Joubert terug gegee word (21). In November 1790 het sekere boere van Van Jaarsveld se kontry gevra dat hulle vrygespreek mag word van die aksynsbelasting, wat, na hulle verneem het, deur almal betaal moes word(22).

Nie een van die vorige versoekskrifte is in die hoogdrawende styl van die een van 1791 geskryf nie, en nie een het enige filosofiese basis gehad, op grond waarvan die versoek reg-

verdig/...

(20) St. 13/13 Ink.Br., Van Jaarsveld e.a. - Landdros en Heemrade van Stellenbosch, 28.8.1791.

(21) St.13/13 Ink.Br., Van Jaarsveld e.a.-Landdros, en Heemrade 11.1.1785.

(22) G.R. 1/1 Notule Landdros en Heemrade, 1.11.1790.

regverdig word, soos die een van 1791 wel gehad het nie. Dit is heeltemal ondenkbaar dat Van Jaarsveld, of enige van sy mede-ondertekenaars, die brief sonder hulp kon geskryf het. Dit is nog meer ondenkbaar dat hulle die filosofiese onderstroom kon verstaan het. Die volgende sitate uit die brief spreek duidelik genoeg (23): ".....zo komen de onderget. in ootmoed tot den vaderlÿke voorzorge des Lands toegekeeren om na onze vermogen den oorspronkelÿk belang des volx voor te stellen ...met voorstellingen 1. dat de rust en vreede een aller eedelste zaak is en wanneer d' inwoonders des Lands met een stille ongehoorzaamheid onder de bescherming hunner overheid deselve mogen genieten......"

6. "Daarom eindigen en zullen overgaan tot den voorstellingen van daaromtrend onzer begrippen dat U Wel Ed. gestre.....na wyze oordeel geliewe te overweegen of men nu dan nog niet bevoegd ben in zulke gevallen den gedurende drangreedenen des volks voor te stellen in bezwaringen verligting versoeken gelyk de natuur wet geleerd dat sulx te doen, van ouds by't volk oorspronkelÿk gerechtigd zÿ."

7. "Men begrÿpe ook welmogelÿk te zÿn dat't volk verbeetering verzoekt van eenige gewigtige en gegronde beswaren... in een tÿd in welke dese verbeetering... niet doenlÿk is, in dat geval moet men den volk onderregten in desselfs gebrek van kennis......

8. "Men begrÿpt ook mede mogelÿk te zÿn dat't volk kan komen te verzoeken een zaak welke't waarlÿk meend zeer gegrond en volstrekt noodzakelÿk te zÿn en welke sulx echter niet en is ....in dat geval moet men hem desselfs dwaling aantonen en het is desselfs pligt toe te zien om in't toekoomende voorzichtiger te zÿn" en indien "een mislÿdende en hardnekkige meenigte" die regeering wil dwing om sulke dinge aan hulle toe te staan" in dat geval begrÿpt men meede agtervolgen Eed en pligt verschuldigt te zÿn onzer regeering aan te lichten om recht gebruikt te kunnen maken van alle middelen welke de wetten haar in handen hebben gesteld om eene dusdanige ontneeming te sluiten."

11./....

(23) Kursuvering van my.

11. "Ten laatsten't volk te laten vlugten en dolen als schapen die geen herder en heeft haar zelfs als meer ander in de bezittingen te benadeelen is strÿdig teegens's lands hoge gebied en zoude onverantwoordelÿk zÿn voor de jammerlÿke gevolgen die daaruit mogten voortvloeÿen."

12. Die geringe aantal tekenaars doen geen afbreuk aan die waarde van die geskrif nie, aangesien dit 'n "welgegronde waarheid en dringende noodzaaklykheid " bevat, en "in alle gevalle waarinne't niet aankomt op eene gantsche verandering der constitutie of te maken van eene verandering van groote aanbelang in eene stat of staat want reeden en billykheid hebben hare waarde en hare gewigt van zigzelve.........."

In 1795 het Craig geskryf" that the Great Body of the People are at this moment infected with the rankest poison of Jacobinism." Verder sê hy: "it is hardly possible to convey an idea of the ignorance, the credulity and the stupid pride....more particularly of the Boors of the Country."(24). Ons weet ook van persone wat in die jare '90 in die grensdistrikte rondgegaan het om die boere teen die regering op te hits en hulle te vul met die dogma's van die Franse Rewolusie. Ons lees byvoorbeeld van Woyer wat in Europa in die medisyne studeer het en vanaf 1794 as distriksdokter in Graaff-Reinet gewerk het. Theal sê van hom: "He was a warm upholder of French principles and hated England to a corresponding extent"(25). 'n Ander persoon van wie ons lees is Hubert Dirk Campagne. Craig skryf in 1795 van hom: "This was one of the leaders of the Jacobin party in Commissioner Sluysken's time, to whom he on some occasions behaved with great insolence, continuing in the same principles since we came into possession of the place." (26). Hieruit kan ons aflei dat die boere vatbaar was vir nuwe idees, aangesien hulle baie liggelowig was, en verstandelik betreklik onontwikkel en dus maklik die prooi kon word

van/...

(24) R.C.C. I. p.155.
(25) Theal II, p.8.
(26) R.C.C. I, p.p.427-427.

van hoogdrawende, en vir hulle onverstaanbare filosofiese dogma's.

Dit is dus seker dat Van Jaarsveld reeds in 1791 kennis gemaak het met die filosofiese leerstellings van die Franse Rewolusie. Die filosofie was een van "Vryheid, Gelykheid en Broeder skap." Dit is dus denkbaar dat Van Jaarsveld hierdeur verstaan het dat hy hom nie meer aan enige gesag hoef te onderwerp nie. Dit is ook denkbaar dat die persone wat hierdie dogma's versprei het, deur hulle geleerdheid 'n geweldige vat op die liggelowige boere gekry het, en hom oorgehaal het tot die neem van 'n eed teen die regering (en dat dit die "Eed en pligt" kon gewees het, waarna van Jaarsveld verwys het).

Wat ons wel met sekerheid kan sê, is dat Van Jaarsvled van h hierdie tyd af meer en meer teen die regering geraak het. Of hierdie verandering gekom het as gevolg van sy kennismaking met vreemde ideologieë, kan ons nie met sekerheid vasstel nie. Sover ons uit die dokumente kan sien, kan die begin van hierdie ommekeer nie toegewyt word aan Maynier nie. Immers tussen H Julie 1792, toe Van Jaarsveld vir Maynier verdedig het, en Mei 1793 was lg. 'n hele paar maande in die Kaap om homself teen Woeke se aanklagte te verdedig. Van Jaarsveld self het ook geen beskuldigings teen Maynier ingebring nie.

Van nou af sou Van Jaarsveld al meer en meer teen die Landdros optree.

*.*.*.*.*.*.*.*.*.*.*.*.*.

## H O O F S T U K 5. DIE

## DIE OMMEKEER: VAN JAARSVELD VS. MAYNIER. MEI 1793 - 1795.

Die eerste en vernaamste taak wat vir Maynier op Graaff-Reinet gewag het na sy aanstelling as landdros, was die oplossing van die gespanne verhouding tussen blank en Bantoe op die oosgrens. Sy beleid ten opsigte van die Kaffers was een van segregasie en nie-aggressie. In 1802 skryf hy: "The positive orders of the Government were not to attack the Caffres, but to promote Peace and Tranquility between them and the Inhabitants by mild and gentle means, ......These orders so coincident with my own feelings were of course executed by me with all possible punctuality."(1).

Sy eerste kennismaking met die kaffers was in 1789. By dieselfe geleentheid toe Maynier aangestel is as sekretaris van Graaff-Reinet, het die Politieke Raad kennis geneem van Woeke se brief, waarin hy melding maak van roeringe onder die Kaffers. Hy het ook gemeld dat hy vir Kaptein Kuhne met 'n kommando gestuur het om die kaffers oor die Visrivier te verdrywe. Die Raad was gladnie gediend met Maynier se "prematuur gemaakte beschikkingen in eene zaak van zo veel improtantie" nie. Gevolglik het hulle hom gelas om so gou moontlik, tesame met Wagener, Maynier en lede van die Heem- en Krygsraad van Graaff-Reinet, 'n kommissie te vorm om na Kaffeland te gaan. Die beleid wat die Raad hulle voorgehou het was om "de zachste weg als de veiligste in te slaan." (2)
Op 13 Mei het die kommissie, bestaande uit Woeke, Wagener, Maynier, heemrade J.J.TRegard en Jan Booysen, krygsraadlede A.P. Burger en Jan du Plessis, sowel as die burgerkaptein Barend Lindeque en burgers Pieter Lindeque en Kapfer as tolk (3), vertrek.

Op 13 Julie het Woeke rapport gedoen. Hieruit blyk dat die kaffers onwillig was om hul gewaande aanspraak, as sou hulle die Suurveld (d.w.s. die land tussen die Vis -en Swartkopsri-

vier/.....

(1) R.C.C.IV Provisional Justification by C.A.D. Maynier, p.p. 286-287.
(2) C.85 Resolusies, 20.3.1789, p.p. 369-370.
(3) G.R. 1/1 Notule van Landdros en Heemrade, 13.5.1789.

rivier) van die Ghonnakaptein Ruyter gekoop het, te laat vaar. Woeke moes op hierdie stadium na Graaff-Reinet terugkeer, weens drukkende huishoudelike sake (4). Vermoedelik het Maynier met hom teruggekom. Wagener het aangebied om onderhandelings voort te sit, en indien moontlik 'n ooreenkoms met die Kaffers te tref. Volgens Wagener se rapport het die kaffers bly vashou aan hul oorspronklike aanspraak op die Suurveld, en "zijn alle aangewenden pogingen vrugteloos geweest," om hulle te beweeg om oor die Visrivier te trek. Gevolglik het hy toegegee en aan die kapteins die reg gegee om ten weste van die Visrivier te bly woon, "dog dat wanneer de ordre van den groot baas quam, zij dan over de grote Visch Rivier zouden hebben te trekken en op dat bevel moesten gehoorzamen."(5).

Dit is nie duidelik watter rol Maynier op hierdie kommissie gespeel het nie. Hy het wel eerstehandse kennis hier opgedoen van die kaffers, hul aard, hul gewoontes en hul verhouding tot die blankes.

Net na sy aanstelling as landdros in 1793 het Maynier 'n brief aan die Politieke Raad geskryf, waarin hy sy voorgenome program uiteensit (6). Hy verklaar dat verskeie boere voor sy reis na die Kaap, by hom gekla het oor die stroperye en diefstal van die kaffers "....dat een aanzienlijk getal kaffers ..... gezamentlijk aan deeze seide der Grote Visch Rivier zich hadden needergezet, alwaar zij ontbloot van de noodige leevensmiddelen zich aanhoudend beezig hielden met de Ingezeetenen alle overlast aan te doen, dezelve hun vee te beroven, het gesaayde met het wijnige vee dat zij nog meede gevoerd hadden, te vernielen, en hunne baldadigheeden en roofzicht al dikwerf te doen verzeld van de gruwelijkste moorden". Alle sagte middels wat aangewend is om hulle oor die Visrivier te laat trek was vrugteloos. Gevolglik

het/....

(4) G.R. 1/1, 13.7.1789.
(5) G.R. 1/1, s3.8.1789; Van der Merwe, I, p.p. 291-331.
(6) Sien van der Merwe, III, p.p. 17-18, vir uittreksels uit hierdie brief. Ongelukkig is Moodie se "Afschriften" nog ongesorteerd en kon ek dit nie self raadpleeg nie.

het verskeie "qualÿk geintentioneerde" grensboere gevra dat die Kaffers met geweld verdrywe moes word. Hulle is egter streng verbied om dit te doen, en beveel om die "andersints vreedsame natie" met "alle mogelÿke bescheidenheid te behandelen." Maynier het dit egter nie gerade gevind om die kaffers met geweld te keer te gaan nie, omdat die boere alreeds soveel moeilikheid met die Boesmans gehad het.

Maynier het sy brief be-eindig deur voor te stel dat hy toegelaat word om, sodra huishoudelike sake te Graaff-Reinet dit toelaat, die Kaffers te besoek. Hy sou hulle van sy vriendskap verseker deur aan hulle geskenke te gee, en dan die nodige verdrae met hulle sluit en hulle beweeg om oor die Visrivier te trek.

Die Politieke Raad het Maynier se voorstelle aanvaar. Hulle het ingestem om die nodige snuisterye aan hom te gee "veral daar de gesteld van zaken in de Colonie van Graaff-Reinet met opzichte tot de strooperÿen der Bosjesmans Hottentotten het gantsch niet geraaden doet zÿn door het gebruik maken van violente middelen, om de Kaffers naar hun land te doen terugkeeren zich aan een oorlog met dezelve te exponeeren."(7).

Voordat Maynier op Graaff-Reinet aangekom het, het sommige boere reeds reëlings vir hul eie verdediging getref, en die hulp van Krygsoffisiere, o.a. van Jaarsveld, ingeroep. Laasgenoemde het egter nie ag gegee op hierdie oproep om hulp nie (8).

Maynier het nooit tyd gehad om sy voorgenome tog na Kafferland te onderneem nie. Op 3 Junie het hy in die vergadering meegedeel dat Kaptein Jan du Plessis aan hom mondelings berig het, dat een van die krygsoffisiere, Barend Lindeque, 'n kommando byeengeroep het, en op die punt was om die Kaffers aan te val. Du Plessis het hom egter meegedeel dat "wat hem Plessis betref hÿ tot heeden geen overlast van gem. Caffers had ontmoet." Maynier het aan Du Plessis 'n brief gegee om aan Lindeque te oorhandig, waarin lg. ten strengste verbied is om geweld teen die kaffers te gebruik, aangesien "men teegenwoordig van een bÿna onoverwinnelÿke vyand namelÿk de Bosjesmans als't waare kwam te zÿn het beeter was iets van de Caffers in te hebben dan eene

(7) G.R.14/1. Extract Resolution, 11.6.1793.
(8) Sien van der Merwe III, p.p.20-21.

tweede/..

tweede andersinds vreedsame natie tot eèn geducte vyand op de hals te haalen." Hy het Lindeque ook beloof om self na die grens te kom, sodra huishoudelike omstandighede dit toelaat. Toe Du Plessis op die 21st by die grens aankom, was die koeël reeds deur die kerk. Op die 18de Mei het Lindeque se kommando reeds met die Kaffers slaags geraak. Daarna het Du Plessis vir Maynier 'n baie dringende versoek gestuur om hulp.

In antwoord hierop het Maynier hierdie vergadering belê. Hy vra nou die lede om 'n kommissie aan te stel om na Kafferland te gaan, en indien moontlik vrede met die kaffers te bewerkstellig. Hulle het toe die volgende kommissie gekies: Maynier, die Sekretaris, en Heemrade Stephanus Naude en Hendrik Meyntjes van den Berg (9). Op 18 Junie het hulle Suurveld-toe vertrek, met die doel om vrede met die kaffers te maak (10).

Die kommissie het op 12 Augustus rapporteer dat hulle op 1 Julie met Kaptein Sambé vrede gemaak het. Die ander kapteins wat ten weste van die Visrivier was, het egter "alle de daaromstreeks leggende ingezeetenen van hun vee beroofde en verscheiden Christenen waarvan ten getalle van ses bekend zyn vermoord" en 25 plase tot op die grond toe verbrand het, en "hunne roveryen nog met geweld voortsittende;" Die kommissie het nog verdere pogings aangewend om die vrede te herstel, maar dit het vrugteloos geblyk te wees. Dus "door de algemeene nood" gedryf, het Maynier besluit om 'n kommando bymekaar te kry, en die kaffers met geweld teen te gaan. Sy kommando het bestaan uit slegs 117 man, waarvan 37 Hottentotte was. Hulle het gevind dat die geroofde vee reeds oor die Visrivier gedrywe was, en het toe die Kaffers tot anderkant die rivier agtervolg, 40 van hulle doodgeskiet, en ± 2,000 stuks vee teruggekry. Die driwwe was egter sodanig deur die kaffers beset, dat hulle nie kon waag om die vee daardeur te ja nie. Volgens die mening van al die offisiere/..

(9) G.R.1/1, Notule van Landdros en Heemrade, 3.6.1793.
(10) G.R. 1/1, 12.8.1793.

offisiere en manskappe, was hulle te swak om teen so 'n oormag van kaffers te kom staan. Gevolglik het die kommando teruggekom om "een sterker magt bÿ een te verzamelen en daarmede den b vyand onverhoeds op het lÿf te vallen, als wanneer men zig vleid dat die kaffers door de overmagt der wapenene geleerd, de vreede zullen komen afbidden."(11).

Nadat Maynier sy rapport voorgelees het, het die lede hom vir sy "activiteit en zorge voor deeze Colonie," hul "hartgrondigste dank" betuig. Hulle het sy voorstel om teen die einde van die maand met 'n sterk kommando teen die kaffers op te ruk, eenparig goedgekeur. (12).

Die gekombineerde Heem-en Krygsraadsvergadering gehou op 19 Augustus,(13), is belê met die doel om reëlings te tref i.v.m. Maynier se voorgestelde kommando teen die kaffers. By hierdie geleentheid het Van Jaarsveld en sy maats verskoning gevra vir hul optrede van die 6de Mei. Maynier het hulle die vriendskapshand gereik, en betuig dat hy alle beledigings "van Harte wilden vergeeven."

Daarna het Maynier die Krygsraadslede gevra waarom hulle nie op die 12de Augustus opgedaag het nie. Van Jaarsveld en A.P. Burgers het verklaar dat die aanskrywingsbriewe hulle te laat bereik het. Maynier het toe weer die rapport van die kommissie herhaal, waarna hulle unaniem betuig het, "dat alles was verrigt wat er in dit critique tydstip zoude hebben kunnen worden bewerkstelligd, en dat men de weynige manschappen in aanmerking neemende, met geen mogelÿkheid anders kunne doen." Dit is nie duidelik wat Van Jaarsveld nou bedoel het met die vraag of hulle die "togt" moes beskou as 'n kommissie of 'n kommando nie (14). Maynier het sy vraag beantwoord deur daarop te wys dat hulle oorspronklik as kommissie uitgegaan het, maar, weens omstandighede, verplig was om met geweld op te tree.

Maynier/....

(11) Theal noem nie hierdie kommando nie (Theal I, p.219).
(12) G.R.1/1, 12.8.1793.
(13) G.R. 1/1, 19.8.1793.
(14) Dr. van der Merwe skryf as volg: "Uit Van Jaarsveld se vraag of Maynier se tog wel as 'n kommando beskou moes word, blyk duidelik dat hy glad nie met Maynier se optrede tevrede was nie." (Van der Merwe III,p.p.36-37). Dog kort tevore het die lede unaniem hul tevredenheid oor Maynierse optrede betuig.

Maynier wys toe weer daarop dat die vredesbreuk 'n voldonge feit is, en gevolglik moes die Kaffers met geweld teëgegaan word "zonder de Colonie aan't oogschynelÿk gevaar voor de strooperyen der Bosjesmans bloot te stellen." Hy vra toe vir Van Jaarsveld as Kaptein van die Burgery om die kommando op hom te neem "onder opper directie van zÿn Edele." Van Jaarsveld versoek egter om ekskuseer te word op grond van die volgende redes: (1) sy perde is uitgeput, (2) sy vrou is siek en hy het nie genoeg volk op plaas om haar te beskerm nie, (3) "dat hÿ zig boven en behal-ven dat, thans met deese ruptuure niet wilde inlaaten en ook daaromtrent niet verantwoordelÿk zÿn, en das verzogt dat deeze reys geen reflextie op hem mogt worden geslagen." Die ander krygs-offisiere het soortgelyke verskonings ingebring.

Maynier was blykbaar teleurgesteld. Hy het die offisiere toe op hul plig gewys. In die lig van die kafferge-vaar, wat die hele land bedreig het, moes alle moontlike stappe vir die land se verdediging gedoen word, en"een ieder officier die een waare beminnaar van zÿn Vaderland was, ook verpligt is om alle wat in hem is daartoe te contribueeren." Die gevaar was so groot "dat men geen personeele reflectie, dewelke men anders over het niet opkoomen der gecommandeerde persoonen in't zuure veld pleeg te maaken, konde opperen." Van Jaarsveld het hierdie oproep as volg beantwoord: "dat een tweede Commando nog eenige tÿt uÿtstel veele konden, en dat men er liever nog meede moest wagten," en toe Maynier aanhou met sy versoek, sê hy dat:"hÿ zig er ook niet meede wilde of konde bemoeyen, en ook niet voor de gevolgen wilde verantwoordelÿk zÿn."

Aangesien die ander lede ook sy versoek van die hand gewys het, het Maynier besluit om die leierskap op homself te neem. Hy sou bygestaan word deur Heemrade S. Naude en H.M. van den Berg. Hiermee was die lede dit met hom eenparig eens (15).

Waarom het Van Jaarsveld geweier om die leiding op hom te neem? Uit die redes wat hy aangee, blyk dit dat hy aan 'n gebrek/...

(15) G.R. 1/1, 19.8.1793. Dr. v. d. Merwe sê: "Blykbaar het hulle (lede) ook weinig vertroue gehad in Maynier se beleid, want al die krygsoffisiere het geweier om met hom saam te werk". (Van der Merwe III, p.46, Vgl.Theal I, p.219). Hierdie gevolgtrekking is vergesog in die lig van wat die lede self te sê gehad het by die geleentheid

gebrek van samehorigheid en meegevoel teenoor sy medeburgers in die Suurveld gely het! Hy het geen beswaar gemaak teen Maynier as opperbevelhebber nie, en hy het ook geen beswaar gemaak teen Maynier se kafferpolitiek nie. Immers, sy eie kafferpolitiek was feitlik dieselfde as Maynier s'n.

Van Jaarsveld het die uitbreek van die eerste Kafferoorlog toegeskryf aan die optrede van sekere onverantwoordelike grensboere (16). Die hele stryd met die Botma's en die Prinsloo's voor 1786, het grotendeels om die kafferkwessie gedraai. In 1784 het hy verklaar dat die kaffers weer "in roer gebragt sal worden", indien die ruilhandel met die kaffers nie stopgesit word nie (17). Hy was een van die lede van die Heemraad, wat in 1786 aan Landdros Woeke meegedeel het dat die eerste Kafferoorlog 'n gevolg van die optrede van sekere boere was. By hierdie geleentheid het hulle vir Woeke afgeraai om vee met die kaffers te gaan ruil (ooreenkomstig sy instruksies), omdat so 'n voorbeeld van gesagsweë ook die boere daartoe sou aanspoor. Die gevolg hiervan kon wees dat die kaffernasie weer in opstand sou kom. (18) Van Jaarsveld het geen beswaar gemaak teen die beginsel om die Kaffers oor die Visrivier te probeer kry op vreedsame wyse tydens die kommissie van 1789 nie. Ons weet ook nie van enige beswaar wat Van Jaarsveld in 1791 gemaak het teen Hurter se kommando nie (19).

In 1792 was een van die besware wat Van Jaarsveld teen Woeke ingebring het, dit dat laasgenoemde aan hom gesê het dat hy enigeen verlof gee om na Kafferland te trek. By hierdie geleentheid het Van Jaarsveld vir Woeke as volg berispe: "dat is teegens de ordre onzer Regeering gehandeld, ik voor mÿ heb in Cafferland niets te doen en wenschte dat die Natie geen reden tot vyandschap wierd gegeven, want wÿ hebben met de Bosjesmans genoeg te doen" (20). Op 6 Mei 1793 het Van Jaarsveld ook geen woord gerep teen Maynier se Kafferpolitiek nie.

Hieruit/...

(16) Sien p. 10.
(17) St.10/162 Ink.Br., Adriaan van Jaarsveld, 4.10.1784.
(18) G.R.1/1, 13.11.1786.
(19) Nadat verskeie klagte van die boere i.v.m. die Kaffers ingekom het, het die Krygsraad besluit om Komet.J.A. Hurter na Kafferland te stuur om die Kaffers op vreedsame wyse oor die Vis te kry//...

kry. Hierdie onderneming het weinig sukses gehad (Sien G.R.1/9). Notulen en bylagen van Krygsraadsvergadering, 27.12.1791; Hurter se Joernaal).
20. C.98, Resolusiës, p.p.459-477. .Dit was presies wat Maynier aan die regering geskryf het (sien p. ).

Hieruit kan ons dus aanneem dat Van Jaarsveld al die tyd volgehou het met sy beleid van vrede en segregasie ten opsigte van die Kaffers wat hy voor 1786 gehuldig het. Weer is daar geen rede om aan te neem dat Maynier verantwoordelik was vir Van Jaarsveld se weiering om die leierskap van die kommando op hom te neem nie. Die rede lê by Van Jaarsveld self.

//// //// ////

In die tussentyd het daar reeds 'n kommando uit die Swellendamse distrik, tussen 10 en 24 Junie, teen die kaffers opgeruk. Lieutenant P.A. Ferreira het die leiding op hom geneem. Hy het later verklaar dat hy gedurige aansoeke ontvang het om hulp teen die Kaffers, wat reeds 4 "Christene" vermoor het en 120 huisgesinne op die vlug geja het. Gevolglik het hy op 10 Junie met 'n kommando van 26 blankes en 14 Hottentotte uitgetrek. Sy doel was bloot om defensief op te tree.

Tussen 22 en 23 Junie het sowat 50 waens by die Swartkopsrivier, by Ferreira se kommando aangesluit. Hulle was vlugteling-boere, wat voor die Kaffers uitgevlug het. Hulle het by hom gekla dat hulle nieteenstaande gedurige aansoeke aan die landdros van Graaff-Reinet, geen hulp van hom ontvang het nie. Tesame met hulle toe die driwwe deur die Sondagsrivier bewaak (21).

Ferreira en Barkhuizen het 'n gesamentlike rapport oor die kommando aan Faure, landdros van Swellendam, gestuur (22). Kort tevore het Barkhuizen alleen verslag gedoen omtrent die haglike toestande in die distrik (23). Hierdie brief is opgestuur na die Politieke Raad, en op 22 Junie is dit deur die Raad behandel. Hulle het toe besluit dat manskappe gebruik kan word "tot tegengang en verdrywing" van die Kaffers (24). By ontvangs van hierdie brief, het//......

(21) C.103 Resolusies, 12.8.1793, p.p.217-223.
(22) C.103 Resolusies, 12.8.1793, p.p.217-231.
(23) S.W.1/5 Concept Resolutien, 12.6.1783.
(24) S.W.12/2 Extract Resolutien (Raad van Politie): Kaapse Regering-Faure, 22.6.1793.

het Faure op 3 Julie 'n buitengewone krygsraadsvergadering byeengeroep. Hier is besluit om 'n kommando onder aanvoering van Kaptein de Jager, saam met die Kommando onder Ferreira, teen die Kaffers uit te stuur (25). §Die gesamentlike rapport van Barkhuizen en Ferreira is op 12 Augustus deur die Politieke Raad bespreek. Hulle het by hierdie geleentheid goedgevind om Faure te las om by die kommando onder de Jager aan te sluit, en soveel weerbare manne saam met hom te neem as wat beskikbaar was. Faure moes met vaandrig militêr Abue en die ander offisiere beraadslaag omtrent hul aanvalsplanne. Hulle voeg die vermaning by dat"geen meerder menschenbloed (moet) worden geplengd als de uiterste noodzaakelÿkheid sal koomen te vorderen."

Aangesien daar heel moontlik nie genoeg manskappe uit Swellendam kommandeer sou kon word om die Kaffers te verdrywe nie, sou die Landdros van Graaff-Reinet beveel word om soveel manskappe byeen te bring as hy kon, sonder die distrik "voor de incursien der Roovende Bosjesmans hottentotten aan oogschÿnlik gevaar te exponeeren." Maynier moes in alles met Faure en vaandrig Abue saamwerk. (1) Gesamentlik moes hulle die kaffers oor die Visrivier verdrywe. (2) Sodra dit gedoen is, moes hulle sien of hulle genoeg vee teruggebuit het om volkome skadevergoeding aan die boere te verleen vir die geroofde vee. Indien die getal onvoldoende blyk te wees, moes hulle die kaffers tot in hul eie gebied agtervolg, totdat hulle genoeg vee hiervoor teruggekry het. Hulle moes slegs vrede sluit op hierdie een voorwaarde, naamlik: "complete schadeloosstelling aan de opgezeetenen over het hun geroofd vee." (3) Hulle moes ondersoek instel na die rede waarom die "anderzints zoo vreedsame natie" tot oorlog gekom het en of die boere enige skuld daaraan had (26).

Die rapport wat Maynier aan die Politieke Raad op 18 Junie gestuur het, het hulle blykbaar teen hierdie tyd nog nie bereik nie/...

(25) S.W. 12/2, Kaapse Regering - Faure, 22.6.1793.
(26) C.103 Resolusies, 12.8.1793, p.p.217 - 231.

nie. Die instruksies van die regering wat op 12 Augustus aan Maynier gestuur is, het hom op die 19de nog nie bereik nie. Sy kommandos was dus nie in antwoord op die regering se bevele nie (27).

Landdros Faure het op die 8ste September met 60 man van Swellendam vertrek. Op die 10de het hy berig ontvang dat Louwrens de Jager met 300 man vir Maynier, wat reeds oorkant die Visrivier met die Kaffers slaags geraak het, gaan help het (28). Op Faure se versoek het Maynier en de Jager teruggekeer oor die Visrivier op 22 Oktober. Maynier het verklaar dat hy op 27 Augustus uitgetrekket, 5 slae teen die Kaffers geveg het, en ongeveer 8,000 geroofde en Kafferbeeste teruggebuit het. Sy laaste slag het hy by die Buffelsrivier gelewer, waar hy met Kaptein Sambee vredesonderhandelings aangegaan het (29).

Faure, Maynier en die ander offisiers het nou eenparig besluit om die magte te verenig, onder aanvoering van Maynier, "en de gemeene vyand op dien zelfde voet als door gem. Maynier was begonnen geworden te keer te gaan"(30). Die gesamentlike mag het toe 4 slae teen die Kaffers, wat in die tussentyd oor die Visrivier gekom het, gelewer. Hulle kon egter nie daarin slaag om die Kaffers oor die Visrivier te verdrywe nie.

"Na alle mogelÿke pogingen te hebben aangewend om de Caffers overeenkomstig U Wel Edele intentie uit de bezittingen der opgezetenen tot over de Grote Vischrivier te dryven, en hierin niet hebbende kunnen reusseeren, omdat dezelve Caffers zich genoegzaam door 't gantsch land gedisperseerd vinden" en verder "inziende met hoe weinig vrucht men dus die voor 't land zo ruïneuse oorlog zoude kunnen continueeren" het hulle besluit om vrede te sluit. Die perde was afgemat en die mans was besorg oor hule huisgesinne na so 'n lang afwesigheid van die huis. Gevolglik het hulle besluit "aan de Ingezeetenen, zoo niet een compleete schadeloosstelling ten minste momenteele rust en veyligheid te verschaffen"(31). Gevolglik/....

(27) Theal se kronologie is dus hier verkeerd (Theal I, p.219).
(28) V.C.68, Faure se Joernaal gehou tydens die Kafferoorlog, p.p. 483-487.
(29) C.104 Resolusies, 16.12.1793, p.p.709-714.
(30) C.104 Resolusies, p.715; V.C.68, Faure se Joernaal, p.502.
(31) C.104 Resolusies p.p.716-716. Selfs Campagne verklaar in sy "Berigt"/...

"Berigt" : "In maak dus geene zwarigheid volmondig te verklaren dat, als de Kaffers die principes (nl. om in die digte bosse weg te kruip) blyven behouden, 't nimmer mogelÿk zal wezen hen door wapenen te dwingen, maar inteegendeel altoos gemakkelÿk blÿven van hun vee berooven (V.C. 76, Campagen, Berigt, p.p.244-245).

*.*.*.*.*.*.*.*.*.*.*.

---

Gevolglik het hulle aan verskeie kapteins vrede laat aanbied, en nie te sterk aangedring op die restitusie van vee nie, "maar de vreede, hoe onereus ook voor de Ingezeetenen voor't oogenblik zoodanig met dezelve te sluiten, dat men de Ingezeetenen tog min of meer eene indiwiduele zekerheid konde belooven, en het gantsche Land, van een gantsch ruine ....te bevryden, te meer daar den Landdrost Maynier van wiens onafgebroke yver voor de welvaart van't gantsche Land, en die van zÿn Colonie in't bÿzonder, wÿ ten vollen overtuigd zÿn en die het volkomen vertrouwen van die Natie verwonnen," Hulle beloof het om alles in sy vermoë te doen om meer vee van die Kaffers te kry (32). Hulle verklaar ook dat die ingesetenes self ooggetuie was van die middele wat aangewend is om al die geroofde vee terug te kry en to "liefst prefereeren die voor hun onereuse vreede met die natie" te sluiten, dan verder uit hun bezittengen gedreven te worden"(33). Op die 26ste November i die kommando ontbind.

Nóg in Faure se Joernaal, nóg in die gesamentlike rapport (wat geteken is deur Faure, Maynier, L. de Jager, S. Naude, H.M. van den Berg, H. Abue en H.T. Muller) is enige melding gemaak van swak aanvoerderskap van die kant van Maynier. Die enigste teenstand wat teen Maynier se leierskap getoon was, was 'n getal van 200 man onder aanvoering van Coenraad de Buys wat voor sy tent verksyn het, en geweier het om Maynier as leier te erken. Hulle het egter gou ingegee, veral op de Jager se versoek (34).

Ons het reeds uit die gesamentlike rapport aangehaal waarom die offisiere nie op volkome skadevergoeding van gesteelde vee aangedring het nie. Faure het in sy Joernaal geskryf, dat by die uitdeling/...

(32) C.104 Resolusies, 16.12.1794, p.p.723 -724. Kursivering van my.
(33) C.104 Resolusies, p.p.728-729.
(34) C.106 Resolusies, p.739.

uitdeling van "Kafferbeeste" op 24 November, daar ongeveer 2,000 uitgedeel is "over welke distributie alle deselve hoe gering de portie ook al gevallen was, zeer vergenoegd waaren" (35). Die Politieke Raad het uit die gesamentlike rapport afgelei dat daar altesaam 10,400 beeste onder die boere verdeel is. Hoe ver hierdie afleiding korrek is, is nie seker nie (36).

Maynier het in sy rapport oor die oorlog, die kwessie van die verdeling van vee aangeraak. Drie burger offisiere, onder wie Adriaan van Jaarsveld was, het hom meegedeel dat 6 van die boere hul ontevredenheid uitgespreek het oor die verdeling van die vee. Hy het daarop gewys dat die boere in 1792 slegs 8,004 beeste by die jaarlikse opgaaf opgegee, terwyl hulle in 1793 verklaar het dat 65,327 beeste deur die Kaffers gesteel is. As ons onthou dat die boere nog vee oorgehou het, en dat baie vee as gevolg van die droogte en van wilde diere moes gevrek het, sal dit blyk dat die boere hierdeur beweer het dat hulle slegs ± 10% van hulle besittings by die jaarlikse opgaaf opgegee het (37). Die boere het dus geweldig oordryf in hul opgawe van gesteelde vee.

In sy rapport oor die oorlog, het Maynier ook die redes probeer aantoon waarom "dier anderzints so vreedzame natie" tot oorlog geraak het. Hy en Faure het nog nie genoeg informasie hieromtrent gehad toe hulle die gesamentlike rapport geskryf het nie. Hy noem die volgende redes: (1) Die gedurige kommunikasie tussen blank en Bantoe; (2) die ongehoorsaamheid van die boere aan die regering se bevel om die Visgrens te eerbiedig; (3) die ongeoorloofde kommando van Barend Lindeque, waardeur vyandelikhede eintlik begin het; (4) die gedrag van Lieut. C.J. Tregard, wat geweier het om Maynier se bevele i.v.m. ruilhandel met die Kaffers ens. te gehoorsaam; (5) die gedrag van die burger Coenraadde Buys, waaraan die oorlog "voornamentlyk"geattribueerd" moet word (38).

Die Politieke Raad het sy tevredenheid te kenne gegee oor Maynier/..

(35) V.C.68, Faure se Joernaal, p.527.
(36) C.104 Resolusies, p.739.
(37) C.106 Resolusies, 9.5.1794, p.p.181-182.
(38) C.106 Resolusies, p.p.182-183.

Maynier en Faure se optrede in hierdie oorlog. d Die Raad het ook hulle aanbevelings aanvaar, nl. (1) dat 3 of 4 huisgesinne in die vervolg bymekaar moes bly, aangesien die ondervinding getoon het dat hierdie maatreël effektief kon wees teen die kaffers; (2) dat al die plakkate teen veeruil met die kaffers hernu moes word; (3) en dat die kaffers weer verbied word om die Kolonie binne te dring, behalwe spesiale boodskappers, wat van kentekens voorsien moes wees (39).

Die regering het dus weereens die vredespolitiek en die segregasiebeleid teenoor die Kaffers aanvaar. Alhoewel die kaffers nog nie tot oorkant die Visrivier gedrywe is nie, kan ons, uit die lig van al die genoemde feite nie sien hoedat Maynier later hiervoor met reg blameer kon word nie.

//// //// ////

Na die oorlog het die boere gedurig klagtes by Maynier ingedien oor die diefstal en invalle van die Kaffers. In Desember 1793 het H.J. van Rensburg en Jan du Plessis by hom aangedring om hulp teen die kaffers (40). Op 11 Januarie 1794 het Maynier sy antwoord voor die vergadering van Heemrade en Krygsrade gelê, waarna al die lede, en veral Van Jaarsveld verklaar het, "dat er volstrekt niet anders te antwoorden of te doen was als't geene bereids door den heer Landdros" aan Van Rensburg geskryf is nie (41). Op 6 Februarie 1794 het Maynier op 'n gekombineerde vergadering, om verlof gevra om Kaap-toe te gaan. Verlof is aan hom toegestaan, met byvoeging "dat er immers uit de daagelÿkse inkoomende berigten niet bleek dat't geweld der Caffes toenam" en dat reëlings reeds getref is, ingeval van 'n skielike inval in die Kolonie. Van Jaarsveld het hiermee saamgestem (42).

Tot dusver het Van Jaarsveld geen kritiek gelewer op die deurvoering van die oorlog of die na-oorlogse beleid nie.

Op/...

(39) C.104 Resolusies p.p. 737-743; C.106 p.p. 204 -210.
(40) G.R.12/2, Letters and Reports, 18.12.1793.
(41) G.R. 1/1, Notule van Landdros en Heemrade, 11.1.1794.
(42) G.R. 1/1, 3.2.1794.

Op 26 Mei is die aanstelling van Maynier as vaste Landdros van Graaff-Reinet aangekondig in die Heemr en Krygsraadsvergadering. Die aanstelling is gedoen as waardering vir Maynier se aandeel in die oorlog van 1793 (43). Die gesamentlike lede het toe "hunne volkoomen genoegen" hiervoor betuig. Daarna is die brief van die goewerneur gelees, waarin hul na-oorlogse beleid, naamlik 'n vredesbeleid, ten opsigte van die Kaffers neergelê is. Hulle het weer plakkate i.v.m. grensreëlings en ruilverbod herhaal (44). Die lede het hul gewilligheid uitgespreek om die bevele te gehoorsaam. Daarna het Adriaan van Jaarsveld opgestaan en "betuygd dat zyn vreese was dat het grootste gedeelte der Ingezeetenen zig geensints aande uitdrukkelyke last in opgem. missive vervat zoude submitteeren, en van begrip was dat ter verkryging eener Standvastige Vreede met de Caffers het best zoude weezen om aan dezelve het Zuurveld als voorheem hun Eige land geweest zynde terug te geeven." (45).

Dat van Jaarsveld hierdie voorstel in alle erns gemaak het, blyk uit Maynier se antwoord daarop, nl. dat hulle liewer eers die Kaffers met geskenke en smuisterye oor die Visrivier moes probeer kry. Van Jaarsveld het dus hier 'n voorstel gedoen wat Maynier nog nooit self aangeroer het nie.

Op hierdie vergadering is die antwoord op H.J. van Rensburg se briewe bespreek. Van Jaarsveld het geen kritiek hierop gelewer nie. Volgens die antwoord is Van Rensburg beveel om nie die kaffers met geweld teen te gaan nie. Ingeval die Kaffers "rebuteerde," sou dit tyd genoeg wees om verdere stappe te doen (46).

Verdere klagtes het hierna Maynier bereik aangaande rowery van die Kaffers, maar hy het nie veel waarde daaraan geheg nie. In Junie het hy aan die Politieke Raad geskryf dat hierdie gerugte, "hunne geboorte aan niets anders verschuldigt zyn, dan aan de verderfelyke begeerte dewelke eenige der Ingeseetenen nog steeds/...

(43) G.R. 1/1, 26.5.1794.
(44) C.106, p.p. 204-210.
(45) Kursivering van my. G.R.1/1 Notule van Landdros en Heemrade, 26.5.1794.
(46) Sien v.d. Merwe III, p.62 vir uittreksels.

steeds bÿ blÿven om de Kaffers op eene geweldadige wÿze op nieuw aan te doen ten einde hunne geleedene schade op dezelve te verhaalen, en anderdeels om bÿ die geleegendheid hun bezit te vermeerderen" (47). Hy haal dan verskeie bewyse aan, ter stawing van sy bewerings.

In antwoord hierop het die regering besluit dat Maynier met sy vredesbeleid moes volhou, en dat hy die boere moes aanmoedig om ook mee te help tot die verkryging van vrede aan die oosgrens (48).

Van Jaarsveld het op 10 Augustus, ongeveer, 3 maande nadat hy in die heemraadsvergadering die ontruiming van die Suurveld voorgestel het, die toestande in Graaff-Reinet in 'n brief aan die Politieke Raad beskryf. Die boere van Bruyntjieshoogte sou eersdaggs hulle plase moes verlaat as gevolg van die Kafferinvalle, "de geheele Ziervelt van de grote vis rivier tot de Swartkops rivier reets verlaten en verloren zal moeten blÿven, en dewelker gegoeden ingezetenen van het zelve districs berooÿt arm hier en elders met vrouw en kinderen elendig rontzwerven daar vele niet in staat zÿn aan hun schrÿnt kroost het nodig onderhout te verzorgen." (49) Hy het egter net hierdie feit genoem, maar geen verbetering of enige stappe tot verligting van die toestand aanbeveel nie. Het het ook nie vir Maynier direk vir hierdie toestand van sake blameer nie. Die enigste beskuldiging wat hy ingebring het, was "dat enige ingezetene laag genoeg zÿn ten kosten van hun eigen welvaart niet die van haare dierbaare vaderlant aan eene nietige schÿn vrientschap op te offeren, en door haare verklaaringen den stem van waarhÿd smoren en een misbruÿk van haaren eenvoudighÿt maken. Daar zÿ van het tegendeel overtuygt zÿn door de inspraak haren eygen geweten dat zÿ mede slagofferen der rampen zÿn." Alles was baie vaag. Hy het ook nie so as krygsraadslid bedank oor Maynier se kafferpolitiek nie. Dus die beskrywing van die grenstoestande het nie 'n baie belangrike deel van die inhoud van sy brief uitgemaak nie.

Van/....

(47) G.R. 1/1 Notule van Landdros en Heemrade, 13.11.1786.
C.106 Resolusies, p.p.615-616.
(48) C.106 Resolusies, 9.6.1794, p.p.615-616.
(49) C.218 Bÿlagen tot de Resolutien (Raad van Politie).
Van Jaarsveld en Burgers - Sluysken, 10.8.1794.

Van Jaarsveld het nooit voor 1795 vir Maynier van 'n verkeerde Kafferbeleid beskuldig nie. Sy beleid het ooreengestem met die van Maynier. In Mei 1795 het hy weer verklaar dat hy nie ten gunste van 'n aanval op die Kaffers was nie, omdat dit "de sc schadelÿkste en verderlÿksten" gevolge vir die kolonie sou hê, en dat 'n ander uitweg dus gevind moes word (50). Hy het dus geen rede gehad om te rebelleer op grond van Maynier se Kafferpolitiek nie, aangesien hy dieselfde politiek voorgestaan het as Maynier.

//// //// ////

Maynier het sy Hottentotbeleid in 1795 as volg beskryf: "The positive orders of Government were ..... to protect the Hottentots against the oppressions and violence which they continually suffered from the Boors....These orders so coincident with my own feelings were of course executed by me with all possible punctuality."(51).

Daar is nie veel in die dokumente van hierdie tydperk te vind omtrent Maynier se Hottentotbeleid nie. Uit die ge- fragmentariese bewyse wat ons het, blyk dit duidelik dat Maynier nie bereid was om die klagtes van die Hottentotte ongehoord te laat verbygaan nie.

Onder die dagvarings wat Maynier aan die boere gestuur het, is daar sommige waarin die boere gelas is om Hottentotte wat by hulle werksaam was, onder behoorlike geleide na die drosdy te stuur om daar getuienis af te lê. Uit baie van die dagvarings blyk dat die boere beskuldig is, dat hulle die Hottentote nie wou laat vertrek na die dienstyd verstreke was nie. In ander gevalle het die Hottentotte gekla van mishandeling deur die boere. Ander kere het die boere mekaar laat dagvaar omdat hulle dieselfde Hottentot as hul werkjong eis (52).

Aangesien daar nog geen geskrewe kontrakte tussen boer en Hotnot was nie, was die Landdros se taak ongetwyfeld baie moeilik/...

(50) V.C. 68, p.p. 143-144 (verslag van gebeure van 16 Junie 1795).
(51) R.C.C.IV, p.p. 286-287.
(52) Sien G.R.16/1 Uitg. Br., Landdros en Heemrade; G.R. 13/2 Letters received from Private Individuals.

moeilik. Moes die Landdros altyd die boer se getuienis aanneem voor dié van die Hotnot, omdat laasgenoemde 'n swart vel had en nog nie 'n gelyke beskawingspeil bereik het nie? Waar twee boere teenmekaar te staan gekom het oor dieselfde Hotnot, moes die Hotnot se getuienis waardeloos geag word? Kon 'n Hotnot slegs sy baas aankla vir mishandeling as daar ander boere teenwoordig was om sy getuienis te staaf? Dit is vrae wat baie swaar moes geweeg het by Maynier.

Hy het waarde geheg aan die klagtes van die Hotnots. Hy het die boere 'n redelike kans gegee om hulle verdediging in te bring en het hulle soms selfs soveel as drie keer gedagvaar, voordat hy hulle beboet het.

Die feit dat hy gehoor gegee het aan die klagtes van die Hottentotte, het baie boere teen hom gekant, soos later, tydens die rebellie sou blyk.

Sover ons weet, was Van Jaarsveld nooit gedagvaar i.v.m. Hottentot-geskille nie. Voor 1795 het hy nooit oor Maynier se Hottentot-beleid gekla, sover ons kan nagaan nie. In Augustus 1794 (53) het hy 'n brief aan die regering geskryf, waarin hy verduidelik waarom hy as krygsraadslid bedank het. Hierin het hy niks gesê van Maynier se Hottentotbeleid nie, alhoewel hy hierin sy klagte teen Maynier uiteengesit het. Hieruit wil dit voorkom asof Van Jaarsveld nie persoonlik baie geraak is deur Maynier se Hottentotbeleid nie. Dit is moontlik in die lig van sy redes vir die rebellie in 1795, dat hy teen die beginsel was om boere te laat dagvaar op aanklag van Hottentotte.

//// //// ////

Wat was van Jaarsveld se houding teenoor Maynier en die Heemraadslede in hierdie periode?

In Mei 1794 (54) het die Heemraad aan Maynier rapporteer dat Van Jaarsveld in sy afwesigheid in 'n twis gewikkel was met H.M. van den Berg. By hierdie geleentheid het Van Jaarsveld laasgenoemde daarvan beskuldig dat hy nie waardig was om sy pos as heemraadslid te/...

(53) C.218, Van Jaarsveld en Burgers - Sluysken, 10.8.1794.
(54) G.R.1/1 Notule van Landdros en Heemrade, 27.5.1794; 7.7.1794.

te beklee nie, en "zig aan't presteeren eener Valsche Eed had schuldig gemaakt." Maynier het die lede oorgehaal om nie na die Raad van Justisie met die saak te gaan nie, maar tevrede te wees indien Van Jaarsvled om verskoning sou vra. Daarna het Van Jaarsveld ingekom, en verklaar "dat hem zyn onbesonnen en niet als uit eene kwaadaardige opzettelykheid gebeesigde Injierieuse en Hoonende Expressien van harte leed waaren."

Uit die bespreking oor Van Jaarsveld se gedrag, het dit geblyk dat hy hom "meer dan Eens aan soortgelyke verregaande insimulatien" skuldig gemaak het, en in plaas van sy belofte na te kom om die rus en orde te handhaaf "zig inteegendeel in allerlei onaangename dingen te meleeren."

Ons vind Van Jaarsveld weer in die vergadering op 4 Augustus 1794 (55) saam met A.P. Burger. Hulle het gekom om te ondersoek of die besluit notuleer is, wat volgens hulle, op 19 Augustus 1793 geneem sou gewees het. Die besluit was, naamlik, dat die oud-Heemraadslede onthef sou word van die borg wat hulle as heemrade vir die distrik geteken het. Toe die besluit nie in die notule gevind kon word nie, vra hy "op eene zeer arrogante toon" dat dit nou in die notule geplaas word, of dat die notule uit die boek geskeur word. Maynier het hom beloof om aan die regering hieromtrent te skrywe.

Nadat Van Jaarsveld en Burger die vergadersaal verlaat het, het die lede "g'indigneerd door d' absurditeit van de begeerte," besluit om aan die Politieke Raad te b vra om stappe te neem om die Heemraad in die vervolg teen sulke onbesonne "tentames" te beskerm. Geeneen van die oud-Heemraadslede kon enige gegronde redes inbring waarom hulle van hul borgtog onthef sou word nie, omdat al die skulde deur hulle opgedoen is. Hulle het verder hul verontwaardiging uitgespreek oor Van Jaarsveld omdat hy "deeze vergadering succesivelyk zoo voor zyn prive als cum suos met diergelyke chimerique zaaken obrueerd."

Reeds/..

(55) G.R. 1/1, 4.8.1794.

Reeds op 9 Julie het Maynier aan die Politieke Raad geskryf dat kapteins van Jaarsveld en Smit om ontslag van die Krygsraad gevra het. Die Raad het geen beswaar hierteen gehad nie (56). Op 10 Augustus het Van Jaarsveld en A.P. Burger 'n brief (57) aan Kommissaris Sluysken gestuur, waarin hulle verduidelik waarom hulle bedank het.

Hulle verklaar in hierdie brief dat die kolonie in 'n haglike toestand verkeer, en dat die ingesetenes van Bruynshoogte van hul plase sal moet vlug. Die hele Suurveld is reeds ontruim, en die inwoners swerf rondesonder die nodige voedsel en deksel. "Wel Edele Heere wie die zoo een loven aaklig tovereel voor ogen heeft, en voor de regelen van het gebot der menschlievendheid vatbaar is,wie zeggen wÿ zouden zoo ontaart zÿn, om bÿ het besef van alle deze rampen ongevoelig te zÿn." Hulle kan grondige bewyse inbring om hulle bewer-ings te staaf, "niet teegenstaan dat eenige ingezeetene laag genoeg zÿn ten kosten van hun eygen welvaart met die van haare dierbaare vaderlant aan eene nietige schÿn vrientschap op te offeren, en door hare verklaringen den stem van waarhÿd smoren een een misbruÿk van haren eenvoudighÿt maken. Daar zÿ van het teegendeel overtuyt zÿn door de inspraak haarer eygen geweten dat zÿ mede slagtofferen der rampen zÿn." Hulle sal egter volstaan sonder bewyse "om niet uÿt een oogpunt beschout te worden, als of wÿ ook luÿden waren die door vele bewyzen schoon nog zo vals een beroering verwekken, o neen groot achtbare heer wÿ zÿn en vielt aangeroert door vanderlants liefden." Die waarheid of andersins van wat hulle beweer het, kan deur 'n kommissie ondersoek word.

Aldus aangeroer deur vaderlandsliefde, het hulle "en vele andere krygsofficieren met ons" besluit om liewers vir hul demissie te vra "dan te kontinueeren in eenen post in welken wÿ als luÿden van eer en beginzelen niet langer kunnen voldoen en beantwoorden aan de duere verpligtinge die op ons rust." Hulle vra dus om ontslaan te word "van den onaangenaamhede, die het coleg van/..

(56) C.106 Resolusies, 16.6.1794. p.621.
(57) C.218 Van Jaarsveld en Burgers - Sluysken, 10.8.1794.

van Crygsofficieren steets door landdrost en heemraden worden aangedaan, te meer nu het langsamer hant reets zo verre zyn gebragt dat er geene der Crygsofficieren als eertyts ook heemraat tegelyk te zyn."

Dan gaan hulle daartoe oor om hulle klagte uiteen te sit oor die "clandestine handelwyse" van die landdros en heemrade, met betrekking tot die borgtog. Hulle herhaal alles wat hulle reeds in die heemraadsvergadering op 4 Augustus gesê het. Dit doen hulle omdat Maynier heel moontlik aan die Raad daaromtrent sou skryf "in die hatelyke termen ... zo als zyn Edele wel meer gedaan heeft om zyn Evenmensch, ja, was het hem moogelyk ook by UWelE. een noot lyk dag ligte te stellen en met de swartste verwen of te schilderen." Aangesien die "vernielende twedragt"alles verwoes, verlang hulle dat rus en vrede herstel moet word. Daarom klop hulle by die Politieke Raad aan om hulle te help on hierdie doel te bereik (58).

In sy antwoord op hierdie brief het die Kommissaris sy verwondering uitgespreek dat Van Jaarsveld nog steeds teen die bevele van 11 en 29 April 1794 handel, "en zulks niet teegenstaande de verzeekeringen door .... Van Jaarsveld aan my in perzoon by zyn laatst aanweezen aan de Kaap gedaan van onder anderen zig zelve stil en vreedzaam te gedraagen en voorts de rust en eensgezindheid in de Colonie Graaff-Reinet te helpen bevorderen." In die eerste plek wys hy daarop dat Van Jaarsveld begeer "om op nieuws de Kaffers natie aan te tasten," en tweedens dat daar, in gemelde brief, uitdrukkings t.o.v. Landdros en Heemrade gebesig is "die behalven het hoonende welke daar in op zigzelven geleegen is, verder niets minder dan de kenmerke van volstrekte weerzin om eene goede verstandhouding met dezelven te bevorderen en weggedraagen."

Die Kommissaris het altans nie geglo in Van Jaarsveld se bewering, dat hy niks anders be-oog as die herstel van rus en eensgesindheid op Graaff-Reinet nie. Reeds op 1 September het hy deur sy gedrag bewys dat die Kommissaris reg was.

Op/......

(58) V.C. 68, Sluysken - Van Jaarsveld, 13.9.1794, p.p.593-595; C.107 Resolusies, 15.10.1795, p.p.263-265.

Op 1 September het hy te huise van Carel Hendrik Richter, die Landdros en Heemrade op "eene verregaande wyze ...Insimuleeren. Jacobus Grundlingh, S.J. Burger en Gustaaf Erlank het getuienis hieroor afgelê in die heemraadsvergadering van 3 November (59). Volgens hulle getuienis het Van Jaarsveld, "zonder dat door iemand eenige aanleÿding wierd gegeven, substantielÿk was gezegd," dat die wagmeester Davel ontslaan is maar herstel sou moes word "of S.V. de donder zal er meede speelen want de Heemraaden zÿn S.V. verdomde moerneukers" wat "om een stuk kost en een glas wÿn" by die Landdros lê, en sy guns soek.

Toe Van Jaarsveld verneem dat die Landdros en Heemrade sy gedrag te hore gekom het, het hy homself probeer veronskuldig. Hy beweer dat hy hierdie woorde slegs gesê het "om een spiering uit te gooÿen ten einde een Cabeljouw te vangen, en langs dien weg was het mooglÿk den Lieut. Carel Johannes Tregard uit te hooren, die echter dezelve met stilswyge had beantwoord."(60).

Op die 10de September het Van Jaarsveld aan Maynier geskryf dat hy 'n buitengewone kommando op die been gebring het, om aan die begin van Oktober uit te trek teen die Boesmands, wat deur Pieter Ernst Kruger op sy laaste kommando ongestoord gelaat is. Hy sou dan ondersoek "hoe verre den roovers noordwaarts zig ophouden, door wel ondervraagen en bedreiven" om so uit te vind hoe om die kommando's uit te stuur. Verder "zal men onderzoeken off de Bossiesmans tot aan den groote rivier noordwaarts leggen en of agter haarlieden een ander soort natie te vinden zÿn dat men daaruÿt omtrend kun bevroeden hoe sterk onze vyands magt mogte wees en" ens. (61).

Maynier het sy verwondering uitgespreek dat Van Jaarsveld, sonder sy voorkennis en "zonder dat voorens de noodzakelÿkheid daarom te hebben doen blyken," op sy eie outoriteit 'n kommando op die been laat roep het. Gevolglik het hy Van Jaarsveld ten/..

(59) G.R. 1/1, 3.11.1794.
(60) G.R.1/1, 1.12.1794.
(61) V.C.68, Van Jaarsveld-Maynier, 10.9.1794,p.p.641-642.

Op 1 September het hy te huise van Carel Hendrik Richter, die Landdros en Heemrade op "eene verregaande wyze ...Insimuleeren." Jacobus Grundlingh, S.J. Burger en Gustaaf Erlank het getuienis hieroor afgelê in die heemraadsvergadering van 3 November (59). Volgens hulle getuienis het Van Jaarsveld, "zonder dat door iemand eenige aanleÿding wierd gegeven, substantielÿk was gezegd," dat die wagmeester Davel ontslaan is maar herstel sou moes word "of S.V. de donder zal er meede speelen want de Heemraaden zÿn S.V. verdomde moerneukers" wat "om een stuk kost en een glas wÿn" by die Landdros lê, en sy guns soek.

Toe Van Jaarsveld verneem dat die Landdros en Heemrade sy gedrag te hore gekom het, het hy homself probeer veronskuldig. Hy beweer dat hy hierdie woorde slegs gesê het "om een spiering uit te gooÿen ten einde een Cabeljouw te vangen, en langs dien weg was het mooglÿk den Lieut. Carel Johannes Tregard uit te hooren, die echter dezelve met stilswyge had beantwoord."(60).

Op die 10de September het Van Jaarsveld aan Maynier geskryf dat hy 'n buitengewone kommando op die been gebring het, om aan die begin van Oktober uit te trek teen die Boesmands, wat deur deur Pieter Ernst Kruger op sy laaste kommando ongestoord gelaat is. Hy sou dan ondersoek "hoe verre den roovers noordwaarts zig ophouden, door wel ondervraagen en bedreiven" om so uit te vind hoe om die kommando's uit te stuur. Verder "zal men onderzoeken off de Bossiesmans tot aan den groote rivier noordwaarts leggen en of agter haarlieden een ander soort natie te vinden zÿn dat men daaruÿt omtrend kun bevroeden hoe sterk onze vyands magt mogte weezen" ens. (61).

Maynier het sy verwondering uitgespreek dat Van Jaarsveld, sonder sy voorkennis en "zonder dat voorens de noodzakelÿkheid daarom te hebben doen blyken," op sy eie outoriteit 'n kommando op die been laat roep het. Gevolglik het hy Van Jaarsveld ten/..

(59) G.R. 1/1, 3.11.1794.
(60) G.R.1/1, 1.12.1794.
(61) V.C.68, Van Jaarsveld-Maynier, 10.9.1794,p.p.641-642.

ten strengste verbied om onder enige voorwendsel die voorgenome kommando te laat uittrek (62).

Maynier was dus nie bereid om Van Jaarsveld toe telaat om op te tree soos hy wou nie. Die hand van gesag het ook gestrek tot die oud-veldkommandant.

As ons die begin van die jaar 1795 bereik, staan Van Jaarsveld op die punt om 'n rebellie teen Maynier te lei. Tot dusver het ons nog geen grondige redes gekry waarom hy teen die Landdros en teen die regering moes draai nie. Dit was nie as gevolg van die Kafferpolitiek nie, want Van Jaarsveld het dieselfde politiek as die regering voorgestaan. Hy het nooit spesifiek voor 1795 oor die Landdros se Hottentotbeleid gekla nie. Telkens as hy iets teen die Landdros en Heemrade gesê het, het hy om verskoning gevra en daardeur bewys dat hy geen grond vir sy bewerings gehad het nie. Waar hy spesifiek teen Maynier en Heemraadslede gekla het, het hy altyd in die vaagste terme gepraat, en hoegenaamd geen bewyse ter stawing van sy bewerings ingebring nie.

Van nou af sou Van Jaarsveld openlik saamstaan met die bende wat hy in 1784 bestempel het as 'n "rebellerende bende." Hy sou al verder en verder op dieselfde pad gaan, totdat hy in 1799 in die tronk beland het, op aanklag van hoogverraad.

(62) V.C.68, Maynier - Van Jaarsveld, p.p. 639-640.

- - - - - - - - - -

# HOOFSTUK 6.

## VAN JAARSVELD: LEIER VAN DIE REBELLIE. 1795-1796.

Op 6 Maart 1795 het Maynier aan die Politieke Raad meegedeel dat hy op 6 Februarie van die drosdy van Graaff-Reinet deur 'n bende boere weggeja is (1).

Reeds in Januarie het gerugte hom ter ore gekom, ten effekte dat sekere kwalik-gesinde boere (o.a. De Buys en C.F. Bezuidenhout) die ander boere opstook om hom, met sommige heemraadslede "geweIddadig aan te tasten." Hy het verder verneem dat hulle, nadat hulle hom sou verjaag het, die Kaffers wou aanval en hulle van hul besittings beroof. Gevolglik het hy alles in sy vermoë gedoen om die sameswering teë te werk; dog tevergeefs.

'n Aantal manskappe het op 4 Februarie bymekaar gekom, nie ver van die drosdy af nie. Hulle het Van Jaarsveld en C.J. Tregard afgevaardig om na Maynier te gaan, ten einde hulle eise aan hom voor te lê. Die twee afgevaardigdes het, nadat hulle voorgegee het dat hulle gedwing is om te kom, verklaar dat die versamelde burgers vereis dat die Heem- en Krygsraadslede onmiddellik byeen geroep moet word. Maynier het ingewillig om aan hulle versoek te voldoen, omdat hy gemeen het dat hy, deur toe te gee, miskien die weg kon open tot die oplossing van die geskille wat daar in die distrik bestaan het.

Nadat al die lede, wat binne bereik was bymekaar gekom het, is Van Jaarsveld en die Tregards binnegelaat. Hulle het verklaar dat hulle alle moontlike pogings aangewend het om die versamelde burgers tot "raison"te bring, dog dat hulle volgehou het met hul eise, en verklaar het dat hulle geen versoekers was nie, maar dat hulle vir hul regte opkom. Hulle het toe versoek dat die absente lede ook gedaag word, en wanneer die vergadering voltallig was, hulle weer sou verskyn, ten einde die hele saak voor die vergadering te lê. Hieruit het Maynier afgelei dat die hele saak voortspruit uit die onenigheid tussen die Heem - en Krygsrade. Hy het/..

(1) C.108 Resolusies, p.460 e.v.

het dus sy gewilligheid verklaar om aan hul versoek te voldoen, en aan Van Jaarsveld gevra om sy bes te doen, "als braave Christen en trouwe Vaderlander," om rus en orde te herstel onder die manskappe. Van Jaarsveld het beloof om dit te doen. (2).

Die voltallige gekombineerde vergadering van Heem en Krygsraadslede het op 6 Februarie bymekaar gekom. Maynier het hulle aangemoedig om dapper te bly en hul bes te doen om 'n skikking met die burgers te probeer tref. Daarna het die vergadering verdaag, en buitentoe gegaan, waar die manskappe reeds bymekaar gekom het en op hulle gewag het. Die Landdros het begin deur hulle toe te spreek, en sy bereidwilligheid te kenne te gee om alle billike versoeke in oorweging te neem, en indien moontlik, 'n oplossing te vind vir die moeilikhede. Die burgers was egter gladnie hiermee gediend nie, en het daarop aangedrang dat Marthinus Prinsloo aan hom 'n geskrif moes oorhandig. Hierdie geskrif is getiteld "Te Zamenstemming," (3), en is geteken deur ongeveer 45 burgers. Dit is reeds op 29 Januarie geskryf. Dit begin as volg: "Een vereniging der burgers en te saamen vast geswoorene accoorden voor onze rust en veiligheid onzer burgerschap en onzer nakoomelingen veiligheid als dat wy ons ondergets. alle niet langer onder den verkeerden directie van het verdraaÿt aangematigde directeurschap van Mr. Maynier beneffens zÿn raad die hun ëyge eed en pligt weegens de burgerÿg verbreeken en niet gadeslaat, voor hun niet langer te willen buigen nog veel min gehoorzame of eenigsints iets van hun te accepteeren..." Daarna word die redes vermeld waarom hulle tot hierdie drastiese stappe wou oorgaan, en vervolg daarna: "dat hulle tot dusver nog tevrede gewees het, maar nou kon hulle dit nie meer langer uithou nie. Maynier en sy hele "cabulen raad" lê hulle daarop toe om "onder een valsche schyn van weldoen den Colonie uit te mergen en den burgery ten onder te helpen, ... om.. het volk den ouden spaanschen juk weder op te setten...." Vervolgens beveel hulle dat Maynier (en al sy "cabalen") binne 3 dae uit Graaff-Reinet moet vertrek, en daarna sal hulle nie weer toegelaat word/....

(2) G.R.1/1 Notule van Landdros en Heemrade, 4.2.1795; V.C.68, p.p. 163-167.
(3) V.C.68, "Te Zamenstemming," p.p. 183-189.

word om hul voete binne hierdie distrik te plaas nie. Indien hulle nie aan hierdie bevel gehoor gee nie, sal hulle bereid moet wees om die gevolge te verduur. Hulle verklaar verder dat die Krygsraad nie sal ontbind voor en aleer die "bastard B-gemaakte wetten" herroept en deur ander wette verplaas is nie, en voordat hulle weer al die geroofde vee van die Kaffers, "door het zweerd volgens hunnen eed en pligt" teruggekry het nie. Dan eindig die geskrif as volg: "Nu zullen wy ondergets. dit in getrouwheid besluiten en onder eede bevestigen elkander getrouw te blyven tot den laatste droppel bloed tot onzer eigen lands beste en onzer eygen burgerbelang en veiligheid en behoudenis onzer nakomelingschap om nimmermeer dezulke verbasterde wetten te gehoorzamen maar door een algemeene volkstem wederom conforma te eyschen...."

Nadat hierdie geskrif gelees is, het Maynier hom bereid verklaar om hom neer te lê by hul bevel, aangesien hy blykbaar nie meer welkom was in hule midde nie. Hy het geen verdedigins-middele tot sy beskikking gehad nie, en dus het hy dit gerade geag om toe te gee. Die volgende dag het hy en sy huisgesin van Graaff-Reinet vertrek (4).

Wat was die redes wat die burgers aangegee het waarom hulle tot hierdie rebelse stap oorgegaan het? (5) In "Te Zamenstemming" het hulle die volgende redes aangegee: (1) "Omdat de Caffers met geweld heeft aangedrongen en een groot gedeelte van ons bewoond burgersland ons van den Ed. Cie; in leening vergund, heeft, ont-noomen al ons vee, met geweld ontrooft, en het gantsche veld den landlui uitdrufende zodat het veld den vyand is ten prooy gesteld, waarop Mr. Maynier en zyn Raad een placaat heeft gestatueerd, dat een yder zyn plaats zoude betrekken binne den tyd van een maand en zo niet, dat hy de plaats zoude aan een ander geeven." Hierdeur wou Maynier hulle nog meer "in een ongemak" dompel/..

(4) G.R. 1/1, Notule van Landdros en Heemrade, 6.2.1795, V.C. 68, p.p.163-172.
(5) V.C. 68, "Te Zamenstemming," p.p.183-188. Kursivering van my.

dompel. Verder verklaar hulle dat die "ruïnering" van die Kaffers baie boere is groot armoede gedompel het. Nogtans het Maynier is dieselfde plakkaat bepaal, dat "wanneer er vee op ymands plaats werd gevonden om zig over dezelve meester te maake en ter profyte der Colonie te betrekken." Dit het hulle nog meer onstem, omdat Maynier "reeds op den expeditie zig zo ontrouw heeft betoond en heeft dog voor hem doppelt genoomen ten prooy te van hem, en landlui, ja weduwee en weezen onderdrukt en de burgery in alle verdrukteheid laate steeke ons niet toelaatende onze vyand te mogen terughouden maar bevel gevende om ongehindert te laaten passeeren waar ze willen ja selfs passeerbriefjes hun gegeeven om uit en in't Cafferland te loopen en het land hoe langer hoe meer te bespieden." Tot dusver hul klagte aangaande die Kafferbeleid van Maynier. (2) Hulle kla oor sy Hottentotbeleid, naamlik dat hy die boere hul werkvolk ontneem, en selfs krale by die drosdy aanlê om die volk te huisves. Die ekspedisies teen die Boesmans kon nie deeglik aangepak word nie, omdat die boere, aldus sonder werkvolk, nie hul plase onbeskermd kon laat agterbly om op kommando te gaan nie. Hulle vervolg: "wy hadden nog te vreeden geweest, indien wy nog verhoord wierden en de Hottentotten waaren gelyk gesteld maar nu wy agter staan moeten, ben wy er niet mee te vreeden." (3) Hulle staaf hulle bewering dat Maynier hom daarop toegelê het om die kolonie "uit te mergen" en die burgery "ten onder te helpen," deur die verklaring dat die jaarlikse opgaaf altyd deur hom verhoog is, vergeleke by die opgawe deur hulle self aan hom opgegee. Ook dat hy en "den smous den dominee op dubbelt woeker winst tegens de wetten en placaten der hooger overheid zo wel aan hottentotten als aan burgers word versmokkelt, verruylt en verpakt alles ter voordeelen van Maynier en zyn cabalen." Daarna gaan hulle voort met vae beskuldigings van soortgelyke aard, b.v. dat Maynier nie kwitansies gee as die boere geld aan hom betaal nie en dan later die geld 'n tweede keer eis, ens.

In/....

In Maart 1795 is Aloff Godlieb de Wet, president van die Raad van Justisie, deur die Politieke Raad aangestel as Kommissaris, om ondersoek in te stel na die oorsake vir die onlust in Graaff-Reinet (6). Tydens sy verblyf in Graaff Reinet het hy twee geskrifte ontvang, een geteken deur 276 boere an die ander deur Van Jaarsveld en A.P. Burger. In beide hierdie geskrifte is die redes aangegee waarom die rebellie plaasgevind het.

Volgens die brief met die 276 naamtekening (7), was die volgende redes oorwegend as oorsaak vir die uitbreek van die rebellie: (1) Alhoewel hulle almal betaal het soveel hul kon, om te voorsien in die behoefte wat ontstaan het aan 'n "rechthuys," waar "billikheid en geregtigheid zou geoeffend worden," tog is daar geen billikheid en geregtigheid by die drosdy nie. Dan volg 'n reeks voorbeelde om hierdie stelling te bewys. (2) Maynier het hulle teleurgestel. Toe hy as landdros aangestel is, het hulle gemeen "hÿ is ons landsman en hÿ zal alle fouten verbeteren." Dog, sodra hy verneem het dat hy Landdros sou word, "begon het al te veranderen," en toe hy as Landdros aangestel is, "is hy geworden een monster, ja doen heeft hÿ hem schuldig gemaakt aan zaaken die den hoogste straf verdienen, hÿ is geworden een tyran, een dief, een verdrukker van weduwen en weezen, ja een moorder van de burgerÿ." As bewyse hiervoor haal hulle aan dat hy sou gesê het, "ik ben niet alleen Landdrost, maar ook weesmeester, vendumeester, ja, koning van Graaffe-Reinet. Woeke kon niet doen wat hÿ wou, maar hÿ zou niet alleen doen wat hÿ wou, hÿ zou nogtans boven dien in de vleugels der patriotten laaten kappen, al zou hÿ het door de handen van de heidenen laaten doen...." Hy het dit ook gedoen, want hoeveel boere is nie deur die Kaffers vermoor, hoeveel vee gebuit en plase deur die Kaffers verneiel nie, terwyl Maynier, deur plakkate, uit naam van die regering, hulle verbied het om 'n skoot terug te vuur "op poene van de dood." Toe hy gesien het "dat het op het/....

(6) C.108 Resolusies, 6.3.1795, p.573.
(7) V.C. 68, p.p.60-86(Brief dateerd 16.4.1795) Kursivering van my.

het tipje geloopen was en genoeg na zyn zin vermoord is geworden en ook verdistrueerd waren en den burger doen zelfs de hand aan de werk sloeg en op hun eygen vyligheid begon verdag te worden," toe het hy besluit om iets te doen. Selfs op hierdie stadium het hy die boere verbied om op die kaffers te skiet. Daarna het hy Kaptein de Jager sy bevel ontneem, en toe vrede gemaak met die Kaffers, nadat hulle genoeg skade aangerig het. Hierdie vrede was slegs "ten zynen voordele tot schande en schade van God en mensch neevens een leugenachtig raport aan de hooge regering." Binne 'n maand nadat vrede gesluit is, het die Kaffers weer begin moor en steel. Toe hulle by Maynier gekla het, het hy geantwoord dat hulle hierdie Kaffers moes skiet omdat hulle rondlopers was; maar hulle is self vermoor in plaas van die Kaffers. "Wy vragen met alle eerbied, of die vent wel waard is dat hy leefd, en of zo een schurk over ons als een Rigter kan en mag regeeren.... Leert ons God en de naatuurwet ons niet wanneer wy een na het leeven staat ..... dat ik geweld met geweld moet en mag te keer gaan."

Nadat hulle hierdie besware teen Maynier ingebring het, verklaar hulle dat hulle alleenlik teen Maynier rebelleer het, en nie teen die regering nie. Hulle glo dat die regering nie verantwoordelik gehou kon word vir hierdie toestand van sake nie, maar dat hulle deur Maynier se valse rapporte mislei is. Maynier wou hulle almal "als zyn lyfeygene knegten" gebruik. Hy is "de oproermaker, den verderver van land en volk, een krenker en quetser van de magt dien hem gegeven is." Hulle het dus "niets meer gedaan als hem als Cantoorknegt en een schadeloos subject van God en mensch naar huys gezonden." Die res van die brief gaan op soortgelyke toon voort, met persoonlike en nietige aantygings teen Maynier, en vra, onder anders, "waarom moeten wy onder de hydens staan en voor en onder hun bygen en moet ons als honden laater vermoren, ons onse besittinge ontneemen en mog geen tegenweer doen als onder een bepaalde perk."

Van/....

Van Jaarsvle[e/d] en A.P. Burger het in hul "Memorie,"(8) waarin vervat is "de punten der volksbezwaaren zoveel men uit hunne razende monden heeft kunnen ontwaarden," die volgende redes vir die rebellie aangegee:

(1) ...dat het Commando op de Caffers door Landdros en Heemraaden niet na behooren is uitgevoerd geworden, maar dat dezelve na willekeur van Landdrost en Heemraaden ten verderf van land en volk zÿn gedaan....." (2)"..dat de Krÿgsofficieren zig het zwaard hebben laaten ontneemen en eischten dat het zwaard tot hare bescherming zouden werden opgevat, of dat die krygsofficieren door haar andersints nooit zullen werden erken." (3)"Dat Landdrost en Heemraaden de deelinge over de beestraal (?) bÿ gunsten en eige belang heeft gedaan en daar van geen waar behoorlÿk raport aan de Hoge Regering heeft gedaan." (4)"Daat door de Landdrost en Heemraaden zÿn geaffigeert onder scherpe bedreiging van verbeurten van plaats en goederen" aan almal wat dit nie nakom nie. Hierdeur het sommige hul hele besittings verloor en ander "het leven hebben moeten laaten." (5) "Dat de opgaven die na conscientie geschieden niet worden gehouden maar meer dan zÿ ooit in mog bezeten, worden vergroot...." (6)"Dat de van haar in huur hebbende Hottentotten dikwÿls komen op te drossen en dan niet na regteeigenaars werden terug gegeeven, maar per gunst aan anderen werden besteed of van den Landdrost zelfs in dienst gehouden als mede ander Hottentotten die over haare g baazen komen klaagen op de zelvde wyze worden gehouden en behandel..." en daarom ook is die kommando's teen die Boesmans so swak bygewoon. (7) Dat sekretaris Vercuil ten onregte bestraf is. (8) Dat die volk vra dat die Kaffers, genoem die Mandankies verdryf word.

J. G. Tregard het aan Kommissaris de Wet verklaar (9) op 16 Junie, dat die opstand voortgespruit het uit die verbittering teen Maynier, wat veral gevolg het op sy handelwyse in die oorlog van 1793. Die boere was veral kwaad, omdat, volgens hulle, die hoofdoel van die kommando, n.l. om volkome skadevergoeding van al die geroofde vee te gee, nie verwesenlik is nie.

In/...

(8) V.C.68, p.p.113-117. Kursivering van my.
(9) V.C.68, De Wet se verslag, p.44.

In Oktober 1795 het die burgers 'n brief aan Craig gerig waarin die redes vir die rebellie as die volgende gegee is (10).
(1)..."at onze Vaderland, het welke men neevens zig zelven bemint t tot een staat van Armoed, Honger, Naakte weduwen en weezen, ten prooÿ van de verwoede heÿdenen door moedwil ging vervallen."
(2) Hulle het reeds vir 26-28 jaar vir die verediging van die grensdistrikte gesorg, wat anders vir die Kompanjie miljoene van ponde sou gekos het. Nogtans is hulle, "teegen zooveele smeekende verzoeken om verligtingen," steeds swaarder en swaarder belas. (3) Hulle het die laagste pryse vir die "beste waar waaren " wat hulle produseer het gekry en is verbied om hul produkte aan die "zeevaarende " te verkoop. (4) Hulle kla oor die papiergeld wat nog in omloop is, nieteenstaande die beloftes om dit weer in te wissel. (5) Hulle is ververbied om enige benodighede uit die buiteland te kry. "Uit dien hoofde is D'E, Cie., met alle desselfs onwettige beamptenaaren, door't Algemeene Volkstem bedankt geworden...." Hulle verklaar volmondig dat "het nooÿt gedacht is geworden om geen tribuut aan een wettige regeering die het Lands beste beoogt te doen, maar wel alleen aan diegene die het Lands verderf bewerken, niet te doen."
(6) Maynier is verjaag, om dat hy "bÿ de Ed. Cie om hogere Ampte Solisiterende, dog niet alleen voor 's Comp. - belangen, maar door zÿn eÿgen baatzugt, de Colonie, zoowel als den Burgerstaat, heeft doen verarmen, temeer door slechte directie, gedeeltelÿk aan de Inlandsche b vÿandern heeft verronselt, zoo wÿ't geen niet in tÿds waaren voorgekoomen, was het vast te laat geworden, om de Inbruÿken der Vyanden te Stuyten, watn men tot heeden toe nog daaglÿks heeft te doen om de Caffers uit onze lande te verdrÿven."
(7) Kaptein Cornelis Coetzee, en Heemrade H.M. van den Berg en Stephanus Naude is verja, omdat hulle "het algemeene welvaart tegens haaren Eed en pligt aan eene nietige Vrienschap van de Landdrost heeft opgeoffert, ende met hem gestemd...."

Uit/..

(10) B.O. 26, Burgers-Craig, 29.10.1795. Kursivering van my.

Uit al hierdie bronne blyk dit dat die oorwegende redes wat aangegee is vir die rebellie, die ontevredenheid oor Maynier se (1) Kafferpolitiek en (2) Hottentotbeleid was.
(1) Aangaande sy kafferpolitiek het hulle gekla oor die oorlog van 1793 en oor die verdeling van vee, en oor sy houding na die oorlog. (2) In verband met sy Hottentotbeleid het hulle gekla dat hulle "onder de hydens" moes staan en dat Maynier die Hottentots oral voorgetrek het. Ons het reeds in 'n vorige hoofstuk gewys wat ander van Maynier se aanvoerderskap in die oorlog van 1793 gesê het en van sy na-oorlogse beleid. Ons het ook gewys wat Maynier en ander gesê het i.v.m. die verdeling van vee. Ook het ons gewys op die feit dat daar geen rede is om aan te neem dat 'n kommando in 1794 suksesvol sou gewees het, waar die een in 1793 gefaal het nie. Ons het ook aangestip voor watter moeilikhede Maynier wel te staan gekom het i.v.m. die Hottentotkwessie.

Wat het Van Jaarsveld as redes vir sy deelneming aan die rebellie gegee? Hy het nie "Te Zamenstemming" op 29 Januarie onderteken nie, maar ons kan aanneem dat hy altans nie beswaar daarteen gemaak het nie, want op 4 Februarie het hy die burgers by die Landdros verteenwoordig en toe die geskrif op 6 Februarie gelees is, het hy nie beswaar daarteen gemaak nie. Hy het ook nie die brief wat deur 276 persone geteken is, onderteken nie, maar die inhoud daarvan is feitlik dieselfde as die brief deur homself en A.P. Burger geskryf; en meer nog kan ons vermoed dat hy dit nie geteken het nie, omdat hy daarin verdedig word teen Maynier. Die brief van 6 Augustus 1795 aan Craig het hy wel onderteken. Hy het dus heimlik, sowel as openlik, al hierdie redes vir die rebellie onderskryf, alhoewel sy Kafferpolitiek feitlik ooreengestem het met die van Maynier, en hy nie sy besware teen Maynier se Hottentotbeleid in Augustus 1794 as belangrik genoeg beskou het om in sy brief teen Maynier in tesluit nie. Dit is opmerklik dat/..

(11)Sien Hoofstuk 4.

dat Van Jaarsveld op 4 Februarie, en later weer in sy brief aan de Wet in Mei 1795, wat ons so pas aangehaal het, voorgegee het dat hy gedwing is om te handel. Is hierdie optrede nie daaraan toe te skryf dat hy geen werklike rede gehad het om in die Kamp van die "rebellerende bende," wat Marthinus Prinsloo en C.F. Prinsloo ingesluit het, te verkeer nie?

Van Jaarsveld se optrede van 6 Mei 1793 teen Maynier is 'n raaisel, en sy optrede teen Maynier op hierdie stadium is 'n voortsetting van daardie begin. Ons het tot dusver nog geen wettige redes gevind waarom Van Jaarsveld teen Maynier sou optree nie. Al rede wat oorbly is dat Van Jaarsveld in geen opsig hom meer wou onderwerp aan enige gesag nie, moontlik as gevolg van die invloed van die voorstanders van die vreemde ideologieë.

//// //// ////

Van die dag dat Maynier verjaag is tot die koms van Kommissaris De Wt op 30 April het daar nie veel op Graaff-Reinet gebeur wat van belang is nie. Geen drastiese stappe is geneem soos 'n mens sou kon verwag nie.

By sy aankoms het De Wet die burgers wat voor die drosdy vergader het, toegespreek en sy misnoeë te kenne gegee oor hulle gedrag op 6 Februarie wat plaasgevind het, ten spyte van al die pogings deur die regering aangewend om hulle tegemoet te kom. Hy het egter gekom om die welvaart van die distrik te bevorder en orde en rust te probeer herstel. Nadat hy hulle klaar toegespreek het, het die burgers hul eenparig bereid verklaar om sy outoriteit te erken.

Daarna het die Heem- en Krygsrade aan hom meegedeel dat alle geskille, wat daar tussen hulle bestaan het, verwyder is vandat Maynier verjaag is en dat die lede "over en weder alles hadden vergeeten en vergeven." (13).

Op 7 Mei het die vergadering 'n brief van Marthinus Prinsloo bespreek, waarin hy kla oor die invalle van die Kaffers. Die

Kommisaris/..

(13) G.R. 1/2 Notule van Landdros en Heemrade, 30.4.1792; V.C.68, De Wet se Verslag, p.p.17-18.

Kommissaris het beloof om sy bes te doen om deur onderhandelings die kaffers te beweeg om oor die Visrivier te trek (14).

Op 1 Junie is De Wet gelas uit naam van die Volkstem om nie voor 20 Junie na die Kaap te vertrek nie. Die volgende dag het hy Van Jaarsveld en Smit versoek om weer op die Krygsraad te dien, omdat daar tot dusver nog niemand aangestel is om hulle plek op te vul nie, en "om hunne betoonde yver en vigilantie in den burgerkrygdienst". Hul het albei die aanstellings aanvaar (15). Vier dae daarna het hy berig ontvang dat 'n gewapende byeenkoms by Marthinus Prinsloo sou plaasvind, sonder dat die rede hiervoor aan hom bekend gemaak is. Op 7 Junie het hy op reis gegaan in die distrik, en by sy terugkeer op die 12de het hy verneem dat 'n aantal gewapende manne van Agter-Bruintjieshoogte op die dorp vergader het en dat hulle nog meer verwag het op die 15de.

Hy is op die 16de deur Van Jaarsveld, J.G. Tregard, H. Smit, B. Lindeque e.a.. gedaag om voor die drosdy te verskyn, waar ongeveer 200 gewapende manne op hom gewag het. Hierdie bende was onder aanvoering van Marthinus Prinsloo en Gerrit Rautenbach. Op De Wet se vraag waarom hulle aldus vergader was, het Prinsloo geantwoord: "Wÿ moeten de heemraaden en krÿgsofficieren spreeken, aan laatsgem. ingezonderheid b vraagende, waarom gÿ niet beeter gevigileerd hadde, bÿ gelegendheid van het Caffer Commando's, en zich het zwaard uit de handen laaten neemen." Daarna het hulle De Wet baie onbeleefd en onbeskof aangespreek en toegejou. Toe beskuldig hulle hom "teegens de Caffers heb je ons niet gemaintineerd." Hierop het De Wet hulle daarop gewys dat die 5 persone, Van Jaarsveld, J. G. Tregard, D. de Villiers, C.D. Gerotzeh en A.H. Krugel, wat hulle self op 1 Mei aangestel het om hom i.v.m. die Kafferkwessie voor te lig, hom aangeraai het om nie 'n aanval op die Kaffers te doen nie! Al het die Kaffers baie van hulle vee gebuit, nogtans sou 'n oorlog met hulle slegs "de Schadelÿkste/

(14) G.R. 1/2, 7.5.1795.
(15) V.C.68: 2.6.1795.

schadelÿkste en verderfelÿksten" gevolge vir die distrik hê. J.G. Tregard het hierop verklaar dat hy van opinie verander het, maar Van Jaarsveld het betuig dat hy nog nie sy oortuiging gewysig het nie. Daarna het hulle de Wet gevra waarom hy nie na Bruynshoogte gekom het om sake vir homself te ondersoek nie. Hierop het hy verklaar dat,,weens swak gesondheid, hy nie 'n reis daarheen kon onderneem nie. Ander uitroepe is teen hom geslinger, soos: "hÿ is niet gekoomen om de burgers te maintineeren, maar om de Kaffers en Hottentotten tegen de burgers te beschermen," ens. Uiteindelik het hulle hom beveel om die kolonie binne 'n paar dur te verlaat (16).

De Wet is dieselfde dag weg Kapptoe.

Met die verjaging van De Wet het die burgers bewys gelewer dat hulle reeds in Februarie vir Maynier as verteenwoordiger van die gesag, en hie as persoon, weggeja het nie. Aangesien Van Jaarsveld weer een van die leiers van die beweging was, kan ons aflei dat hy ook geen gesag meer op die grens wou erken nie. Hierdie gesindheid teenoor die gesag, sou later nog duideliker te voorskyn kom, toe Landdros Bresler verjaag is.

Hierna het die rebelle van Graaff-Reinet 'n kans gekry om op hul eie die bestuur van die distrik te onderneem.

Op 27 Augustus is Jan Booysen gekies as President van die Heemraad en Adriaan van Jaarsveld as President van die Krygsraad (17). Laasgenoemde het dus weer sy vroeër gesag herwin - hy was nou weer baas in die distrik van Graaff-Reinet soos voor 1786.

Daar is op dieselfde vergadering besluit, op Van Jaarsveld se voorstel, dat alle beamptes na hulle aanstelling deur die "Algemene Volkstem" goedgekeur moes word. C.D. Gerotz is daarna op 14 September as landdros in die naam van die "Algemene Volkstem" gekies (18).

//// //// ////

In die tussentyd het die Engesle die Kaap oorgeneem (19). Die klein troepemag aan die Kaap kon nie veel weerstand bied teen die Britse/...

(16) V.C.68, Notule gehou deur Sekretaris Truter van die gebeure op 16.6.1795 te Graaff-Reinet, p.p.138-151.
(17) G.R.1/2, Notule van Landdros en Heemrade, 27.8.1795.
(18) Ons verwys later na hulle werk.
(19) Walker, History of South Africa, p.p.125-127.

Britse magte nie, en op 16 September is die terme van kapitulasie by Rustenburg onderteken.

Die Engelse regeerders, Goewerneur Henry Dundas en Generaal Craig, het binnekort bekend geraak met die toestande in die distrik van Graaff-Reinet. Dundas het geskryf dat volgens sy inligting die boere rebelleer het, as gevolg van die onderdrukking wat hulle onder die bewind van die Hollandse Oos-Indiese Kaompanjie ondervind het maar dat hulle nie tot die uiterste stap sou oorgegaan het, as dit nie was vir die invloed van die Franse filosofiese idees nie (20).

In 'n brief van 29 Oktober (21) het die leiers van die beweging in Graaff-Reinet, o.a. Van Jaarsveld, 'n brief aan Genl. Craig gestuur, waarin hulle die redes vir die rebellie uiteensit (22). Hierin het hulle ook bekend gemaak dat die Algemene Volkstem "Representanten" gekies het "om het burgerbelangen, saaken en regten voor de Collegie te deffendeeren." Die Heem-en Krygsraad het besluit dat die Representante altyd die vergaderings moes bywoon. Hieruit het hulle dit as vanselfsprekend aangeneem dat die regering ook die "representanten des volks " sou erken. Hulle het verder versoek dat die distrik "met vasgestelde regeerende hoofden" voorsien moet word; hoe eerder hoe beter. Vervolgens beloof hulle dat hulle "als mannen, volgens onzen eed en pligt, niet nalaaten zullen, tot behoud en welvaard van den staat meede te werken."

Craig het gemeen dat hierdie brief die begin van 'n nuwe tydperk van rus en orde aangekondig het. In sy antwoord (23) op hierdie brief het hy as volg geskryf: "I desire to drop all notic of what has passed and only to look forward to days of, I trust, greater prosperity to the Colony, and more happiness to the Inhabitants...." Hy het die aanstelling van Gerotz as provisionele landdros goedgekeur totdat die pasgekose Landdros, Frans Reinhard Bresler, arriveer. Bresler het hy beskryf as "a man of Honour and integrity/..

(20) R.C.C.I, p.155.
(21) B.O. 26, Landdros, Heemrade en Volksverteenwoordigers-Craig, 29.10.1795; R.C.C. I, p.p.208-210.
(22) Vgl. p.
(23) R.C.C.I, p.234-236.

tegrity, unconnected with every party, and desirous only to render his duty compatible with the happiness of all." Aangesien die Engelse regering nie 'n kommersiële onderneming was, soos die Hollandse Oosindiese Kompanie nie, sou hulle ook geen wins uit die kolonie soek nie. Slegs belastings wat nodig was vir die onderhoud van die regeringsbeamptes, sou geheg word. Monopolies en alle beperkings op binnelandse handel sou geheel-en-al opgehef word. Die brief eindig: "His Majesty's Government has no object in view but the prŏperity of the Colony and the happiness of the Colonists."

Die boere het dus beloof om rus en orde te handhaaf, en die regering het op sy beurt sy voorneme te kenne gegee om hulle sover moontlik tegemoet te kom. Maar die rus en vrede was nog iets van die verre toekoms.

Op 7 Januarie 1796 het Van Jaarsveld aan die lede van die Heem - en Krygsraad en die Volksverteenwoordigers gevra of hulle "geneegen zyn, hem te verzeekeren dat zy in hun Voornemen standvast, en tot waare Rust en Welvaard, ja tot behoud van ons Vaderland getrouw blyven en tot best van't selve mede werken zullen, ja, veel liever te stierven als ontrouw te worden."(24). Die lede het hom hiervan verseker.

Binnekort sou dit duidelik word wat hy hierdeur bedoel het.

Landdros Bresler het op 30 Junie 1796 by die Swartsberg, aangekom. Hy het daar 'n vergadering van al die burgers in daardie kontry belê. 17 van hulle het hier gewilliglik die eed van getrouheid aan die nuwe regering afgelê. Hy het dit beskou as 'n goeie voorbode (25).

By sy aankoms op Graaff-Reinet op 9 Februarie sou hy egter disillusioneer word. Hy het by die plaas van H.M. van den Berg tuisgegaan, vanwaar hy aan Gerotz 2 briewe geskryf het. Gerotz het verbasende antwoorde aan hom teruggestuur. Hieruit het hy duidelik/....

(24) G.R1/2 Notule van Landdros en Heemrade, 7.1.1796.
(25) B.O. 26, Bresler-Craig, 30.1.1796.

duidelik gewaar dat die Volksverteenwoordigers die drosdy oorgeneem het. Gevolglik het hy nie langer op Gerotz gewag om hom te kom afhaal nie, maar alleen na die drosdy gegaan. Daar het hy voor 'n geslote deur beland. Gerotz het die Landdros se woning vir hom en Eerw. van Manger, wat hom vergesel het, oopgesluit, maar die deure van die vergadersaal en die Landdros se kantoor moes vir hom geslote bly. Gerotz het hierna vertel dat die Verteenwoordigers hom forseer het om dit te doen. Hy het vertel hoedat hy reeds verskeie pogings aangewend het om weg te vlug, maar telkens weer verhoed is. Sekretaris Vercuil het dieselfde getuig. Hy was bereid om hierdie getuienis te glo (26).

Bresler moes nou wag totdat die Verteenwoordigers sou besluit om hom toe te laat om die regeringspapiere in hande te kry. Eers op 22 Februarie het die Heem-en Krygsraad en die Verteenwoordigers bemekaar gekom. Gerotz en Krugel, as provisionele Landdros en Volksverteenwoordiger onderskeidelik, is afgevaardig om Bresler uit te nooi om die vergadering by te woon. Hy het geweier om aan hierdie versoek te voldoen, solank die Verteenwoordigers in die vergadering bly, omdat hulle volgens die Proklamasie van 7 Oktober 1795, ~~aangesien hulle~~ nie 'n wettige liggaam was nie, ~~nie erken word nie~~. Nadat hulle vir die derde keer die versoek herhaal het, het hy ingewillig om in te gaan. Hy het hulle egter baie duidelik laat verstaan, dat hy die vergadering geensins in sy offisiële kapasiteit as Landdros bywoon nie. Na 'n kort toespraak waarin hy die lede aangemoedig het om lojaal te wees aan die regering, het hy die vergadersaal verlaat.

Die lede het hom na sy vertrek gevolg. Hier het van Jaarsveld gevra wanneer hy hulle weer bymekaar wou laat kom. Bresler het geantwoord dat hy hulle dieselfde middag met die bode sou laat roep, maar van Jaarsveld het aangehou dat die klok gelui moes word - iets wat nooit vroeër gedoen is nie. Bresler het egter geweier om toe te gee, en in die middag die bode met die aanskrywing na al die lede gestuur, om hulle na die vergadering te daag. Die bode het teruggekom en verklaar dat hy nie durf uitgaan met die aanskrywing nie, omdat die name van die Volksverteenwoordigers/..

(26) B.O. 26, Bresler-Craig, 26.5.1796, Vgl. B.O.27, Oertel-Carig, 22.7.1796.

verteenwoordigers nie daarop verskyn het nie. Daarna het Van Jaarsveld weer by hom gekom en verklaar dat die mense reeds agterdog in hom gekry het, en hom nie vertrou nie.

Aangesien die Heem- en Krygsraadslede nie op sy aanskrywing wou vergader nie, het hy besluit om al die burgers wat in die dorp versamel was, byeen te roep en sy instruksies aan hulle voor te lees. Reeds voordat hy verskyn het, het sommige burgers die Britse vlag afgeruk. Bresler het sy instruksies voorgelees en daarna aan hulle gevra of hulle Sy Majesteit die Koning Van Engeland as hulle koning erken, Maj. Genl. Craig as hulle goewerneur, en homself as hulle wettige Landdros. Die menigte het geweier om enige van die 3 persone te erken. Hieroor het Bresler sy verbasing uitgespreek veral in die lig van die beloftes wat die burgers in die brief van 29 Oktober aan die Goewerneur gedoen het. Sommige boere het ontken dat hulle enigiets van genoemde brief af weet; ander was geneig om die Eed van getrouheid aan te neem, en hul ontevredenheid uitgespreek oor die handelwyse van die Verteenwoordigers, wat die brief buite hulle wete geskryf het. Hierdie persone het egter geweier om die Eed af te lê, omdat hulle die vorige dag 'n brief van Marthinus Prinsloo, "Beskermheer van die Volkstem" (Protector of the Voice of the People) ontvang het, waarin hy almal verbied het om die eed af te lê tot 22 Maart. Op daardie dag sou hy by Graaff-Reinet teenwoordig wees. Gevolglik kon Bresler niks doen as om te wag tot die 22ste Maart nie (27).

Nogtans het Bresler nie die tyd ledig deurgebring nie. Hy het die proklamasies so ver moontlik versprei, en sy bes gedoen om die boere oor te haal om die eed af te lê, en hulle te verseker van die goeie voornemens van die regering. Hy verklaar dat die grootste gedeelte van die boere reeds oorgehaal was om die eed af te lê, toe Woyer (28) op 21 Maart van 'n reis na die Kaap teruggekeer het. 'n Groot skare het hom verwelkom. Bresler

s/....

(27) G.R. 1/2, 22.2.1796; B.O. 26, Bresler-Craig, 2.3.1796.
(28) Volgens Theal het Woyer in die medisyne studeer in Europa tot 1794. Van daardie tyd het hy as distriksdokter in Graaff-Reinet praktiseer. "He was a warm upholder of French principles and hated England to a corresponding estent. At this time he was doing all he could to induce the farmers not to submit to the British authorities (Theal II, p.8)"

sê verder "He did divulge the most pernicious reports," o.a. dat Skotland en Ierland reeds onder Franse bewind was, dat F Franse magte due Kaap nader, as gevolg waarvan die mense wat reeds die eed van getrouheid in Kaapstad afgelê het, dit teruggetrek het, dat Van Jaarsveld as Generaal van die Nasionaliste aangestel sou word; dat die Kaapse garnisoen hopeloos swak was, ens. Die uitwerking van Woyer se terugkeer was dat al die persone wat die Engelse regering gunstig gesind geraak het, weer omgeswaai het; dié wat nog nie van nasionale kokardes (wit, rooi en blou) voorsien was nie, het dit aangeskaf, omdat hulle bedreig is met die doodstraf indien hulle so 'n kokarde nie besit het nie (29).

Op die 22ste Maart wou Bresler volgens sy instruksies die burgers vra of hulle gereed was om die eed af te lê, maar Kapts. Van Jaarsveld en A.P. Burger het hom aangeraai om dit tot die volgende dag te laat oorstaan. In die middag, egter, het Zacharias van Jaarsveld, Adriaan se seun, Bresler in kennis gestel dat sy vader en die ander gereed was om hom voor die drosdy te ontmoet.

Bresler het dadelik protesteer teen die vreemde Vlag wat voor die drosdy gehang het, dog dit het niks gebaat nie. Hy het sy instruksies en die regeringsproklamasies, onder herhaalde tussenwerpsels, voorgelees. (Marthinus Prinsloo en Tregard het die mense deur gebare gewys hoe om te reageer). Die skare het weer geweier om die eed af te lê. Weer het Bresler die brief van 27 Oktober 1795 voorgelees. Kruger het toe 'n ander kopie wat die gelese een weerspreek, te voorskyn gebring, en voorgegee dat dit die oorspronklike was. Daarna het Prinsloo aan Bresler 'n "Propositie" oorhandig, wat hy moes oordra aan die regering. Daarna het hulle verdaag (30).

Hierdie "propositie" (31) is geteken deur 16 persone, o.a.

Van Jaarsveld/...

(29) B.O. 26, Bresler - Craig, 26.5.1796.
(30) B.O. 26, Bresler-Craig, 26.5.1796.
(31) B.O. 26, Propositie aan den Wel Ed. Heer Bresler, 22.3.1796, p.p. 59-64. Kursivering van my.

Van Jaarsveld, as "Representanten des Volks." Die volgende besluit is hierin vervat: (1) Om den Landdros van burgerweegen te hebben ten eynden om door dien weg diergelÿke slinksche handelwyze te kunnen verhoeden." (2) Dat de Representaten tot behoud van Staat en Constitusie door Instructie bepaald mag worden vasgestel." (3) Dat rekognisiegelde, "der ongewonnene Lande en plaatzen" afgeskryf word, omdat die boere dit nie kan bybring nie. (4) Dat die nodige kruit en lood aan hulle van regeringsweë verstrek word, ter verdediging van die distrik. (5) Dat daar hulp van regeringsweë verleen moet word, aan almal wat deur die kaffers van hulle plase verdrywe en van hulle vee beroof is. (6) Hulle het nie geweier om die Eed van getrouheid af te lê omdat hulle teen die gesag van Groot Brittanje gekant was nie, maar as 'n protes teen sekere regeringsbeamptes. Hulle meen dat 'n tweede een onnodig is, omdat "den eed van trouw eens van het Lands beste zÿn geheyligt hetwelk by alle omwentelingen kon gehouden worden, want een volk die het Land trouw is kan buiten dien tweede Eed, 't selvers bestiere-ders getrouwelÿk voldoen (32). (10) Hulle kla oor Bresler, dat hy by A.M. van den Berg wat deur die burgers gehaat is, gebly het, en dat hy die Britse vlag laat hys het, "bevooren met het volk in eenige onderhandelingen te zÿn getreeden," wat dus beskou moet word as "willekeurige dwingelandÿ." (11) De Wet en Maynier is burgervyande. (12) Hulle sou liewer 'n gebore Engelsman as Landdros wou hê, dan een heimlike partydig Examineerden Affricaander" soos Bresler.

Later het sommige burgers weer na die drosdy gekom, toe Van Jaarsveld die volgende verklaring van die burgers aan Bresler oorhandig het, (33) naamlik (1) dat hulle gewillig was om, soos voorheen, al hul produkte Kapp-toe te bring en (2) Alle "redelÿke" wette en bevele te gehoorsaam, mits die regering hulle van genoeg kruit en lood voorsien. Tregard het hierby gevoeg (3) dat hulle nie teen die Engelse Regering sou veg nie, en (4) dat hulle slegs geweier het om die Eed af te lê, omdat hulle geen veronstkuldiging hiervoor/...

(32) Arts (7) tot (9) herinner ons aan die brief wat op 12 Julie 1791 voor die Heemraadsvergadering gelê is (sien p. e.v.). Hulle vergelyk hulle geskiedenis by dié van Israel se geskiedenis uit die Bybel en sluit: "Als min van deeze alleen groote swaarigheid/...

zwaarigheid door meerder ligt kan ontheft worden, zo zweere men den aardschen kroing den onderwerp in trouwheid neevens die aan Godt te houden." Alles is baie verward.
(33) R.C.C.I, p.368.

*.*.*.*.*.*.*.*.*.

Hiervoor sou hê, indien die Bataafse Republiek die Kaap weer oorneem nie.

Bresler en Van Magner het op 23 Maart uit Graaff-Reinet vertrek en op 19 April in Kaapstad aangekom.

Weereens het die burgers bewys dat hulle teen "gesag" as sulks rebelleer het, en niet net teen een of ander regeringsamptenaar nie. Hulle het nou teen hulle eie beloftes, geweier om die verteenwoordiger van die regering te erken, sonder om hom eers 'n kanse te gee. By sy aankoms was die teenstand reeds 'n voldonge feit. Op 7 Januarie het Van Jaarsveld al deur sy woorde bewys gelewer dat daar iets aan't broei was in die distrik.

//// //// ////

Die leiers van die rebellie het weer die roer van sake in hule eie hande gehad. Wat het hulle nou gedoen?

Hulle het gekla dat Maynier, De Wet en Bresler hulle nie teen die Kaffers beskerm het nie. Maar hulle het nou niks gedoen om bewys te lewer dat hulle klagtes gegrond was nie. Wat hulle wel gedoen het, was om Piet van der Merwe na Sambee te stuur om 'n verdrag met hom aan te gaan (34). Op 14 Junie het Coenraad Buys aan die vergadering van Landdros, en Heem- en Krygsraad en Volksverteenwoordigers rapporteer dat hy "de Caffers zoveel als mogelijk ter ruste gesteld" het. Hy wou weet wie hy moes gehoorsaam, die Landdros of die burger Hendrik Janse van Rensburg, omdat almal onder lg. skyn te buig. Die lede het hom baie hartlik bedank vir sy ywer met betrekking tot die Kaffers, en hom versoek om hierdie onderhandelings in belang van die burgers voort te sit (35). In September van die vorige jaar het drie burgers, Venter, Erasmus en Bester versoek om toegelaat te word om oorkant die Visrivier te bly, omdat die Kaffers ingetrek/...

(34) G.R.1/2 Notule van Landdros en Heemrade, 25.4.1796.
(35) G.R. 1/2, 14.6.1796.

ingetrek en hulle van hul plase verdrywe het. Die lede het hierdie versoek na die Kommissaris verwys (36).

Dit kom voor uit die Notule van die Heem - en Krygsrade van 30 Maart 1795 dat M. Prinsloo die Kaffers wou aanval, maar deur Van Jaarsveld afgeraai is. In die vergadering was lg. besig om die sekretaris Vercuil teen sekere beskuldigings van ontrouheid te verdedig, en verklaar "dat zÿn Ede. (van Jaarsveld) het contrarie was gebleken ten geleegenheid van zeekere tusschen zÿn Ede. en den burger Marthinus Prinsloo gehoudene gesprek belangende de Caffers Natie toen zÿn Ede. poogde hem Prinsloo te detourneeren van't project der volkstem om in't Cafferland in te rÿden en met de zwaard het van de Christenen veroverd vee uit dezelve te haalen, met dat gewenscht success dat voorz. Prinsloo zeide nu dat is wel ⊖ wÿ zullen daar dan van afzien. (37)

Ten opsigte van die Kaffers, dus, het die rebelle nie drasties opgetree nie, soos 'n mens sou kon verwag, veral in die lig van die klem wat hulle deurgaans op hierdie saak gelê het, as oorsaak vir die rebellie.

Ons weet nie veel van hul Hottentotbeleid nie. Lichtenstein skryf: "It must be mentioned, to their credit, that during the whole time this state of anarchy continued, no real horrors were perpetrated, no cruel sentences inflicted either of death or of corporal punishment (38). Op 27 Augustus het die lede van die vergadering Van Jaarsveld gevra hoe die Hottentot-gevangenes behandel moes word. Hy het hulle na die Volkstem verwys, en die Volkstem het besluit dat die gevangenes na die Raad van Justisie gestuur moes word (39). Dit wil dus voorkom dat die rebelle nie wreed opgetree het teenoor die Hottentotte nie; maar ons kan wel aanneem dat hulle nie veel aandag sou gee aan klagtes van die Hottentotte nie.

Wat/....

(36) G.R. 1/2, 15.9.1795.
(37) G.R.1/1, Notule van Landdros en Heemrade, 30.3.1795.
(38) Lichtenstein: Travels, p. 457.
(39) G.R. 1/2 Notule van Landdros en Heemrade, 27.8.1795 en 14.9.1795

Wat ons deurgaans tref in die notule van die Heemraadsvergaderings in daardie tyd, is die nietighede waaroor hulle gepraat en delibereer het; soos Lichtenstein opmerk: "The protocol of their assemblies....exhibits a very curious picture of their proceedings, to which, how much soever they endeavoured to ape those of the Franch popular Assemblies, nothing similar can anywhere be found," en weer "they deliberated with a like air upon affairs of state as upon the affairs of their own private families." (40).

'n Interessante voorval het op 27 Augustus 1795 plaasgevind (41). Twee burgers, Smit en Enslin het in die vergadering gekom en ge-eis dat hulle toegelaat word om sitting te neem as Verteenwoordigers deur die Volkstem aangestel. Dog die ander Verteenwoordigers het niks daarvan geweet nie. Wie was dan die Volkstem, of het die liggaam nie in werklikheid enige seggenskap gehad in die aanstelling van hule verteenwoordigers nie?

Die rebelle het 'n hele aantal "vryheidsmosies" meestal op voorstel van Van Jaarsveld, aangeneem. Hulle het op 25 April hulle voorneme bevestig "hunne Eed voor de Staaten-TGeneraal van Holland getrouw te blyven, zulken te vernieuwen en Goed en Bloed zo als te vooren voor hooggemelde generaal staaten op te offeren." Op 13 Junie het hulle besluit om weer die ou Vryheidsgebed te lees, en die nuwe Hollandse Vryheidswette aan die Algemene Volkstem bekend te maak (42). By hierdie geleentheid wou sommige lede selfs hê dat al die lede 'n eed sou neem om op 15 Augustus gewapend te vergader, ten einde teen die Kaap op te ruk. Hierdie eed sou ook aan die Volkstem voorgelê word (43). Hierdie voorstel is egter verwerp, maar wys tog hoe ver sommige lede bereid was om te gaan.

Op 19 Augustus het Craig aan Dundas rapporteer dat die Britse vloot 'n sterk eskader van Hollandse skepe vasgekeer en oorgeneem het. Craig het groot belang hieraan geheg, omdat groot verwoesting kon plaasgevind het, indien hierdie magte kontak gemaak het met die grensboere (44). Kort daarna het Craig gerugte gehoor van

'n/...

(40) Lichtenstein: Travels, p.p.457 en 456.
(41) G.R. 1/2, 27.8.1795.
(42) G.R.1/2, 13.6.1796.
(43) G.R.1/2, 13.6.1796, B.O. 27, D. de Villiers (Sen.) 7.10.1796, p.p. 31-44.
(44) R.C.C.I. p.p.433-434.

'n opmars van gewapende boere van Graaff-Reinet na die Kaap. Gevolglik het hy Maj. King met 'n aantal troepe na Swellendam ontbied, ingeval die gerugte gegrond blyk te wees (45).

Maar die gerugte was ongegrond, want reeds op 22 Augustus het al die boere van Graaff-Reinet, behalwe die ingesetenes van Bruintjies-Hoogte en Suurveld, 'n brief aan die goewerneur gestuur, waarin hulle kapituleer het (46). Hulle het besluit "zig in den veyligen schuit van zÿne Majesteit van Groot Brittanje te begeeven en zig al den hoogen ordres van zÿne Excelentie te onderwerpen." Dit is opmerklik dat Van Jaarsveld die enigste verteenwoordiger was van Bruintjieshoogte.

Dit is nie met sekerheid vas te stel in hoever die fei feit dat die Hollandse vloot verslaan is en daar dus geen verdere hoop op buitelandse hulp vir hulle was, aanleiding gegee het tot die kapitulasie van die boere nie. Dit is moontlik dat daar wel 'n baie noue oorsaaklike verband was tussen die twee.

Reeds op 28 Oktober het Gerotz aan die Heem-en Krygsraad bekend gemaak dat die Engelse regering algemene indemniteit verleen het aan almal, behalwe Woyer. Van daardie dag af is alle vergaderings byeengeroep in die naam van "Zÿn Groot Brittanish Majesteit." (47).

Van Jaarsveld het kapituleer, H,D. Campagne is gevangegeneem, Woyer het gevlug (48). Op 12 November (49) het die boere van Bruintjieshoogte en Suurveld ook besluit om oor te gee, dog alleenlik op sekere voorwaardes. Hulle wou toegelaat word om hul gesteelde vee uit Kafferland te gaan terughaal; om oorkant die Visrivier, tot aan die Koonab - selfs tot by die Katrivier te bly; en om vrygespreek te word van agterstallige rekognisiegelde Hulle het ook gevra dat Bresler nie as Landdros aangestel moes word nie.

Craig se antwoord op hierdie brief was vriendelik dog streng. Hy het beloof dat die verlede vergewe en vergeet sou word. Maar enige poging om gesteelde vee uit Kafferland te gaan terughaal/..

(45) R.C.C.I, p.p. 445-453 en 453-455.
(46) B.O. 27, Burgers-Craig, 22.8.1796, p.9.
(47) G.R.1/2, Notule van Landdros en Heemrade, 28.10.1796; G.R.8/1 Craig-Gerotz, 12.7.1796.
(48) R.C.C.I, p.p. 459-460 en 426-427.
(49) R.C.C.I, p.p.478-481.

terughaal, sou meedoënloos bestraf word. Die Visrivier moes erken word as grensskeiding. Hy het geen rede gesien waarom Bresler nie as Landdros aangestel sou word nie, "and I cannot suffer you to dictate the nomination of a Landdrost." (50).

Die burgers van Bruintjieshoogte en Suurveld het op 14 Februarie 1797 in antwoord op hierdie brief onvoorwaardelik aan die Engelse bewind oorgegee (51).

Hiermee het die rebellie van 1795 ge-eindig - die burgers het misluk in hul poging om die gesag van die regering te verwerp.

Van Jaarsveld het deurgaans 'n leidende rol gespeel. Hy het aldrie keer die deputasies gelei na Maynier, De Wet en Bresler. Hy het die "vryheidsmosies" ingedien ân die vergaderings. In September 1796 het Craig as volg aan Gerotz geskryf: "Adriaan van Jaarsveld kon ook niet anders dan gevoelen dat zÿn gedrag op een bÿzondere wÿze bestraffelÿk is geweest - hÿ heeft de Brief van onderwerpinge die ik van U.E. het ontvangen meede geteekend, en ik heb derhalven geneegen volgens het algemene systhema van zachtheid het welk ik heb aangenoomen, zÿn gedrag te vergeeten.....Ik vertrouw dat hÿ dit ernstig zal overweegen en dat zÿn toekomstig gedrag toonen zal dat hÿ een behoorlÿk gevoel heeft van de zagtheid van dat gouvernement, het wel zulk een bestraffelÿk gedrag, zo als het zÿne is geweest, kon excusceren." (52).

Maar van Jaarsveld wou sy handelwyse verdedig. Rees op 4 Februarie het hy aan Maynier gesê dat hy gedwing is om te handel. In die inleiding tot sy brief (mede-onderteken deur A.P. Burger) aan Kommissaris de Wet, het hy verklaar dat hy die volksbesware onder dreigemente moes skryf. Bresler het van hom en die ander Verteenwoordigers geskryf: "All their wicked actions, they put to the account of another - although the people, or rather the unenlightened People, remains ignorant of the Proceedings of the Representatives, everything is, however, done in his name." David de Villiers (Sen,) skryf/...

(50) R.C.C.I, p.p. 478-481.
(51) B.O. 27, Burgers-Craig, 14.2.1797.
(52) G.R. 8/1, Craig-Gcotz, 12.9.1796.

skryf hoedat Van Jaarsvled in die Heemraadsvergadering van 15 Augustus, 1796 wou hê dat Verteenwoordigers moes teken (die Eed): "this was again a trick of Van Jaarsveldt's who wished that others, might sign that porper first, that, he afterwards, in time, could hav a pretext to say that he had been compelled to do so." (53).

Van Jaarsveld se brief van 15 November 1796 getuig (54) van die waarheid van wat Bresler en de Villiers gesê het. Hy verklaar dat hy nog al die tyd "den politiquen grond mÿner geheimen tot s lands beste indeezen akelÿken toestand, geen mensch hebben durven aanvertrouwen, m ar hebben ik in schÿn als voor de zaak, den misverstand en onrusten, hÿmelik moesten tegen werken, temeer, daar't Colegio gedwongen was, de Vergaderingen, die het Volk na haare believen kwam te vereischen, ten overstaan van haare verkoorene Representaten , moesten houden." Hy het met leedwese die dwaasheid van die volk moes aanskou toe hulle de Wet verjaag het "daar dog geen beklagelÿker staat voor Volk en Land weezen kan, als de regeeringsloosheid, daar dan een yder Dwaas den Meesterspeelt." Hy het die volk aangeraai om nie die Kommissaris te hinder nie - en dit het byna sy lewe gekos. In Maynier se tyd nog het hy geweier om hom met die sake van die rebellie te bemoei, maar is met geweld deur 8 man uit sy huis weggeneem. Hy verklaar dat dit aan De Wet en sy kommissie sowel as sekretaris va der Boel bekend was, daarom ook dat de Wet hom in Mei 1795 gevra het om aan te bly as krygsoffisier. Hy gaan verder: "Ja ik durfte wel met regt vragen, wie alhier ooit zoveel tot behoud van rust en veÿligheÿd voor zÿn Vaderland heeft gedaan als ik? Die den tÿd van twee en dertig agtereen volgende jaaren in posten, eerst als Corporaal, dan Veldwachtmeester, Veldcommandant, dan als Capitÿn en Heemrade het Land omsonst hebbe bediend, zonder mÿ ooit van eenig Eygenbelang te hebben bediend, maar wel daarbÿ mÿne bezittingen tot twee als nu weeder voor het derde maal hebbe moeten inschieten - zoo dat ik van grond aan weeder moest beginnen....Hoewel ik ook niet ontkennen dingen te hebben moeten doen die wel Scheinen tegens de Wetten te zÿn, egter is mÿn groot oogmerk onveranderlÿk gebleeven, om/...

(53) G.R. 1/1, 4.2.1795; V.C. 68, Van Jaarsveld en A.P. Burger: Memorie, p.113; B.O. 26, Bresler-Craig.

(54) B.O. 27, Van Jaarsveld-Craig, 15.11.1796., p.p. 83-86.

om daardoor de rust te kunnen bewerken, gelyk ik ten laasten goed vond, om alles wat het volk ook begeerte te doen, opdat nietemeer geloofd kan worden, wat reeds dikwyls gezegt was, waarom dan niet gedaan wierd wat zy hebben gewild, dat het dan wel beeter zoude uitvallen - dit is waarschynlik het uiterste middel geweest, waardoor de beroertens terstond een keer kreeg, daar toen veele het misverstand oogscheinlyk konden aanzien, niet als van slegte gevolgen te kunnen zyn, en voor den uitslag vreesde - zoodat het ryk zoodanig verdeelte, dat de klynste party terstond de grootste wierd, doe hebbe ik eerste durven onderstaan om myn oogmerk waar te neemen, en hebben een ieder met voorstellinge van alle kwaade gevolgen tot rust en vreede vermaand, waarop het aan de goedkeuringe van ons Colegie wier gelaaten." Toe het die kapitulasie van 22 Augustus gevolg. Hy ontken ook dat hy enige verbintenis met Woyer gehad het.

Dit is baie duidelik dat hierdie brief slegs 'n poging was om sand te gooi in die oë van die regering. Immers sy hele gedrag van 6 Mei 1793 af getuig van openlike, vrywillige teenkanting teen die regering. Hoekom sou van Jaarsveld homself dan probeer verontskuldig? Hoekom moes hy daaragter skuil dat hy gedwing is tot sy handelwyse? Hoekom het hy nie reguit met die oorsa sake vir sy teenkanting uitgekom nie? Lê die antwoord nie daarin dat hy nog steeds soos op 6 Mei 1793 geen werklike rede kon inbring waarom hy teen die regering gedraai het nie?

In die volgende hoofstuk sal ons nagaan hoedat Van Jaarsveld sy finale stap teen die regering gedoen het. Hy sou nou verlos word uit die hande van die gereg, deur die "rebelleerende bende."

- - - - - - -

# HOOFSTUK 7.

## VAN JAARSVELD SE ARRES EN DAARNA: (1799).

Bresler het op 30 Julie 1797 op Graaff-Reinet aangekom as Landdros. Hy beskryf sy ontvangs as "met alle tekenen van agting verschuldigde aan het caracter 't welk ik in den naam van zijne majesteits gouvernement bekleed." (1)

Op 7 Augustus het hy die burgers toegespreek en sy instruksies aan hulle voorgelees. Die vernaamse punte van sy instruksies ((2) was die volgende. Aangesien die regering die boere, wat in die Kafferoorlog en as gevolg van die Boesmansstrooptogte gevoelige verliese gely het, tegemoet wou kom, het die regering besluit om konsessies aan hulle te maak. Die boere van Bruintjieshoogte en Camdebo is vrygespreek van alle agterstallige rekognisiegelde, maar moes voortaan gereeld hul belastings betaal. Die boere van Suurveld, Tarka, Zwagershoek, Sneeuwberge en Nieuweveld is vrygestel van alle agterstallige rekognisiegelde, en sou vir die volgende 6 jaar geen belastings op hul grond hoef te betaal nie. Die enigste voorwaarde hieraan verbonde was dat hulle hul plase binne 6 maande weer moes bewoon. Indien hulle nie hul plase binne hierdie tydperk bewoon nie, sou hulle alle reg op die grond verbeur. Verder is aan Landdros beveel dat "nothing is to occupy the attention of the Landdrost...more than the preservation of peace with the Caffers." Hy moes sy bes doen om die segregasiebeleid en die vredespolitiek te handhaaf (3). Hy moes ook probeer vrede maak met die Boesmans, maar idnien dit nie moontlik was nie, moes hy hulle met wapengeweld teengaan.

Die skare was gereed om hulle hieraan te onderwerp (en inderdaad die terme was baie billik onder die omstandighede). 148 Persone het by hierdie geleentheid die Eed van getrouheid aan die Britse regering afgelê "met blÿken van bereidvaardigheid."(4).

By/...

(1) B.O.27, Bresler - MaCartney, 8.8.1797, p.187.
(2) R.C.C.II, Instruction to Landdrost Bresler, 20.6.1797.
(3) Bresler het reeds voor sy vertrek van die Kaap hierdie beleid self voorgestel (B.O.27, Bresler-MacCartney, 1.6.1797, p.p. p.151-158).
(4) B.O.27, Bresler - Macartney, 8.8.1797, p.p.187-193.

By sy aankoms het Bresler ongunstige rapporte ontvang i.v.m. die Kaffers. Gevolglik het hy besluit om so gou moontlik met Sir John Barrow, wat hom spesiaal vir die doel vergesel het, na Kafferland te gaan, en indien moontlik 'n vredesverdrag met die Kaffers aangegaan (5). Op 11 Augustus het hulle, vergesel van 2 heemraadslede, na Swartkopsrivier vertrek.

Hierdie kommissie het blykbaar nie veel uitgevoer nie. Hulle het verskeie kapteins gespreek, maar verklaar dat hulle onbereid was om te trek, omdat hulle vir Gaika bang was. Daarna het hulle vir Gaika self besoek, en het later verklaar dat hulle aangenaam verras was oor sy besonder gunstige houding teenoor die boere. Hy het beloof om die ander kapteins toe te laat om vrylik oor sy grond terug na Kafferland te trek. Verdere onderhandelings is deur wagmeesters Jan du Plessis en H.J. van Rensburg aangegaan, maar hulle het min uitgevoer. Die Kapteins, met hulle gevolg was nog ten weste van die Visrivier.

Op hierdie reis het 'n hele aantal persone die Eed van getrouheid voor hom afgelê en teen 10 Oktober 1797 het reeds 615 persone die Eed geneem (7).

In September 1798 het Bresler verklaar dat daar nog steeds rus en vrede in die distrik heers. Die Boesmans het, volgens hom, nog steeds verwoed aangeval; maar die Kaffers het nog geen openlike vyandelikhede gepleeg nie, alhoewel hulle nog nie na die ooste van die Visrivier getrek het nie (8).

Vroeg in die jaar 1799 toe Van Jaarsveld arresteer is, is hierdie rustige toestand verstoor.

Van Jaarsveld het 'n verband van 10,000 guldens by die Weeskamer in die Kaap op sy plaas, Vrede, gehad. In 1794 het hy agterstallige rente betaal tot 31 Desember 1791. Hierna het hy sy rente laat ophoop en op 30 Maart 1798 het die regersbode, Gustaaf Erling aan hom 'n dagvaring gebring, waarin hy gelas is om die hele kapitaal, met al die agterstallige rente van 31 Desember 1791 terug te betaal. Van Jaarsveld het toe beswaar gemaak dat hy/..

(5) B.O.27, Bresler-MaCartney, 8.8.1797, p.p.191-195;
G.R.1/2 Notule van Landdros en Heemrade, 20.7.1797.
(6) B.O. 27, Bresler-Macartney, 7.9.1797, p.207 e.v.
(7) B.O. 27, Bresler-Macartney, 13.10.1797, p.275.
(8) B.O.27, Bresler-Van Jaarsveld, 1.9.1798, p.607, e.u.

hy reeds rente tot 31 Desember 1794 betaal het. By nadere ondersoek het dit geblyk dat hy die kwitansie vervals het. Hy is toe op 31 Mei 1798 gedaag om binne 6 maande voor die Raad van Justisie in die Kaap te verskyn om verantwoording te doen hiervoor. Toe hy op 29 November egter nie in die Kaap opdaag nie, het die Fiskaal vir Bresler beveel om Van Jaarsveld te arresteer; op 17 Januarie 1799 is die bevel uitgevoer. By sy inhegtenisneming het Van Jaarsveld om uitstel gevra, aangesien sy vrou se siekte hom verhinder het om Kaaptoe te gaan. Maar Bresler moes egter sy bevele gehoorsaam. Daarop het die gevangene vervolg: "Myn Heer! Ik vrees dat dit een roering onder de menschen zal geeven." Daarna is hy in die drosdy toegesluit en het die volgende dag onder begeleide van 'n sersant en twee dragonders, en sekretaris Oertel op pad na die Kaap vertrek. (9)

Op die 19de het Bresler berig ontvang dat sekere boere besluit het om Van Jaarsveld met geweld te bevry. Gevolglik het hy dadelik 'n korporaal en 4 dragonders gestuur om die eskort te versterk. Ook het Bresler op die 20ste die mense in Graaff-Reinet, onmiddellik na die kerkdiens, bymekaar geroep en aan hulle die volle toedrag van sake met betrekking tot die arrestasie van Van Jaarsveld meegedeel, en hulle gewaarsku om hulle nie aan gerugte te steur nie.

Die Korporaal en sy 4 dragonders het op die 21ste teruggekeer, met 'n brief van sekretaris Oertel dat alles nog vreedsaam was (10).

In die tussentyd het Marthinus Prinsloo, nadat hy van die arres van Van Jaarsveld gehoor het, 'n bende van ongeveer 30 boere kommandeer om gewapend by die plase van Jacob en Carel Erasmus te vergader, teneinde daarvandaan uit te gaan om Van Jaarsveld te verlos (11).

Op die 21ste het hierdie burgers die eskort by Carreebosch ingehaal. Hulle het omtrent 100 tree van die wa stilgehou/...

(9) R.C.C. III, "Criminal Claim and Conclusion made and demanded by the Fiscal, vs. Marthinus Prinsloo and his accomplices p.213 e.v. (ons verwys slegs na die Art. soos hierin verdee R.C.C. III, Art. 44-45; C.J. 639, p.227 (hierin vind ons die vrae wat aan Van Jaarsveld en die ander gevangenes na die rebellie deur die Fiskaal gestel is).
(10) R.C.C. III, Arts. 46-64.
(11) C.J. 639, p.231 (Van Jaarsveld se getuienis).

stilgehou en twee mans vooruitgestuur om van Oertel te eis dat Van Jaarsveld aan hulle oorhandig word, met die dreigement dat hulle geweld sou gebruik indien Oertel weier om aan hulle eis te voldoen. Oertel en die sersant, het geweier om toe te gee, omdat hulle bevel gekry het, om Van Jaarsveld eerder te skiet as om hom af te gee. Hierna het Prinsloo en die res van die manskappe nadergekom, en die dreigemente herhaal. Oertel het hulle tot besinning probeer bring deur aan hulle die redes vir Van Jaarsveld se arres voor te lê, dog tevergeefs; Prinsloo het sy eis herhaal, en bygevoeg dat daar nog 'n tweede saak was wat reeds tot by Langkloof gegaan het "en die ten eersten zal uitbreeken." Die sersant was nou verplig om toe te gee. Van Jaarsveld is bevry uit die hande van die gereg (12).

Dit blyk duidelik uit die antwoorde van die gevangenes by hul ondervraging in 1800, dat daar voor die arres van Van Jaarsveld reeds 'n komplot aan die broei was. Van Jaarsveld se arres het hierdie komplot ontydig tot 'n uitbarsting laat kom.

Marthinus Prinsloo het erken dat hy so vroeg as 7 Desember 1797 (?) 'n brief van veldwagmeester Jan Strydom gekry het, waarin o.a. die volgende woorde voorkom: "....dat U.E. volgens onze afspraak Enige manschappen kund Commandeeren na uw goeddunken." Na ontvangs van hierdie brief het Prinsloo aan De Buys geskryf "dat hÿ uit die Kaffers moest komen, om als een goede burger onder de Christenen te woonen." (13).

Cornelis Edeman, 'n skoolmeester aan die Kaap, het erken dat hy op 28 Mei 1798 onder andere aan Prinsloo geskrywe het "dat hÿ hoopte God alle Uwe, benevens, alle Uwe mede burgers pogingen zegenen zal." (14).

Barend Bester het bevestig dat hy in September 1798 a van die Kaap teruggekeer het, met 'n brief van Edeman, waarin hy berig dat 3 perde-regimente en 2 regimente van voetvolk na Indië gestuur is, dat die troepemag aan die Kaap baie swak was en dat "er thans geleegenheid genoeg om de Kaap van de onderdrukking te verloste/....

(12) R.C.C.III, Arts. 64-105; C.J.640, p.p.217-220; B.O.26, Examination of Oertel by the Fiscal, 16.2.1799,p.p.111-113
(13) C.J. 639, p.p.708-709.
(14) C.J. 640-p.p. 278-279.

verloste." (15) Edeman het self erken dat hierdie brief vol onwaarhede was, "en dat dezelve kan strekken om de gistende gemoederen op te hitzen." (16).

Teen hierdie tyd het die burgers in Graaff-Reinet ook gehoor van die verwoestende brand in die regeringstalle aan die Kaap, waardeur 'n groot aantal kavallerie-perde gedood is (17).

Al hierdie berigte het gelei tot verdere sameswerings. G.E.C. Koch het in sy verklaring beweer dat hy reeds in Augustus en September 1798 vir Bresler gewaarsku het dat hy op sy hoede moes wees, omdat die ou "Patriotisme" weer aan opkom was. (18). Voor 12 Desember het Prinsloo aan Buys, wat toe as banneling in Kafferland gebly het, geskryf dat hy moes terugkom "om pardon te versoeken." (19). Ongeveer hierdie tyd, volgens, P.A. Rautenbach, het M. Prinsloo en Jan Botha, Eenhand, mekaar op sy plaas gespreek. By hierdie geleentheid het Prinsloo aan Botha gesê: "dat hÿ wenschte dat de menschen het eens waaren, want dat hÿ daaraan de hooge regeering zoude schrÿven, dat de menschen hem gedwongen hadden en dat hy nu zÿn voortgang zoude neemen met byvoeging dat de menschen hem tot hun Commandant moesten kiesen(20)"

Hierna het Jan Botha 'n brief geskryf aan Barend Bester en Marthinus Prinsloo, waarin voorgestel is "om nu de oude patriotisme welke men in de steek had gelaaten weder op te nemen." (21) Van Jaarsveld het erken dat hy ook destyds hierdie brief ontvang het (22).

Die komplot was dus reeds ver gevorder toe Van Jaarsveld arresteer is. Uit sy woorde aan Bresler by sy arres, sowel as uit Prinsloo se uitlating by Van Jaarsveld se bevryding, kan ons aflei dat laasgenoemde ook reeds in die komplot betrokke was.

Nadat Van Jaarsveld bevry is, het hy met die bende van sy verlossers na Dirk van den Berg se plaas gegaan. Hier het Van Jaarsveld, op versoek van Prinsloo, 'n brief aan Barend Burgers geskryf, om hom te versoek om by hulle aan te sluit, en hom in kennis te stel "dat de groot intentie" van voorheen weer sou verskyn en/..

(15) C.J.639; C.J.640, p.285.
(16) C.J.640, p.p.282-283.
(17) R.C.C.III, Art.499; sien R.C.C.II, p.261: War Office-Macartney 18.6.1798.
(18) C.J.639, p.264.
(19) C.J.639, p. 369.
(20) C.J.639, p.p.396-397 (P.A.Rautenbach se getuienis).

21/..

(21) R.C.C. III, Arts. 474-478, C.J. 639, p.224 en p.397.
(22) C.J. 639, p.p.779-791.

*.*.*.*.*.*.*.

---

en dat Malta, Bengale en Ceylon in Franse hande geval het (33). Hier is nog 'n brief geskryf, uit naam van die "Volkstem", waardeur sekere persone gedaag is om op 25 Januarie gewapend byeen te kom (34).

Prinsloo en Van Jaarsveld is hiervandaan met ± 100 man na die Twcede Drif, naby die drosdy (35). Die Landdros en Heemrade het op 25 Januarie besluit om 2 van hul lede af te vaardig om ondersoek in te stel na die rede vir hierdie byeenkoms. Aan hulle is vertel dat die burgers wou weet waarom Van Jaarsveld arresteer is, en enige billike versoeke wou doen. Daarna het die burgers vir A.P. Burger, Marthinus Prinsloo, B.B.J. Bester en J.P. van der Walt afgevaardig om hierdie versoeke voor die vergadering te lê. Landdros het hulle daarop gewys dat Van Jaarsveld arresteer is op 'n aanklag, wat nie ongestraf kon bly in 'n land waar wet en orde gehandhaaf word nie. Die afgevaardigdes het toe aangebied om borg te teken vir Van Jaarsveld. Daarna het hulle hul billike versoeke voorgelê, naamlik dat sekere boere toegelaat word om oorkant die Visrivier te woon weens die heersende droogte. Bresler het geen voldoende mag tot sy beskikking gehad nie, en moes dus toegee. Daarna is Van Jaarsveld binnegelaat. Hy het homself probeer verontskuldig, maar die Landdros het gou bemerk "dat dit niets anders was dan dese Vergadering op te houden met niets beduidende heeden en voorwendzels," en het hom na die Raad van Justisie verwys.

Daarna het sommige boere na Prinsloo se plaas vertrek, waar hulle besprekings gevoer het met Jan Botha en De Buys, (Laasgenoemde het op Prinsloo se versoek uit Kafferland gekom(37). Hulle het hier besluit om die "ou patriotisme" te laat herlewe; hulle het uit die naam van die "Algemeene Volkstem" vir J.P. van der Walt, van Swellendam, versoek om hulle te kom help; en hulle het omsendbriefies na verskeie boere gestuur, om hulle te las om op

12/...

(33) C.J. 639, p.p.779-791.
(34) R.C.C.III, Arts. 115-117.
(35) C.J.639, p.234.
(36) G.R.1/2 Notule van Landdros en Heemrade, 25.1.1799;

R.C.C./

R.C.C.III, Arts. 120-137; R.C.C.II, Bresler-Dundas, 25.1.1799, p. 349.
(37) C.J. 639, p.323 (J.I. Bonte se getuienis).

*.*.*.*.*.*.*.*.

12 Februarie gewapend by Graaff-Reinet te wees (38).

Van Jaarsveld, Prinsloo, De Buys e.a. het op 10 Februarie by Jan Bosch vergader. Hier het hulle besluit om die Landdros aan Buys te oorhandig om na Kafferland te vervoer( 39).

Daar het egter min manskappe op 12 Februarie opgedaag en gevolglik moes die leiers hul planne uitstel tot die 17de. Die boere van Sneeuwberg veral het versuim om op te daag, en veldkommandant H.J. van Rensburg, veldkornet Thomas Dreyer, en ander, het die Landdros openlik gesteun (40).

Hierna het de Buys, Van Jaarsveld en die ander leiers gerugte versprei, as sou die Landdros die Kaffers teen die boere opgehits het (41). Hulle het andere gelas om op die 17de op te kom, op straf van as landverraaiers bestempel te word (42).

Op die 17de was daar ± 100 man bymekaar op die plaas van Barend Burgers onder aanvoering van De Buys en Van Jaarsveld (43). Eerw. Ballot het na hulle gegaan om hulle te wys op die verkeerdheid van hul handelwyse, maar hy het slegs baie gedeeltelik in sy voorneme geslaag. In werklikheid is hulle alleenlik teruggehou van die uitvoering van hul oorspronklike plan (nl. om die Landdros na Kafferland te vervoer (44), deur die tekort aan manskappe (45).

Op die 18de en 19de het hulle afgevaardigdes na die heemraadsvergadering gestuur. (1) Hulle het weer versoek om oorkant die Visrivier te mag bly; (2) hulle het sekere hottentotte, wat by die drosdy was, as hulle werkvolk ge-eis; (3) Hulle het ge-eis dat geen verdere geskenke aan die Kaffers gestuur word nie, en dat boodskappe na die Kaffers alleenlik deur 'n betroubare burger, wat deur sy mede-burgers goedgekeur is, moes geskied; (4) hulle het vryspreking ge-eis vir De Buys en Van Jaarsveld.

Onder/....

(38) R.C.C. III, Arts. 144-170.
(39) RIC.J. 639, p.237.
(40) C.J. 639, p.238 (Van Jaarsveld se getuienis).
(41) R.C.C.III, Arts. 182-191.
(42) R.C.C.III, Arts 170-182.
(43) Volgens Eerw. Ballot was Van Jaarsveld die eintlike aanvoerder (B.O.26, Ballot-Fiscal, 24.2.1799, p.p.115-117).
(44) C.J.639, p.237 (Van Jaarsveld se getuienis).
(45) R.C.C.III, Arts 200-226.

Onder die omstandighede, het Bresler besluit om gedeeltelik toe te gee, en hul versoeke aan die regering oor te dra (46).

Ongeveer 30 manne is toe langs die Kaapse pad stasioneer, en 30 manne, onder aanvoering van Gerrit Rautenbadh is na Swartkopsbaai gestuur, om enige opmars van die Engdse troepe te stuit (47). 'n Paar dae later het Jan Botha ook na Swartkopsbaai vertrek, om die organisasie van 'n kamp by Koega te onderneem. Vanhier kon hulle enige troepe wat by Swartkopsbaai mog land weerstaan. Buys het omstreeks hierdie tyd na Kafferland vertrek, om die hulp van die Kaffers in te roep (48).

Maj. Genl. Dundas het 'n troepemag na Graaff-Reinet gestuur, na hy van die onluste gehoor het. Die een deel van hy mag het oor die land en die ander oor die see gegaan, onder bevel van Genl. Vandeluur. Hy het op reis 'n proklamasie uitgevaardig, waarvolgens niemand toegelaat sou word om deur die Attaquas kloof te gaan nie. Hierdeur het hy seker gemaak dat die manne van Swellendam nie by die Graaff-Reinetse boere aansluit nie (49).

Op hierdie tydstip was Van Jaarsveld by Prinsloo se plaas. Hiervandaan het hulle verskeie briewe gestuur om manne aan te moedig om gewapend na Koega te gaan (50). Sodra hulle gehoor het van die Britse troepemag wat aan opruk was, het hulle saam 'n brief aan die Landdros en Heemrade gerig, waarin laasgenoemde gelas is om die troepe te beveel om terug te draai. Hulle het die volgende naskrif bygevoeg: "Als de minste gerugte van pandoere blikt, rukt Buys met de gantsche Cafferland daarop los (51)".

Toe het Van Jaarsveld self na Koega gegaan, maar moes weens ongesteldheid omdraai. Volgens Willem Prinsloo het Van Jaarsveld en Jan Strydom by hom in die huis ingegaan, beskonke daaruit gekom, "met malkander rusie maakende," maar Van Jaarsveld kon hom nie oorhaal om by hulle aan te sluit nie. Marthinus Prinsloo verklaar dat Van Jaarsveld na 6 dae aan hom rapport gedoen het, dat hy Jan Botha op die pad ontmoet het en dat hy aan hom vertel het/....

(46) R.C.C. II, Bresler-Dundas, 19.2.1799, p.p. 364-366; G.R.1/2-Notule van Landdros en Heemrade, 19.2.1799.
(47) R.C.C. III, Arts. 226-246; R.C.C. II, p.p. 392-394.
(48) R.C.C. III, Arts. 246-261.
(49) R.C.C. II, Dundas-Bresler, 23.2.1799, p.p. 366-367; Proclamation, 17.2.1799, p.p. 358-359.
(50) C.J. 639, p.p. 244-246 (Van Jaarsveld se getuienis).
(51) C.J. 639, p. 252. do.

het "dat er een groot gedeelte van de Kaffers bỳ de Burgers tot hulp aan de Koega was."(52).

Prinsloo het toe 'n brief aan die burgers van Swellendam laat skryf, waarin hy hulle versoek om hulle te kom help. Hierin het hy ook gemeld dat die hele van Kafferland aan hulle kant was (53).

Ten spyte van al die pogings deur Van Jaarsveld en Prinsloo aangewend om die burgers by die Kamp te Koega te kry, was die opkoms baie onbevredigend en heeltemal onvoldoende. Gevolglik het Vandeleur geen weerstand hoegenaamd van die boere ondervind in sy opmars van Swartskopsbaai nie, en op 19 Maart het hy, tot groot vreugde van Bresler, by die drosdy aangekom (54).

Van Jaarsveld, Prinsloo en 16 ander voormanne van die opstand is vroeg in April gevangegeneem en na die Kaap vervoer (55).

(52) C.J.639, p.p.248-249 (Van Jaarsveld se getuines).
(53) R.C.C.III, Arts. 315-347.
(54) R.C.C.III, Arts. 348-361.
(55) B.O. 26, Vandeleur-Barrow, 8.4.1799, p.192.

- - - - - - - - - - - -

# HOOFSTUK 8.

## DIE SLOTTONEEL (1800).

Van Jaarsveld het sy rol klaar gespeel.

Drie feite is uitstaande in sy lewe: (1) Hy was voor 1790 'n voorbeeldige burger, 'n handhawer van wet en orde en 'n gesiene boer; (2) Hy het omstreeks 1790 kennis gemaak met die filosofiese leerstellings, wat dié tydvak in die wêreldgeskiedenis gekenmerk het; (3) hy het van 1793 teen die regering gedraag; sodoende het hy al meer tuis begin voel by die groep, wat hy voor 1790 bestempel het as 'n rebellerende bende", totdat hy by 1799 selfs gereed was om saam te werk met manne soos Woyer, Campagne en die wettelose en sedelose Coenraad de Buys.

Die "rebellerende bende" het nooit in hul optrede verbeter nie. Die beskuldigings wat hulle voor 1786 teen Van Jaarsveld ingebring het, het hulle ook teen Maynier, De Wet en Bresler ingebring (1), en die eise wat hulle voor 1786 aan Van Jaarsveld gestel het, het hulle nog by 1799 aan dieregering gestel (2).

Dat Van Jaarsveld, en sy handlangers, voortdurend na 1791 deur die filosofiese leerstellings beïnvloed is, blyk uit latere uitlatings en geskrifte (3), en ook uit die name en titels wat hulle na 1795 gebesig het (soos "die Volkstem", "Verteenwoordigers van die Volk" ens).

Die slotsom waartoe ons dus geraak, is dat Van Jaarsveld na 1790 gestadig verander het van 'n regeringsvoorstander tot 'n rebel, en dat hierdie verandering bes moontlik begin en voortgesit is onder invloed van vreemde filosofiese dogma's, wat hy nie ten volle begryp het nie. Ons word in hierdie vermoede versterk deur die feit dat Van Jaarsveld nooit enige grondige en spesifieke redes kon inbring vir sy optrede na 6 Mei 1793 nie. Daarenteen; hy het altyd homself probeer verontskuldig, en sy gedrag aan iemand anders probeer toeskryf. Selfs tydens sy verhoor, het Van Jaarsveld hiermee volgehou. Hy het erken dat die regering hom in 1796 genadiglik vergewe het; hy het erken dat sy gedrag, "ten hoogsten misdadig" was; dog hy het dit alles "met geen opzettelyke intentie" gedoen nie, maar/...

(1) Vgl. p. 41 en p.p. 60-65, 68-69; 75.
(2) Vgl. p. 19 en p.p. 60-61, 63, 65; 69, 88.
(3) B.V. Van Jaarsveld se woorde op 6 Mei 1795 "ik moet maaken voor/...

voor populaire beroertes" (sien p. 29 ); brief van Van Jaarsveld en A.P. Burger, 10.8.1794 (sien p. 55-56); "Te Zamenstemming" (sien p. 61-63); brief van 16.5.1795 aan O.G. de Wet (sien p. 63 ); "Propositie" aan Bresler, 22.3.1796 (sien veral voetnoot op p. 75 ).

---

"maar door dwang van Coenraad Buys en voorheen ook van andere."(4). Hierdie verontskuldigings kon slegs geskied het omdat hy geen ander wettige redes vir sy gedrag kon aanvoer nie.

Die slottonele van sy lewe is tragies. Na meer as twee jaar van wag in 'n ongesonde gevangenis is hy in 1800 verhoor en as gevolg gevonnis, saam met die leier van die eertydse "rebellerende bende": "It is therefore that the Worshipful Court of Justice ,.....doing Justice in the Name of His Brittanic Majesty, Condemn the prisoners to receive the following punishment, viz. The 1st and 2nd prisoners Marthinus Prinsloo and Adriaan van Jaarsveld to be brought to the place where Criminals are executed, and being delivered over to the Executioner, to be hanged until death ensueth; that after that the 2 Corpses shall be placed in a Coffin and buried underneath the Gallows behind the lines." (5)

Craig het geweier om hierdie uiterste vonnis te voltrek. Kort daarna is Van Jaarsveld in die gevangenis oorlede (6).

Hoe jammer dat veldkommandant Adriaan Van Jaarsveld, in plaas van 'n handhawer van wet en orde in Graaff-Reinet, moes sterf in 'n tronk, met die doodvonnis op sy hoof.

(4) C.J. 639, p.p. 254-255.
(5) R.C.C. III, "Criminal Claim and Conclusion made and demanded by the Fiscal against Marthinus Prinsloo and his accomplices," p. 295.
(6) Walker: History of South Africa, p. 140 (voetnoot 5).

- - - - - - - - - -

LITERATUUR- EN BRONNELYS.

A. PRIMÊRE BRONNE:

1. Uitgegewe:

Theal G.M. (Ed.) "Records of the Cape Colony." 36 vols. 1897-1905."

Moodie D. (Ed.) "The Record; or, A Series of Official Papers relative to the Condition and Treatment of the Native Tribes of South Africa, Parts I, III, V. 1838-41.

2. Onuitgegewe:

(Al hierdie dokumente is in die Kaapse Argief geraadpleeg).

(a) Politieke Raad (Afkorting C).

C.78: Resolutien, Raad van Politie, 1785.
C.80: do. do. 1786.
C.85: do. do. v 1789.
C.96-98: Resolution do. 1792.
C.101-108: do. do. 1793-1795.
C.218: Bylagen tot de Resolutien, Raad van Politie, 1794.
C.280: Requesten en Nominatien, 1783.
C.311: Memorien en Rapporten, 1778.
C.687: Origineel Placcaat Boek, deel VIII.

(b) Swellendamse Argief (Afkorting S.W.).

S.W. 1/5: Kladnotule van Landdros en Heemrade, 1789-1804.
S.W.12/2: Ekstrak-Resolusies van die Politieke Raad, 1790-1795.

(c) Graaff-Reinetse Argief (Afkorting G.R.).

G.R. 1/1: Notule van Landdros en Heemrade, 1786-1795.
G.R. 1/2: Notule van Landdros en Heemrade, 1795-1802.
G.R.1/9: Notule van die Krygsraad met bylae, 1787-1795.
G.R.8/1: Letters from Governor and Council of Policy, 1785-1803.
G.R.9/1: Letters from Government Departments, 1788,1789, and 1785-1803.
G.R.11/26: Letters from Landdrost and Heemraaden, Graaff-Reinet, 1789-1867.
G.R.12/2: Letters and Reports from Field Cornets, Veld Wagmeesters, Veld Commandants and Private Individuals, 1782-1794.
G.R.13/2: Letters received from Private Individuals, 1781-1800.
G.R.14/1: Extracts from Resolutions of Council of Policy, 1786-1794.
G.R.16/1: Letters Despatched by Landdrost and Secretary, 1786-1827.

(d) Stellenboschse Argief (Afkorting St.)

St. 10/4: Inkomende Briewe van Goewerneur en van Politieke Raad, 1759-1785.
St.10/162: Inkomende Briewe van Veldwagmeesters i.v.m. Rowery van Boesmans, 1773-1793.
St.13/8: Notule van die Krygsraad, 1769-1777.
St.13/9: Notule van die Krygsraad, 1777-1784.
St.13/13: Inkomende Briewe, 1780-1797.
St.20/2: Uitgaande Briewe, Landdros en Heemrade.

(e)/....

(e) "British Occupation Documents"(Afkorting B.O.).

B.O. 26: Disturbances in the Interior of the Colony, 1795-1802.
B.O. 27: Letters from Graaff-Reinet, 1802.

(f) Council of Justice (Afkorting C.J.)

C.J. 639: Minuut Proces Stukken, 1800.
C.J. 640: do. do.

(g) Verbatim Kopieë (Afkorting V.C.)

V.K. 68: Brieven en Bylagen van den Commissaris, A.J. Sluysken (3de en 4de deel).
V.K. 76: H.D. Campagne, Berigt nopens den oorsprong, voortgang en ruptures der Kaffers, 1797.

---

SEKONDÊRE BRONNE:


Barrow J.: "Travels into the Interior of Southern Africa," 2 vols. 1844.
Cory G.E.: "The Rise of South Africa", 5 vols. 1910-30.
Lichtenstein H.: "Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806"2vols (Van Riebeeck Society) 1928-30.
MacCrone I.D.: "Race Attitudes in South Africa - Historical, Experimental and Psychological studies,"1937.
MacMillan W.M.: "Bantu, Boer and Briton. The making of the South African Native Problem." 1929.
MacMillan W.M.: "The Cape Colour Question: A Historical Survey." 1927.
Roux P.E.: "Die Verdedigingstelsel aan die Kaap onder die Hollands-Oosindiese Kompanjie." 1925.
Schoeman A.E.: "Coenraad de Buys: The First Transvaler." 1938.
Theal G.M.: "History and Ethnography of Africa south of the Zambesi from ...1505 to...1795." 3 vols. London 1910.
Theal G.M.: "The History of South Africa since 1795." 5 vols.: vol.I London 1908.
Van der Merwe P.J.: "Die Trekboer in die Geskiedenis van die Kaapkolonie (1657-1842). 1938.
Van der Merwe P.J.: "Die Noordwaartse Beweging van die Boere voor die Groot Trek (1770-1842).1937.
Van der Merwe P.J.: "Die Kafferoorlog van 1793. 1940.
Walker A.E.: "A History of South Africa." 1940.
Wierings P.A.C.: "De Oudste Boeren-Republieken, Graaff-Reinet en Zwellendam (1775-1806).